

## **Hoofstuk 1: Algemene inleiding tot die ondersoek**

### **1.1 Inleiding**

“The cries of the children would deafen us if we allowed ourselves to hear them. The silent screams of sexually abused children are all around us. But we don’t hear them. Perhaps we can’t hear them – perhaps we have become immune to that ultimate treachery. Perhaps we can’t believe that in a civilised world such degradation goes on around us, under our noses, in our streets, in our churches, in our schools, but mostly and most destructively, in our families. Surely it can’t be happening?” (Brown, 1998:11).

Dit was eers vandat die navorser aangestel is as maatskaplike werker in Somerset-Wes by PATCH (Prevention and Treatment of Child Abuse in the Helderberg) in 2001, dat die navorser ‘n werklike beeld kon vorm van die omvang en skokkende hoeveelheid verwysings van seksuele misbruik van kinders. Geweld teenoor kinders is egter nie ‘n nuwe verskynsel nie (Pienaar, 2000:19). Vanaf die 1980’s, het seksuele misbruik van kinders, ‘n onderwerp wat selde ter sprake was, tot ‘n beduidende tendens ontwikkel. Volgens die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn (1997:60) is die werklike omvang van kindermishandeling en kinderverwaarlosing nie bekend nie as gevolg van ‘n ongekoördineerde registersisteem, onderaanmelding, ‘n tekort aan ‘n sentrale register en wisselvallige navorsing.

Intervensie kan nie maklik voorgeskryf en aangebied word soos resepte in ‘n kookboek nie. Beide die kliënt en die terapeut as individue het kwaliteite wat die terapeutiese proses affekteer. Terapeutiese dienste aan slagoffers van seksuele geweld is ‘n kritiese behoefte landwyd. Die emosionele wonde van kinderslagoffers van seksuele misbruik, is veel erger as die fisiese wonde (Winton & Mara, 2001:162). Intervensie is belangrik, want dit kan ‘n positiewe impak en verandering in die kind se ontwikkeling – emosioneel, persoonlik, sosiaal en geestelik – teweeg bring.

Die navorser hoop dat met die ontwikkeling van 'n spelterapieprogram vir dienslewering aan die adolessente dogter wat seksueel misbruik is, baie slagoffers van seksuele misbruik sal baat by die navorsing, asook ander maatskaplike werkers wat van die program gebruik sal maak tydens dienslewering aan die seksueel misbruikte kind. In hierdie hoofstuk word daar aandag gegee aan die motivering vir die keuse van die onderwerp, die probleemformulering, doel van die studie, hipotese, navorsingsbenadering, soort navorsing, navorsingsontwerp, navorsingsprosedure en werkswyse, die voorondersoek, etiese aspekte, definisies van die hoofkonsepte en die indeling van die navorsingsverslag.

## **1.2 Motivering vir die keuse van die onderwerp**

Gemotiveer deur die hoë voorkomssyfer van seksuele misbruik van kinders en die gevolge daarvan op die kind, het die navorser besluit om 'n spelterapieprogram vir dienslewering aan die adolessente slagoffer van seksuele misbruik te ontwikkel, te implementeer en te evalueer. Volgens Advokaat Thoko Majokweni (2000:4) is kindermishandeling, onder andere seksuele misbruik van kinders, 'n epidemie wat almal in die samelewing beïnvloed. Dit is 'n sosiale probleem wat die normale funksionering van gemeenskappe benadeel en die groei en ontwikkeling van kinders tot verantwoordelike lede van die samelewing in die nabye toekoms mag verhinder.

Die navorser het tweedens besluit om op die ontwikkelingsfase adolessensie te konsentreer omdat PATCH (Prevention and Treatment of Child Abuse in the Helderberg) se jaarverslae, 1 April 2000 tot 31 Maart 2001, 1 April 2001 tot 31 Maart 2002, 1 April 2002 tot 31 Maart 2003, 1 April 2003 tot 31 Maart 2004 asook die jaarverslag daarna, 1 April 2004 tot 31 Maart 2005, aantoon dat die meeste innames, kinders in die ouderdomsgroep 13-15 jaar was. Die navorser het adolessente vir die navorsing geselekteer wat nie langer as vier maande voor die verwysing na PATCH, seksueel misbruik is. Vanuit professionele praktykervaring met seksueel misbruikte kinders, het dit onder die aandag van die navorser gekom, hoe moeilik dit vir sommige adolessente is om verwante sake en gevoelens ten opsigte van die seksuele misbruik aan te spreek.

Die navorser het besluit om adolessente dogters as respondente te selekteer, aangesien die meerderheid adolessente wat seksueel misbruik is, wat na PATCH verwys word, vroulik is. Baie min adolessente seuns onthul seksuele misbruik en word na PATCH verwys. Die navorser is van mening dat 'n moontlike verklaring hiervoor kan wees dat sommige adolessente seuns bang is dat indien hulle onthul dat hulle deur dieselfde geslag persoon seksueel misbruik is, dat mense sal dink dat hulle homoseksueel is. 'n Ander geloof wat die manlike adolessent kan internaliseer, is dat alle seksuele aktiwiteite goed is vir 'n man. Wanneer 'n volwasse vrou dus 'n onervare seun seksueel misbruik, kan dit gesien word as voordelig deur sy vriende. Die navorser is ook van mening dat die geloof dat manlike slagoffers oortreders word, ook die adolessente seun kan weerhou om seksuele misbruik te onthul.

Die navorser is derdens daarvan oortuig dat adolessente wat seksueel misbruik is professionele hulp benodig om die traumatiese gebeure en meegaande emosionele trauma te verwerk. Kindermishandeling kan gesonde groei en ontwikkeling beïnvloed (Gil, 1996:3). Terapeutiese intervensie aan getraumatiseerde kinders, is van kardinale belang en huidige kennis beveel aan dat verskeie tipes terapeutiese dienste nodig is (West, 1996:42). Volgens Killian & Brakarsh (2004:367) word seksuele misbruik as 'n ernstige probleem erken, weens die hoë voorkoms daarvan en die verhoogde bewyse van die traumatiese impak wat seksuele misbruik op die kind, gesin en breër gemeenskap het.

SAPSAC ("The South African Professional Society on the Abuse of Children") streef daarna om onder andere seksuele misbruik van kinders akkuraat, effektief en aanvaarbaar te identifiseer, en om intervensie en behandeling te bevorder (Maree & Prinsloo, 2001:10). Maatskaplike werkers is in die posisie om adolessente te bemagtig sodat hulle die realiteit van hul situasie kan hanteer. Terapeutiese intervensie kan ook voorkom dat die seksuele misbruik 'n struikelblok in die kind se ontwikkeling word. Respondente asook ander kliënte van PATCH sal voordeel uit die navorsing trek, want die program sal daagliks tydens terapeutiese dienslewering aan slagoffers van seksuele geweld gebruik word.

Vierdens lewer PATCH slegs dienste in die Helderberg area. Maatskaplike werkers in die gesinsorgopset moet 'n wye verskeidenheid probleemareas binne die verskillende diensvelde hanteer en vind dit moeilik om 'n spesialis op enige gebied te word. Die navorser ontvang gereeld telefoonoproep van maatskaplike werkers in die plattelandse gebiede wat raad en hulp vra in die hantering van seksuele misbruik van kinders. Die navorser het ook 'n behoeftebepaling gedoen deur vraelyste aan maatskaplike werkers te stuur ten einde te bepaal of hulle 'n behoefte aan 'n speltherapieprogram vir dienslewering aan die adolessent wat seksueel misbruik is, het. Daar is 'n definitiewe behoefte aan 'n speltherapieprogram onder maatskaplike werkers wat buite PATCH se diensarea val. Die navorser het ook 'n besprekingsforum met elf kundiges soos maatskaplike werkers in privaatpraktyk en van welsynsorganisasies asook sielkundiges wat betrokke is in die hantering van kinders wat seksueel misbruik is, gereël om behulpsaam te wees met die ontwikkeling van die program. Tydens hierdie forum het die behoefte aan so 'n program weereens baie sterk na vore gekom.

Volgens Reamer (1998:271) het maatskaplike werkers meer belangstelling begin toon om 'n bydrae tot professionele literatuur te lewer. As 'n professie het maatskaplike werkers dus meer bemagtig en toegewyd geraak om kennis oor prakties werkbare programme te versprei. Maatskaplike werkers wat dus dienste moet lewer aan kinders wat seksueel misbruik is, behoort deur hierdie navorsingsondersoek verder bemagtig te word. Hierdie speltherapieprogram sluit duidelike riglyne vir die maatskaplike werker in om hom of haar beter toe te rus vir beraad met adolessente wat seksueel misbruik is. Tydens die doktrale seminaar is kollegas van welsynsorganisasies asook maatskaplike werkers en sielkundiges in privaatpraktyk genooi vir die bekendstelling van die program. Kollegas het te kenne gegee dat hulle baie graag die speltherapieprogram vir dienslewering aan die adolessent wat seksueel misbruik is, wil benut.

Vyfdens het die navorser 'n persoonlike belangstelling in terapeutiese dienslewering aan die seksueel misbruikte kind. Die persoonlike belangstelling van die navorser is gewoonlik volgens Williams, Tutty & Grinnell (1995:50) die hoof motiverende faktor in

die keuse van die navorsingsprobleem. Die belangstelling van die navorser vorm die basis van 'n suksesvolle studie. Die seleksie van die navorsingsprobleem word ook beïnvloed deur die navorser se spesifieke vermoëns.

Die navorser is 'n maatskaplike werker by PATCH en lewer daaglikse spelterapeutiese dienste aan slagoffers van seksuele misbruik. Die navorser het dus die afgelope vyf jaar professionele praktykervaring in daaglikse werk met slagoffers van seksuele misbruik verkry wat haar dan ook genoodsaak en gemotiveer het om die program te ontwikkel. 'n Magister Artium (Maatskaplike Werk) met spesialisering in Speltherapie met kinders wat seksueel misbruik is, dien as voorstudie vir hierdie navorsing. Die navorser is dus goed bekend met die gevolge van seksuele misbruik op die slagoffers en hoe dit hulle funksionering beïnvloed. Die navorser het met kennis en ervaring vanuit die praktyk 'n kreatiewe en gebruikersvriendelike speltherapieprogram ontwikkel, geïmplementeer en geëvalueer.

### **1.3 Probleemformulering**

Brown (1981:35) beklemtoon dat die oriëntasie van die praktisyn-navorser voorstel dat die tema vir maatskaplikewerk-navorsing vanuit dag-tot-dag aktiwiteite en interaksies in die werksituasie moet kom. Kennis van 'n spesifieke verskynsel, soos seksuele misbruik van kinders, wat die navorser hanteer in praktyk, het die navorser bewus gemaak dat PATCH, die slagoffers, toekomstige kliënte en maatskaplike werkers sal baat vind by 'n speltherapieprogram wat sal bydra tot effektiewe dienslewering aan adolessente wat seksueel misbruik is. Die toename in kommer van die regering en die publiek oor seksuele misbruik van kinders vanaf die laat 1980's, het gelei na welsynsdienste wat oorspoel word deur verwysings en verhoging van die gevaar van oneffektiewe dienste en sekondêre seksuele misbruik.

Volgens Campbell & Collins (2000:4) het Suid-Afrika een van die hoogste statistieke van seksuele misbruik in die wêreld. Volgens Dawes, Borel-Saladin & Parker (2004:182) is slegs 10% van die oortreders in aangemelde verkragting en pogings tot verkragtingsake

vanaf Januarie tot September 2001 in Suid-Afrika, skuldig bevind. Volgens Earl-Taylor (2002) word amper 60 kinders elke dag in Suid Afrika verkrag. Daar is gemiddeld 8 innames per maand van adolessente (13-17 jaar oud) wat seksueel misbruik is, by PATCH. Vanaf April 2004 tot Maart 2005 was daar 87 innames van adolessente (13-17 jaar oud) wat seksueel misbruik is. Die aanmeldingsyfer is heelwat hoër as die innamesyfer, aangesien sommige adolessente wat seksueel misbruik is, verwys word as hulle buite PATCH se diensarea woonagtig is of weens verdere behoeftes na 'n geskikte terapeut verwys word.

Superintendent Anneke Pienaar, die Nasionale Direkteur van die Kinderbeskermings-Eenheid van Suid-Afrika, het in die Parlement beweer dat daar jaarliks 'n verhoging van 29% van seksuelemisbruiksake in Suid-Afrika is (Potgieter, 2002:9). PATCH lewer slegs dienste in die Helderberg omgewing in die Wes-Kaap; weens die hoë aanmeldingsyfer is dit nie moontlik om kinders buite PATCH se diensveld van hulp te wees nie, maar 'n spelterapiëprogram kan dan as riglyn dien vir maatskaplike werkers buite die Helderberg omgewing. Onderaanmelding van adolessente wat seksueel misbruik is, kom voor weens die publiek se persepsies wat verander soos kinders ouer word. Die publiek se persepsies kan onder andere wees dat adolessente 'n verhoogde vermoë het om terug te baklei of om weg te hardloop, of dat die adolessent die straf verdien of hul word meer beskou as potensiële oortreders as slagoffers (Gil, 1996: 11). Die probleem, naamlik adolessente wat seksueel misbruik is, word dus baie keer geminimaliseer of geïgnoreer.

Die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn (1997:6) lui die nuwe welsynsbedeling vir Suid-Afrika in. Dit is opgestel met die oog daarop om algemene beleidsriglyne vir die omvorming van die welsynsisteem van Suid-Afrika te verskaf en behels die grondbeginsels waarop 'n nuwe welsynsbeleid en welsynsprogramme berus (Lombaard, 1996:64). Bevoorregte mense was onder apartheid die teken van die welsynsbeleide en programme, en die welsynsbehoefte en regte van die behoeftigste en magtelose mense is verwaarloos. (Vergelyk Lombaard, 1996:168; Mazibuko, 1996:157.)

Die teikengroep van maatskaplike ontwikkeling sluit alle Suid Afrikaners in, insluitende gemeenskappe, gesinne, groepe en individue. Geskiedenis het getoon dat maatskaplike ontwikkeling veral mense wat in armoede leef, die wat kwesbaar is en die met spesiale behoeftes, as teiken moet hê. In hierdie navorsing word daar dus gefokus word op 'n teikengroep wat kwesbaar is en spesiale behoeftes het, naamlik adolessente wat seksueel misbruik is, van verskillende etniese groepe. PATCH lewer gratis dienste aan slagoffers van seksuele misbruik.

Die internasionale aanvaarding van 'n ontwikkelingsparadigma vir maatskaplike welsyn verkry nou ondersteuning in Suid-Afrika. Ontwikkelingsgerigte maatskaplike welsyn word gedefinieer as 'n proses waardeur die kwaliteit van lewe van die meerderheid mense van 'n nasie geleidelik verbeter en volgehou word (Mazibuko, 1996:156). Nog 'n probleem van die vorige welsynsisteen was dat (geografies en struktureel) die grootste deel van die populasie nie bereik was deur welsynsdienste nie, veral nie in plattelandse gebiede nie. PATCH het in die Wes-Kaap behalwe vir die kantoor in Somerset-Wes, ook ses satellietkantore in Nonzamo, Lwandle, Sir Lowry's Pass, Strand, Rusthof en Macassar oopgemaak. Sodoende word die dienste toeganklik gemaak ook vir daardie gemeenskappe wat nie vervoer na Somerset Wes kan bekostig nie.

Seksuele misbruik kan die adolessent se emosionele, gedrag, kognitiewe, sosiale en sielkundige funksionering negatief beïnvloed (Majokweni, 2000: 4). Seksuele misbruik wat afgedwing word op die fisiese onvolwasse liggaam en psige, kan veroorsaak dat die adolessent nie geskikte oplossings vind vir probleme wat ervaar word tydens identiteitsvorming nie (Gil, 1996: 16). As 'n resultaat is die adolessent kwesbaar vir stres en kan 'n sielkundige afwyking ontwikkel, naamlik selfmoordgedagtes, depressie, eetafwykings, vervreemding, seksuele probleme, uitreagerende gedrag, en middelmisbruik.

Die woord "trauma" verwys na 'n oorweldigende, onbeheerbare ervaring wat 'n sielkundige impak op die slagoffer het, deur gevoelens van hulpeloosheid, kwesbaarheid, tekort aan veiligheid en selfbeheersing te veroorsaak (Hartman, 1995:52). Volgens James (1989:4) moet daar tydens terapie aan 'n getraumatiseerde kind, aandag aan die

fisiese, kognitiewe, emosionele en spirituele aspekte van die kind gegee word, aangesien al hierdie areas geaffekteer kan word. Trauma kan dus as 'n dinamiese proses gesien word, wat die adolessent wat seksueel misbruik is, se kognitiewe en emosionele oriëntasie tot die wêreld verander en trauma skep deur die kind se konsep van haarself, haar wêreld-siening en vermoë om emosie te toon, te verwing. Hierdie verwinging resulteer baie keer in gedragsprobleme en word algemeen opgemerk by slagoffers van seksuele geweld (Müller & Hollely, 2000: 116).

Die navorser meet in die onderhawige navorsing die volgende trauma-dinamika-elemente, wat daarop dui dat die adolessent onlangs trauma ervaar het, naamlik: geheueverlies, frustrasie, hulpeloosheid, houding teenoor volwassenes, wantroue, stigma, liggaamsbeeld, persoonlike grense en skoolprobleme. Die impak van die seksuele misbruik op die adolessent moet dus holisties benader word, naamlik die impak op die adolessent se fisiese, gedrag, kognitiewe, sosiale, seksuele en sielkundige funksionering. Die navorser meet ook die volgende selfpersepsie-elemente, naamlik angstigtheid, skuldgevoelens, gebrek aan selfwaarde, isolasie, verantwoordelik vir gevolge teenoor ander en gebrek aan selfgeldig.

Seksuele misbruik het egter nie net 'n impak op die adolessent nie, maar op die hele gesinsisteam. PATCH bied ook ondersteuning aan die ouers van die kinders wat blootgestel was aan seksuele misbruik. Vanuit die kliënte se agtergrondinligting is dit vir die navorser duidelik dat baie van die seksueel misbruikte kinders wat kom vir terapeutiese dienste by PATCH, se moeders ook as kinders slagoffers van seksuele misbruik was. Hulle noem telkens aan die navorser dat daar nie plekke soos PATCH beskikbaar was tydens hul kinderjare wat terapeutiese dienste gelewer het en om hulle te ondersteun deur die kriminele prosedures nie. Indien die moeder van die kind self 'n slagoffer van seksuele misbruik as 'n kind was, beskik hierdie moeders baie keer nie oor die vermoë om die trauma van herbelewing van haar slagofferervaringe saam met haar kind te hanteer nie. Die adolessent wat seksueel misbruik is, kan dus ook verder negatief beïnvloed word wanneer haar ouer(s) nie ondersteunend is en / of belangstelling toon nie.



Groeiende navorsing oor die impak van seksuele misbruik op die kind, sal maatskaplike werkers ingelig hou oor die tipes en mate van langtermyngevolge vir slagoffers van verskillende ouderdomme en geslagte. Die navorser is van mening dat soos die dinamiese proses van leer oor die adolessente-populasie wat seksueel misbruik is voortgaan, moet verdere pogings aangewend en navorsingskomponente geïnkorporeer word ten einde maatskaplike werkers se begrip te verdiep en om dienslewering te evalueer.

‘n Literatuursoektog is met behulp van Universiteit Pretoria se biblioteekdienste op die volgende databasisse gedoen, naamlik: UP Explore, SABINET, Siteinfo, Ebschohost en “Current and Completed Research Projects”. Die soektog is gedoen ten einde te bepaal wat reeds oor die onderwerp nagevors is. Hierdeur kon die navorser dus haar visie verbreed en herhaling voorkom. Alhoewel daar reeds navorsing gedoen is oor seksuele misbruik en adolessensie, en veral oor groepwerk met adolessente, het die navorser nie tydens die soektog spesifiek ‘n empiries, wetenskaplik getoetste speltherapieprogram vir dienslewering aan die adolessent wat seksueel misbruik is, opgespoor nie.

Vanuit die bogenoemde bespreking kom die volgende navorsingsprobleem na vore: Seksuele misbruik kan die adolessent se ontwikkeling – emosioneel, persoonlik, sosiaal, kognitief, gedrag en sielkundig – negatief beïnvloed. Die navorser is van mening dat daar ‘n gebrek is aan ‘n wetenskaplik, empiries getoetste speltherapieprogram vir dienslewering aan die adolessent wat seksueel misbruik is. Die navorser hoop dus dat nie net PATCH se maatskaplike werkers baat sal vind by ‘n speltherapieprogram nie, maar ook maatskaplike werkers van ander organisasies, wat adolessente slagoffers van seksuele misbruik moet ondersteun.

#### **1.4 Doel van die studie**

In die lig van die probleemformulering word daar vervolgens aandag gegee aan die doelstelling en doelwitte van hierdie studie. Volgens Fouchè (2002a:107) beteken die

doel van die studie: “The end toward which effort or ambition is directed,” terwyl doelwitte die stappe is wat een vir een geneem moet word om dit te bereik. Doelwitte behels ‘n meer konkrete, meetbare, spesifieke en bereikbare plan wat geïmplementeer word om die uiteindelijke breër doel te bereik. Dit impliseer dus die stappe wat een-vir-een gevolg moet word binne ‘n bepaalde tydperk om die “droom” te bereik (De Vos, Strydom, Fouchè & Delpont, 2002:7).

Die studie is beskrywend van aard. Bless & Higson-Smith (2000:154) meen beskrywende navorsing is: “Social research with the primary aim of describing (rather than explaining) a particular phenomenon.” Beskrywende navorsing poog om ‘n waarheidsgetroue beeld van die waargenome te gee en wil ‘n beeld van die werklikheid gee (Neuman, 2000:23). Die studie is beskrywend van aard aangesien die navorser adolessensie as ontwikkelingsfase, die impak van seksuele misbruik op die adolessent en die intervensie met die respondente (implimentering van die speltherapieprogram) beskryf ten einde ‘n waarheidsgetroue beeld van die waargenome te gee.

#### **1.4.1 Doelstelling**

Die doelstelling van die studie is:

Om ‘n speltherapieprogram vir dienslewering aan die adolessente dogter wat seksueel misbruik is, te ontwikkel, te implementeer en te evalueer.

#### **1.4.2 Doelwitte**

Om die doelstelling te bereik, is die volgende doelwitte nagestreef, naamlik om:

- ‘n Teoretiese raamwerk op te bou ten opsigte van:
  - ✓ Die kort- en langtermyngevolge van seksuele misbruik op die adolessent,
  - ✓ Trauma dinamika-elemente en selfpersepsie van die adolessent wat seksueel misbruik is,

- ✓ Speltherapie met die adolessent wat seksueel misbruik is,
  - ✓ Adolessensie as lewensfase en kinderontwikkelingsteorieë,
  - ✓ Die gestaltnadering.
- 
- Om 'n kritiese ondersoek te doen na bestaande intervensieprogramme vir adolessente wat seksueel misbruik is.
  - Om 'n speltherapieprogram vir adolessente dogters wat seksueel misbruik is, te ontwikkel.
  - Om die speltherapieprogram met adolessente dogters wat seksueel misbruik is, te implementeer.
  - Om die impak van die speltherapieprogram te evalueer en aanbevelings te maak ten opsigte van die benutting van die program met verskillende etniese groepe, naamlik Xhosas, blankes en Kleurlinge.

## 1.5 Hipotese

'n Hipotese word deur Monette, Sullivan & De Jong (1994:32) beskryf as 'n tentatiewe aanname oor die verband tussen twee of meer veranderlikes, wat getoets kan word. 'n Hipotese word soos volg omskryf: "An expectation about the future of things derived from a theory. It is a statement of something that ought to be observed in the real world if the theory is correct. A hypothesis is essentially a statement that postulates that a certain relationship (correlation or causality) exists between two or more variables." (Vergelyk Babbie & Mouton, 2001:643; Babbie, 2004:44.) 'n Hipotese is dus 'n tentatiewe oplossing van 'n geformuleerde probleem. Met die probleemstelling in gedagte en in ooreenstemming met die doel, word die volgende as hipotese gestel:

Indien die spelterapieprogram geïmplementeer word met die adolessente dogter wat seksueel misbruik is, dan sal dit lei tot die verbetering van haar selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente.

## **1.6 Navorsingsbenadering**

Die navorser het van 'n kombinasie van kwantitatiewe en kwalitatiewe benaderings gebruik gemaak. Volgens Fouchè & Delpont (2002: 79) verskil die kwantitatiewe benadering van die kwalitatiewe benadering. Die kwantitatiewe benadering is gebaseer op positivisme, wat wetenskaplike verduidelikings numeries weergee. Die hoofdoelwitte is om die sosiale wêreld objektief te meet, om hipoteses te toets en om menslike gedrag te voorspel en te beheer (Fouchè & Delpont, 2002: 79). Die kwantitatiewe benadering beoog om die sosiale wêreld objektief te meet terwyl die kwalitatiewe benadering ten doel het om die sosiale lewe van die mens en die waarde wat hy of sy aan die alledaagse bestaan heg, te verstaan. Van der Merwe (1996:288) sluit hierby aan en omskryf die belangrikste verskille tussen die twee benaderings as die afstand wat tussen die navorser en navorsingssubjek in kwantitatiewe benadering bestaan, terwyl die klem in kwalitatiewe benadering gelê word op 'n beter begrip van menslike gedrag en ervaring.

Die kwalitatiewe benadering berus op 'n anti-positivisme en verklarende benadering; dit is idiografies en die hoofdoelwit is om die sosiale lewe en die betekenis wat mense aan die alledaagse lewe heg te verstaan (Fouchè & Delpont, 2002:79). Bless & Higson-Smith (2000:156) definieer kwalitatiewe navorsing as: "Research conducted using a range of methods which use qualifying words and descriptions to record and investigate aspects of social reality."

Royse (1991:218) definieer 'n kwalitatiewe navorsingsbenadering soos volg: "An approach which provides detail and adds richness and depth to our understanding of any phenomenon being investigated." Kwalitatiewe navorsing voorsien beskrywende data in die deelnemers se eie geskrewe of verbale woorde. Die kwalitatiewe navorser probeer eerder verstaan as verduidelik, doen eerder natuurlike waarnemings as gekontroleerde

meetmetodes en verder is dit 'n subjektiewe ontdekking van die werklikheid van die perspektief van 'n binneganger.

Creswell (1994:173-190) het tussen verskillende modelle van 'n kombinasie van kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing onderskei. Die navorser het van Creswell (1994:177-178) se gemengdemetodologie-ontwerpmodel gebruik gemaak. Hierdie model verteenwoordig die hoogste graad van gemengde paradigmas van die drie ontwerpe. Volgens De Vos (2002:366) meng die navorser aspekte van die kwalitatiewe en kwantitatiewe paradigma tydens al die of baie van die metodologiese stappe in die ontwerp.

In hierdie studie behels die kwantitatiewe benadering die meting van die adolessent wat seksueel misbruik is se selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente met behulp van 'n gestandaardiseerde metingskaal, voor en na intervensie. Sodoende was die navorser dus in staat om te bepaal of daar verbetering plaasgevind het in die adolessent wat seksueel misbruik is, se selfpersepsie en die trauma-dinamika-elemente, en of die speltherapieprogram effektief was of nie.

Die tweede komponent van hierdie studie is vanuit die kwalitatiewe benadering. Die navorser het 'n semi-gestruktureerde onderhoud aan die hand van 'n onderhoudskedule, met die respondente se ouer(s) voor en na afloop van die intervensie gevoer. Inligting wat met behulp van die onderhoudskedule ingesamel is, fokus op die respondent se agtergrondinligting en impak van die seksuele misbruik op die proefpersoon se emosionele, interpersoonlike, fisiese, gedrags-, kognitiewe en seksuele funksionering.

Die navorser het tydens die speltherapie sessies die respondent waargeneem, veldnotas gemaak en het elke sessie beskryf met behulp van verslagskrywing. Gedurende die proses van interaksie tussen die navorser en die proefpersone word die proefpersone se wêreld ontdek en geïnterpreteer deur middel van respondentwaarneming en ongestruktureerde onderhoude as kwalitatiewe metodes.

Ten einde die verandering te verifieër is van triangulasie gebruik gemaak. Triangulasie word beskryf as 'n metode waartydens die kwalitatiewe en kwantitatiewe benaderings gekombineer word. Triangulasie verwys na die gebruik van verskeie metodes van data-insameling om die betroubaarheid van die waarneming te verhoog (De Vos, 2002: 359).

### **1.7 Soort navorsing**

In hierdie studie is van toegepaste navorsing gebruik gemaak. Toegepaste navorsing is die eksploitering van reeds bestaande kennis ter verkryging van nuwe kennis (Smit, 1983: 4). Die tipe navorsing word gestimuleer deur die praktiese nut van die navorsing. Toegepaste navorsing spreek die onmiddellike probleme aan wat die professionele persoon in die praktyk ervaar (Fouchè, 2002a: 108). Nuut verkreeë kennis en insigte kom dus tot vergestaltung in praktiese navorsing.

Collins (1993:28) beskryf toegepaste navorsing as volg: “When research is based on the solving of practical problems relevant to the social work profession and is aimed at discovering how behaviour can be supported or changed, it can be described as applied research. Applied science is thus aimed at the practice and entails the use of existing knowledge from research or personal experience to develop and enhance service, processes and methods.” Toegepaste navorsing kan ook beskryf word as 'n tipe navorsing waartydens 'n spesifieke program of teorie onder 'n spesifieke of gegewe situasie toegepas word (Grinnell, 1981:36).

Binne die konteks van toegepaste navorsing was die oogmerk van hierdie studie om intervensienavorsing te doen. Die navorser het 'n spelterapiëprogram as intervensie vir adolessente dogters wat seksueel misbruik is, ontwikkel, geïmplementeer en geëvalueer. Reid (1995:2041-2042) stel in sy oorsig van navorsing dat nuwer strategieë en intervensies, hoop om meer direkte en soliede verbintenisse tussen navorsing en praktyk te smee.

## 1.8 Navorsingsontwerp

Navorsingsontwerp kan gedefinieer word as ‘n plan vir die navorsing wat gedoen gaan word – die operasionalisering van veranderlikes sodat dit gemeet kan word, die selektering van ‘n steekproef, insameling van inligting om te gebruik as ‘n basis om die hipotese te toets en die analisering van die resultate (Fouchè & De Vos, 2002:137). Die navorsingsontwerp is dus die vooropgestelde plan waarvolgens die navorser sistematies en gestruktureerd te werk gaan om data in te win, om die hipotese of navorsingsvraag te ondersoek en die doel van die projek te verwesenlik.

Die oogmerk van hierdie studie was om intervensienavorsing te doen. As ‘n vorm van toegepaste navorsing is intervensienavorsing daarop gerig om lig te werp op of moontlike oplossings te voorsien vir praktiese probleme. Navorsingstudies wat uitgevoer word om dienslewering aan maatskaplikewerkkliënte te evalueer, word enkelstelselontwerpe genoem (Williams, Tutty & Grinnell, 1995:161). Enkelstelselontwerpnavorsing kan inligting voorsien oor hoe effektief ‘n diensleweringprogram met individue werk, sodat alternatiewe of aanvullende strategieë aangeneem kan word indien nodig.

Die navorser het van die A-B-A-A ontwerp gebruik gemaak, met individuele respondente van drie verskillende etniese groepe, naamlik blankes, Kleurlinge en Xhosas. Die resultate van die verskillende etniese groepe kon dus ook met mekaar vergelyk word, waarna die navorser in staat was om aanbevelings te maak ten opsigte van die benutting van die program met verskillende etniese groepe. Navorsingsresultate kan onmiddellik bruikbaar wees vir organisasies in terme van verbetering van die organisasie se dienslewering. Navorsing wat bruikbaar is op hierdie manier is toegepaste navorsing (Williams, Tutty & Grinnell, 1995:52).

Ten einde kwalitatiewe data in te samel het die navorser van ‘n kwalitatiewe navorsingstrategie, naamlik die gevallestudie, gebruik gemaak. ‘n Gevallestudie kan gesien word as die ondersoek of in-diepte analise van ‘n “gebonde sisteem” of ‘n enkele of verskeie gevalle, oor ‘n periode (Fouchè, 2002b:275). Die respondente wat die

navorser bestudeer het, verwys in hierdie studie na adolessente dogters wat seksueel misbruik is. Die ondersoek en beskrywing van elke respondent het plaasgevind deur in-diepte data insamelingsmetodes, byvoorbeeld onderhoude en respondentwaarneming.

Die navorser het besluit om nie van 'n bandopnemer gebruik te maak nie, aangesien die navorser vind dat dit sommige adolessente selfbewus maak en spontaneïteit beperk. Baie adolessente is byvoorbeeld besorg oor hoe hulle stem op die bandopname klink. Die navorser het 'n kollektiewe gevallestudie uitgevoer ten einde die navorser se begrip van die populasie wat bestudeer word, te verhoog. Volgens Fouchè (2002b: 276) word daar tydens kollektiewe gevallestudies, gevalle gekies sodat vergelykings gemaak kan word tussen gevalle en konsepte sodat teorieë uitgebrei kan word. 'n Verslag is na afloop van elke sessie geskryf en veldnotas is tydens die sessie geneem, waar moontlik.

## **1.9 Navorsingsprosedure en werkswyse**

Die navorser sal vervolgens die ses fases van intervensienavorsing, ook opgesom in bylaag 1, bespreek soos uiteengesit in Rothman & Thomas (1994:9) en De Vos (2002:394-418):

### **1.9.1 Fase 1: Problemanalise en projekbeplanning**

Die navorser het dit alreeds onder punt 1.3. bespreek.

#### **1.9.1.1 Identifisering en om kliënte by die navorsing te betrek**

As deel van die die navorser se daaglike taak, is adolessente kliënte wat seksueel misbruik is, tussen dertien en sewentienjarige ouderdom, van verskillende etniese agtergronde, wat terapeutiese dienste by PATCH ontvang, geïdentifiseer.



### **1.9.1.2 Verkry toegang en die samewerking van instellings**

Die navorser het die navorsing uitgevoer by die organisasie PATCH, waar sy ook aangestel is as maatskaplike werker en daaglikse terapeutiese dienste lewer aan slagoffers van seksuele misbruik. PATCH se direksie ondersteun die navorsing en die navorser het skriftelike toestemming verkry dat sy die navorsing kan voortsit. Die toestemmingsbrief is vervat in bylaag 2. PATCH werk ook nou saam met die Suid-Afrikaanse Polisie-Diens, klinieke, skole en ander welsynsorganisasies in die Helderberg. Die navorser is ook lid van die “SAPSAC” (South African Professional Society on the Abuse of Children) Vereniging en het sodoende ook kontak met en ondersteuning van ander professionele persone wat dienste aan kinders lewer.

### **1.9.1.3 Identifiseer die bekommernisse en probleme van die gemeenskap**

Aangesien die navorser in Januarie 2001 aangestel is as maatskaplike werker by PATCH, het die probleme en bekommernisse van die verskillende gemeenskappe in die Helderberg, Wes-Kaap, onder die navorser se aandag gekom. Die navorser het net nadat sy aangestel is as maatskaplike werker by PATCH in Januarie 2001, bewus geword dat die ouers en slagoffers van seksuele geweld nie die vervoerkostes na PATCH se kantoor in Somerset Wes kan bekostig nie. PATCH het intussen ses satellietkantore geopen in Nonzamo, Lwandle, Sir Lowry's Pass, Strand, Rusthof en in Macassar.

Tweedens het dit onder die navorser se aandag gekom dat veral die Xhosa-sprekende ouers baie keer oorweeg om die saak terug te trek of om die kind na uitgebreide familie in die Oos-Kaap te stuur, uit vrees vir die beweerde oortreder en sy familie. Die navorser volg dus op wat die beweerde oortreder se borgvoorwaardes is en stel die polisie in kennis indien die beweerde oortreder sy borgvoorwaardes oortree of die slagoffer en haar familie intimideer.

#### **1.9.1.4 Analiseer geïdentifiseerde probleem**

Seksuele misbruik van kinders is 'n epidemie wat almal in die samelewing beïnvloed. Daar is nie grense wat ras, klas, geslag of voorkoms betref nie. Dit is 'n sosiale probleem wat die normale funksionering van die kind, haar ouers, gesin en gemeenskappe benadeel. Die navorsingsprobleem is onder punt 1.3 bespreek.

#### **1.9.1.5 Doelstelling en doelwitte**

Na afloop van die probleemanalise het die navorser 'n doelstelling en doelwitte geformuleer soos uitgelig onder punt 1.4.

### **1.9.2 Fase 2: Inligting insameling**

Wanneer 'n intervensienavorsingsprojek beplan word, is dit noodsaaklik om ondersoek in te stel wat alreeds gedoen is ten einde die probleem te verstaan en aan te spreek (De Vos, 2002:405).

#### **1.9.2.1 Gebruik bestaande inligtingsbronne**

Hersiening van literatuur is 'n fundamentele fase in die ontwikkeling van enige navorsingsprojek. Gedurende hierdie fase samel die navorser inligting in, in verband met die huidige kennisbasis in die area van belang, verfyn konseptualiserings en operasionaliserings, en identifiseer probleme wat kan voorkom gedurende studies (Thyer, 2001:401). Die navorser poog om die produktiefste metodes te vind om die probleem te hanteer, gebaseer op die hersiening van relevante literatuur.

'n Literatuurstudie is dus 'n sistematiese en volledige soektog vir gepubliseerde materiaal oor 'n spesifieke onderwerp. Gedurende hierdie fase samel die navorser inligting in oor die huidige kennisbasis in die area van belang, verfyn konseptualiserings en operasionaliserings, en identifiseer probleme wat gedurende studies kan voorkom (Thyer, 2001:401). Die literatuurstudie bied aan die navorser die geleentheid om toepaslike

literatuur oor die betrokke onderwerp te bestudeer, die probleem duidelik te formuleer en om leemtes in die terreine te identifiseer. Volgens Thyer (2001:402) help die literatuurstudie om die navorser se begrip van die geskiedenis, oorsprong en omvang van die probleem te verbreed. Dit help die navorser ook bepaal watter antwoorde reeds bestaan in verband met die probleem en watter potensiële antwoorde nog nie ondersteun is nie.

‘n Literatuurstudie is met behulp van Universiteit Pretoria se biblioteekdienste op die volgende databasisse gedoen, naamlik: UP Explore, SABINET, Siteinfo, Ebschohost en “Current and Completed Research Projects.” Beskikbare literatuur oor die navorsingsonderwerp is nagegaan. Biblioteekdienste by die Universiteit van Pretoria en die Universiteit van Stellenbosch is gebruik om ‘n literatuursoektog oor die onderwerp te doen. Suid-Afrikaanse en oorsese literatuur is bekom. Bronne vanuit die ander vakwetenskappe soos geneeskunde, sielkunde en opvoedkunde word benut. Verskeie bronne, waaronder boeke, vaktydskrifte en skripsies is geraadpleeg. Die doel van die literatuurstudie is om ‘n breë agtergrond oor die veld van ondersoek te bekom. Die literatuurstudie word gedoen om te bepaal wat reeds oor die onderwerp nagevors is. Hierdeur kan die navorser dus haar visie verbreed en herhaling voorkom.

Die navorser het ‘n literatuurstudie gedoen en het toepaslike literatuur oor die betrokke onderwerp bestudeer, om sodoende die probleem van seksuele misbruik van kinders duidelik te formuleer en om leemtes in die terreine te identifiseer.

### **1.9.2.2 Bestudeer natuurlike voorbeelde**

Waarnemings van hoe gemeenskapslede poog om die probleem van seksuele misbruik te hanteer, is ‘n waardevolle bron van inligting. Tydens die afgelope vyf jaar het dit onder die navorser se aandag gekom dat die verskillende etniese groepe die probleem van seksuele misbruik van kinders verskillend hanteer. Die navorser het bewus geword van verskillende probleemoplossende vaardighede wat verskillende etniese groepe soos Xhosas, blankes en Kleurlinge ontwikkel het, wanneer hulle kinders slagoffers van seksuele misbruik word.

### 1.9.2.3 Identifiseer funksionele elemente van suksesvolle modelle

Wanneer inligting ingesamel is, analiseer die navorser die kenmerke van die modelle, programme en praktyke wat voorheen die probleem van seksuele misbruik aangespreek het en identifiseer potensieel bruikbare elemente van die intervensie (De Vos, 2002: 407). Die navorser het ook kollegas genader en in gesprek met hulle getree oor moontlik bestaande programme. Die samevatting van bestaande kennis help om die ontwerp en ontwikkeling van aktiwiteite te lei.

Die navorser het ondersoek ingestel na reeds bestaande navorsing, beskikbare maatskaplike werk, sielkunde en opvoedkundige tydskrifte en boeke. Die navorser het tydens die soektog die volgende bruikbare riglyn gevind, naamlik: Karp, C.L.; Butler, T.L. & Bergstrom, S.C. 1998. *Treatment Strategies for Abused Adolescents – from Victim to Survivor*. California: SAGE Publications. Alhoewel die inhoud van die navorser se spelterapiëprogram verskil van die inhoud van die riglyn, vind die navorser die formaat van die riglyn baie sinvol en duidelik, en is dit benut tydens uiteensetting van die spelterapiëprogram. Die navorser het ook in die spelterapiëprogram eers die doelwitte van elke aktiwiteit, watter materiaal benodig word en dan die instruksies bespreek, soos in die bogenoemde riglyn. Die aktiwiteite wat die navorser in die spelterapiëprogram voorstel om probleme van hulpeloosheid, verraad, stigmatisasie en traumatiese seksualisering aan te spreek, verskil van die aktiwiteite in die bogenoemde riglyn.

Die navorser het ook tydens die soektog gevind dat daar riglyne vir tieners is wat die tiener self kan deurwerk, om seksuele misbruik te oorkom. Die navorser beskik self oor twee soortgelyke boeke, naamlik: “*A teens guide to overcoming sexual abuse. It happened to me*” en “*High Tops – A guideline for children that have been sexually abused.*” Die navorser het die eersgenoemde boek aangekoop teen R270, baie minder bevoorregte adollesente wat seksueel misbruik is, kan dit nie bekostig nie.

### 1.9.3 Fase 3: Ontwerp

‘n Navorsingsontwerp is ‘n plan van hoe die navorser beoog om die navorsing uit te voer (Fouche & De Vos, 2002:137).

#### 1.9.3.1 Ontwerp ‘n waarneembare sisteem

Die navorser moet volgens De Vos (2002: 408) ‘n metode ontwerp om die omvang van die probleem en die gevolge na die intervensie te ontdek.

Opstel van ontwerp: Dit verwys na die navorser se program (sien bylaag 3 vir ‘n uiteensetting van die navorsingsontwerp) en plan om data in te samel en te analiseer en sluit in wie dit sal insamel, hoe, van wie, wanneer en waar. Die A-B-A-A ontwerp is van toepassing op die aangebode navorsing. Die A verteenwoordig die voor-meting, die B stel die intervensie voor en die laaste twee A’s dui op twee na-metings. Die navorser het die A-B-A-A enkelstelselontwerp toegepas met drie verskillende etniese groepe, naamlik Kleurlinge, blankes en Xhosas. ‘n Gestandaardiseerde metingskaal, vir die meting van die selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente van die adolessent wat seksueel misbruik is, is voor en na toepassing van die spelterapieprogram deur vyftien respondente (vyf van elke etniese groep) voltooi, waarna die berekening daarvan deur die navorser self gedoen is. ‘n Voorbeeld van die gestandaardiseerde metingskaal, die Kinderfunksioneringsinventaris - Hoërskool, is aangeheg as bylaag 4. Die navorser het drie maande na die eerste na-meting ‘n opvolgonderhoud met die adolessent en ouer(s) gevoer, ten einde die effek van die spelterapieprogram drie maande na terminering te monitor.

Die navorser het van ‘n kwalitatiewe navorsingstrategie, naamlik die gevallestudie, gebruik te maak. Die ondersoek en beskrywing van die respondent het plaasgevind deur in-diepte-data-insamelingsmetodes, naamlik onderhoude en respondentwaarneming. Die navorser het ‘n semi-gestruktureerde onderhoud aan die hand van ‘n onderhoudskedule met die ouer(s) van die adolessent wat seksueel misbruik is, gevoer, voor en na afloop

van die navorsing. Die onderhoudskedule is aangeheg as bylaag 5. Afdeling A van die onderhoudskedule is net tydens die basislynfase gebruik, maar afdeling B is in beide die basislynfase en opvolgfases gebruik. 'n Onderhoudskedule is 'n vraelys wat geskryf is om die onderhoud te rig (Greeff, 2002: 302). Dit forseer dus die navorser om te dink oor wat sy hoop, gedek sal word tydens die onderhoud. Tydens hierdie fase is die program en meetinstrumente dus gereed gemaak vir die voorondersoek.

Definieer die afhanklike veranderlike: Dit is die veranderlike waarin die navorser verandering verwag (Strydom, 2002a: 154). Die navorser het verwag dat daar 'n verbetering in die adolessent wat seksueel misbruik is, se selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente sal plaasvind. Die selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente van die adolessent wat seksueel misbruik is, is dus die afhanklike veranderlike.

Definieer die onafhanklike veranderlike: Dit is die veranderlike wat die navorser verwag die afhanklike veranderlike sal affekteer (Strydom, 2002a: 155). Die navorser het verwag dat die speltherapieprogram, die selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente van die respondent sal verbeter. Die speltherapieprogram is dus die onafhanklike veranderlike.

Ontwikkel 'n hipotese: Sien punt 1.5. Die navorser ontwikkel 'n hipotese oor die maniere waarop sekere veranderlikes die probleem kan affekteer, en die beste manier waarop hierdie veranderlikes of die verhouding tussen hulle verander kan word. Die hipotese van die navorsing is dat indien die speltherapieprogram geïmplementeer word met die adolessente dogter wat seksueel misbruik is, dan sal dit lei tot die verbetering van haar selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente.

### **1.9.3.2 Spesifiseer prosedure-elemente van die intervensie**

Die ses fases van intervensienavorsing is uiteengesit in bylaag 1, ten einde die navorsingsprosedures en werkswyse te illustreer. Die navorser het ook die A-B-A-A ontwerp reeds onder punt 1.9.3.1 bespreek. Sien ook bylaag 3 vir die navorsingsontwerp.

#### **1.9.4 Fase 4: Vroeë ontwikkeling en die voortoets**

Ontwikkeling is die proses waartydens 'n nuwe intervensie geïmplementeer word en op 'n toetsbasis gebruik word, om die geskiktheid te toets en om herontwerp te word indien nodig.

##### **1.9.4.1 Ontwikkel 'n prototipe of inleidende intervensie**

Die navorser het 'n besprekingsforum met kundiges in 'n vroeë stadium van die studie gereël, voordat die literatuurstudie voltooi is. Tydens hierdie geleentheid het die navorser 'n oorsig oor die beoogde studie gegee, ten einde kommentaar van die afgevaardigdes te bekom. Afgevaardigdes het bestaan uit akademië en kenners van die betrokke onderwerp. Prosedure en beplande meetinstrumente van die empiriese studie is aan hulle voorgelê vir bespreking. Waardevolle kommentaar en aanbevelings is deur die afgevaardigdes gemaak wat die navorser in ag geneem het tydens die ontwikkeling van die program.

##### **1.9.4.2 Uitvoer van 'n voortoets**

Fawcett et al., (1994:36-37) is van mening dat 'n voortoets nodig is ten einde te bepaal of die intervensie gaan werk of nie. Dit is belangrik dat die voortoets in min of meer dieselfde omstandighede en omgewing as die intervensie sal geskied. Die effektiwiteit van die intervensie sal sodoende bepaal kan word sowel as elemente identifiseer waar aanpassings gemaak moet word.

Voortoetse word uitgevoer om te bepaal of die intervensie effektief is en watter elemente moontlik verander moet word. Aangesien die navorser daaglikse terapeutiese dienste aan slagoffers van seksuele geweld lewer, dien dit ook as voorstudie, aangesien die navorser tydens dag-tot-dag dienslewering kon bepaal watter speltherapie tegnieke effektief is. Die navorser het egter die speltherapieprogram ontwikkel, en dit geïmplementeer met een adolessent uit elke etniese groep en 'n voortoets uitgevoer, voordat respondente vir die studie geselekteer is. Die voorondersoek word verder bespreek onder 1.10.

### **1.9.4.3 Pas die ontwerp kriteria op die inleidende intervensie konsep toe**

Die ontwerp proses word geleidelik deur algemene riglyne en waardes vir intervensie navorsing. Relevante vrae sluit in: Is die intervensie effektief? Is dit bruikbaar vir ander? Is dit maklik om te gebruik? Is dit prakties? Is dit aanpasbaar in verskeie kontekste? (De Vos, 2002:412). Die navorser het die speltherapieprogram baie prakties saamgestel. Die navorser het ook die speltherapieprogram getoets met verskillende etniese groepe.

## **1.9.5 Fase 5: Evaluasie en gevorderde ontwikkeling**

### **1.9.5.1 Selekteer 'n eksperimentele ontwerp**

Gedurende die voortoets en meer formele evaluasies van 'n intervensie, word data voortdurend ingesamel en geanaliseer. Deurdat spesifieke gedrag en ander uitkomstedeurgaans gemonitor word, help dit om te bepaal of die inisiële intervensie geïmplimenter moet word en of supplementêre prosedures nodig is (De Vos, 2002:413). Soos reeds beskryf is, is die A-B-A-A ontwerp gebruik om te bepaal of die intervensie effektief was of aangepas moet word.

### **1.9.5.2 Versamel en analiseer data**

Die navorser het kwantitatiewe data met behulp van 'n gestandaardiseerde metingskaal versamel en die kwalitatiewe data met semi-gestruktureerde onderhoude en respondentewaarneming. Die kwalitatiewe data is geanaliseer deur die data wat ingesamel is tydens die semi-gestruktureerde onderhoude met die ouers met behulp van 'n onderhoudskedule, voor en na afloop van die intervensie, met mekaar te vergelyk. Die navorser het ook waarnemings en veldnotas tydens speltherapie sessies gemaak en het beskrywende verslae oor die sessies geskryf. Creswell (2003:191-195) se prosedure vir analise van kwalitatiewe data sal gebruik word om die data te ontleed, te verwerk en te beskryf. In hierdie prosedure word soos volg te werk gegaan: transkribeer elke



onderhoud / sessie; lees deur al die transkripsies om 'n geheelbeeld en algemene indruk te bekom; kodeer die materiaal en identifiseer kernwoorde; identifiseer temas tydens die koderingsproses deur byvoorbeeld ooreenstemmende temas met dieselfde kleure te merk; beskryf die temas woordeliks en visueel met figure en tabelle en interpreteer die data deur bestaande literatuur te gebruik.

Die kwantitatiewe data is geanaliseer deur die verwerkte data van die gestandaardiseerde metingskaal, voor en na afloop van die intervensie met mekaar te vergelyk. Die ingesamelde data is opgesom in die vorm van grafiese voorstellings. Analise beteken die kategorisering, ordening, manipulering of opsomming van die data ten einde antwoorde op navorsingsvrae te kry (De Vos, Fouchè & Venter, 2002: 223). Interpretasie van die data is nodig ten einde betekenis te vind.

Die navorser het die intervensie geïmplementeer met adolessente uit verskillende etniese groepe en het die data wat ingesamel en geanaliseer is van die verskillende etniese groepe, met mekaar vergelyk.

### **1.9.5.3 Herhaal die intervensie onder veldomstandighede**

Die primêre doel van intervensienavorsing is om effektiewe intervensies te ontwikkel ten einde verandering in 'n probleemsituasie te bewerkstellig (De Vos, 2002: 413). Die navorser het onder punt 1.9.3 die ontwerp bespreek en omskryf onder punt 1.11 steekproeftrekking. Die navorser het die intervensie geïmplementeer met vyf respondente respektiewelik vanuit drie etniese groeperings, naamlik blank, Kleurling en Xhosa.

### **1.9.5.4 Verfyn die intervensie**

Die resultaat van veldtoetse is om probleme met die meetsisteen en intervensie op te los. Aanpassings in die taal, inhoud en intervensiemetodes kan die gewenste

gedragsveranderinge produseer. Die prototipe program sal dus verfyn word voor verspreiding.

### **1.9.6 Fase 6: Verspreiding**

Gedurende hierdie fase sal 'n navorser die produk voorberei vir verspreiding deur 'n naam te kies vir die produk, 'n prys vas te stel en standarde vir gebruik op te stel. Die navorser kan dan die potensiële mark vir die intervensie identifiseer en 'n aanvraag vir die intervensie skep en gepaste aanpassings aanmoedig en tegniese ondersteuning aanbied. Fase 6 is egter nie deel van hierdie navorsing nie.

### **1.10 Voorondersoek**

Die term “voorondersoek” word in die Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk (in Strydom, 2002b: 211) soos volg gedefinieer: “Die proses waarvolgens die navorsingsontwerp vir 'n bepaalde ondersoek getoets word.” Die voorondersoek is dus 'n belangrike deel van die navorsing wat vervolgens kortliks bespreek sal word:

#### **1.10.1 Konsultasie met kundiges**

Onderhoude met mense wat die probleem ervaar het, soos kliënte, of professionele persone met kennis oor die probleem, kan die navorser help om insig te ontwikkel oor watter intervensie suksesvol kan wees en watter nie, asook bewuswording skep van die veranderlikes wat die sukses daarvan kan beïnvloed (De Vos, 2002: 212). Die navorser het met kundiges deur gesprekvoering kontak gemaak. Dit het die navorser in staat gestel om noodsaaklike inligting in te win en die beplanning en praktiese uitvoerbaarheid van die navorsing te bepaal. Die navorser het met die volgende kundige persone gesprekke gevoer:

- Mev. van der Merwe, maatskaplike werker in privaatpraktyk oor krisisintervensie en korttermyn terapie met getraumatiseerde kinders. Die navorser was verskeie kere by mev. van der Merwe vir supervisie en sy het praktiese wenke ten opsigte van

terapeutiese dienslewering aan kinders wat seksueel misbruik is, aan die navorser gegee.

- Dr. Ludwig, psigiater in privaatpraktyk. Die navorser het Dr. Ludwig vir twee supervisie-sessies gespreek. Tydens die sessies is daar hoofsaaklik gefokus op post-trauma simptome, trauma en "Eye Movement Desensitization and Reprocessing."
- Lizaan Lenox, forensiese maatskaplike werker in privaatpraktyk. Die navorser het ook 'n supervisie-sessie met Me. Lenox gereël, waartydens die hofverrigtinge, hofverslae en die deskundige getuie, bespreek is.
- Die navorser het ook telefonies verskeie maatskaplike werkers van welsynsorganisasies (PAWK, Kinder-en-Gesinsorg en CMR) gekontak. Soos reeds bespreek, het die maatskaplike werkers 'n behoefte aan 'n spelterapieprogram vir dienslewering aan die adolessent wat seksueel misbruik is, geïdentifiseer.
- Die navorser het 'n onderhoud met Vuyokazi Ngalwa, Xhosa maatskaplike werker by PATCH, gevoer ten einde meer inligting in te samel oor adolessensie en die Xhosa kultuur.
- Die navorser het ook 'n gespreksforum met elf kundiges gehou voordat die program gefinaliseer is. 'n Seminaar is aangebied voor die finale afronding van die proefskrif. Kundiges het waardevolle bydraes tydens beide byeenkomste gemaak.

### **1.10.2 Uitvoerbaarheid van die ondersoek**

Die navorser het skriftelike toestemming van die Direksie van PATCH gekry dat die navorsing wel by PATCH uitgevoer mag word, aangeheg as bylaag 2. Die navorser is 'n maatskaplike werker by PATCH en het self die respondente, vanuit haar gevallelading selekteer. Die navorser het skriftelike toestemming van die respondent en ouers verkry voordat die respondente by die navorsing betrek is. 'n Voorbeeld van die skriftelike toestemmingsbrief is aangeheg as bylaag 6 en 7.

Die navorser het van die speelkamers by PATCH se kantore in Somerset Wes, Rusthof, Lwandle, Nonzamo, Sir Lowry's Pass en Macassar vir die sessies gebruik gemaak. Elke respondent is een keer 'n week of elke tweede week, vir 'n sessie van 'n uur lank gesien.

Daar was geen kostes aan verbonde nie. Die spelterapieprogram is met elke respondent individueel geïmplementeer. Die intervensie het oor ongeveer nege maande tot 12 maande met elke respondent gestrek, afhangende daarvan of die respondent weekliks of elke tweede week gesien is, of soos dit aan die behoefte van die respondent voldoen het. Die empiriese navorsing het tussen Februarie 2004 en Januarie 2006 plaasgevind.

### **1.10.3 Toetsing van meetinstrument / onderhoudskedule / program**

Die navorser het van 'n gestandaardiseerde metingskaal, naamlik die Kinderfunksioneringsinventaris - Hoërskool, gebruik gemaak om die selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente van die adolessent wat seksueel misbruik is, voor en na intervensie te meet. Volgens Faul & Van Niekerk (1998:95) sal dit die kind slegs 20-30 minute neem om die skaal te voltooi. Daar word na die meting as “gestandaardiseerd” verwys as dit geldig en betroubaar is. Dit was dus nie nodig vir die navorser om die meetinstrument uit te toets nie, aangesien dit 'n gestandaardiseerde metingskaal is. Nadat die voorlopige program ontwikkel was, het die navorser die hele program, metingskaal, semi-gestruktureerde onderhoud en onderhoudskedule gevoortoets met een adolessent uit elke kultuurgroep – dus drie adolessente en hul ouers. Hierdie persone is dus nie by die hoofondersoek betrek nie.

### **1.10.4 Omskrywing van universum, afbakening van steekproef en wyse van steekproefneming**

Die “universum” verwys na alle potensiële respondente wat oor die eienskappe beskik, waarin die navorser belangstel. Die “populasie” is 'n term wat grense daarstel op die studie-eenheid; dit verwys na individue in die universum wat oor spesifieke eienskappe beskik (Strydom & Venter, 2002: 198). 'n Steekproef is die segment van die populasie wat oorweeg word vir verteenwoordigende insluiting van die studie (Strydom & Venter, 2002:199). Die populasie waaruit die steekproef vir hierdie studie verkry is, het adolessente dogters (13-17 jarige ouderdom) van verskillende etniese groepe, wat seksueel misbruik is en wat terapeutiese dienste by PATCH ontvang, ingesluit. Kinders

wat geselekteer is vir die studie het nie met meer as vier jaar in ouderdom van mekaar verskil nie.

Die navorser het steekproeftrekking gedoen wat op 'n nie-waarskynlikheidseleksie berus. Al die mense in die populasie, in die nie-waarskynlikheidseleksie, het nie dieselfde waarskynlikheid om ingesluit te word in die seleksie nie en vir elkeen van hulle is die waarskynlikheid van insluiting onbekend. (Vergelyk Thyer, 2001:49; Williams, Tutty & Grinnell, 1995: 228.) Die navorser het 15 respondente by wyse van doelgerigte steekproefneming geselekteer en wel vyf respondente respektiewelik vanuit die etniese groepering Xhosa, blank en Kleurling. 'n Doelgerigte steekproefneming is gebaseer op die oordeel van die navorser, deurdat die navorser 'n steekproef saamstel uit persone wat volgens die navorser se oordeel die kenmerkende eienskappe van die populasie openbaar (Strydom & Venter, 2002: 207). Die volgende kriteria was vir die keuse van die respondente benut, naamlik:

- Seksueel misbruikte adolessente dogters,
- Tussen dertien en sewentienjarige ouderdom,
- Die respondente moet alreeds die seksuele misbruik onthul het,
- Die seksuele misbruik moet nie langer as vier maande voor die verwysing na PATCH plaasgevind het nie,
- Die respondente moet nie met meer as vier jaar in ouderdom van mekaar verskil nie,
- Respondente moet van verskillende etniese groepe wees, naamlik Xhosas, blankes en Kleurlinge,
- Die respondente moet terapeutiese dienste by PATCH ontvang en is vanaf Februarie 2004 geselekteer.

Na seleksie is skriftelike toestemming van die respondente en ouers van die potensiële respondente verkry, voordat hulle betrek is by die navorsing.

### 1.11 Etiese aspekte

Etiek is 'n stel morele beginsels wat deur die individu of groep voorgestel en aanvaar word en lê reëls en gedragsverwagtinge neer vir die besluit oor die mees korrekte optrede teenoor kliënte, werkgewers, navorsers, borge, assistente en studente (Strydom, 1995: 15). Etiese kodes rig professionele persone in hul werk en voorsien standarde om hulle te ondersteun tydens gebeure wanneer hulle aksies verdedig moet word (Thompson & Rudolph, 2000: 7). Kodes van etiek is gevestig deur professionele liggame om 'n regulerende raamwerk te voorsien vir die beskerming van kwesbare kliënte (Woolfe & Dryden, 1996: 560).

Die navorser is geregistreer by die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Diens Beroepe en respekteer die etiese kode van die beroep. Etiese riglyne dien ook as standaard en basis waarvolgens elke navorser sy eie optrede behoort te beoordeel en as 'n aspek waarna voortdurend gestreef moet word. Vir die doel van hierdie studie het die navorser tussen die volgende etiese kwessies onderskei, soos deur Strydom (2002c: 62-75) bespreek:

- Ingeligte toestemming impliseer dat alle moontlike inligting of voldoende inligting ten opsigte van die doel van die ondersoek, die prosedures wat tydens die ondersoek gevolg sal word, die moontlike voordele, nadele en gevare waaraan respondente blootgestel mag word en die geloofwaardigheid van die navorser, aan potensiële proefpersone verstrekkend word. (Vergelyk Thyer, 2001:434 & Strydom, 2002c: 65.) Die navorser was bewus daarvan dat die adolessent wat seksueel misbruik is, wat betrek is by die navorsing asook die ouers van die kinders, ingelig moes word oor bogenoemde ten einde skriftelik, ingeligte toestemming te verkry. Die navorser het die respondente verseker dat dit hul reg is om toestemming te weier of te enige tyd van die navorsing te onttrek (Thyer, 2001:437).
- Steekproeftrekking moet aandagtig deur die navorser gedoen word. Weens kultuur, etnisiteit en maatskaplike verskeidenheid, moet maatskaplike werkers verseker dat

hul steekproewe 'n verskeidenheid groepe en kliënte insluit (Thyer, 2001:434). Aangesien die navorser 'n doelgerigte steekproeftrekking vanuit die navorser se gevallelading gedoen het, het die navorser sodoende verseker dat respondente vanuit verskillende etniese groepe geselekteer is. Die navorser het vyf kinders van elke etniese groep (Xhosa, blank en Kleurling), geselekteer.

- Skade aan proefpersone kan van 'n fisiese of emosionele aard wees (Strydom, 2002c: 64). Die navorser is eties verplig om die aard van die navorsing te verander eerder as om die respondente aan die skraalste moontlikheid van fisiese of emosionele benadeling bloot te stel. Sover die navorser se kennis strek was nie een van die respondente blootgestel aan enige vorm van fisiese of emosionele skade gedurende die terapeutiese proses nie en verwysings na 'n ander terapeut was dus nie nodig nie.
- Misleiding van proefpersone is wanneer inligting weerhou word of verkeerde inligting voorsien word, om deelname te verseker (Strydom, 2002c: 66). Die navorser het verseker dat geen inligting van die proefpersone weerhou word nie deur die proefpersone en versorger(s) die ingeligte toestemmingsbrief te laat teken nadat die doel van die navorsing verduidelik is. Indien die navorser bewus word van enige misleidende inligting, sal dit reggestel word.
- Skending van die privaatheid van die proefpersone moet vermy word. Navorsers moet die respondente se privaatheid beskerm en navorsingdata konfidensieel hanteer. (Vergelyk Thyer, 2001:440 en Strydom, 2002c: 67.) Die privaatheid van proefpersone kan onder meer benadeel word deur die gebruikmaking van versteekte apparate soos videokameras, eenrigtingspieëls en mikrone (Strydom, 1995: 19). Soos reeds bespreek het die navorser besluit om nie van 'n bandopnemer gebruik te maak nie. Die navorser het van skuilname gebruik gemaak tydens bespreking van die gevallestudies en die empiriese gegewens ten einde die skending van die privaatheid van die proefpersone te vermy. Die proefpersone is individueel ingeskakel by die sessies. Streng vertroulikheid is gehandhaaf.

- Die navorser moet bevoeg en bedrewe wees om die voorgestelde ondersoek te loods (Strydom, 2002c: 69). Die navorser is bewus daarvan dat die totale navorsingsproses op 'n eties-korrekte wyse moet verloop. Eties-korrekte optrede, houding en kleredrag vir elke spesifieke navorsingsprojek behoort onder alle omstandighede vir die bekwame navorser te geld en dit behoort deel van haar mondering as navorser uit te maak (Strydom, 1995: 21). Aangesien die navorser reeds haar MA (MW) Speltherapiegraad voltooi het, beskik die navorser oor die nodige kennis en vaardighede om die studie uit te voer. Die navorsing vloei dus voort uit die maatskaplike werker as navorser se daaglikse werk met kinders wat seksueel misbruik is.
- Die bevindinge van die ondersoek moet skriftelik aan die leserspubliek bekend gestel word, anders beteken selfs 'n hoogs wetenskaplike ondersoek baie min en kan dit nie as navorsing beskou word nie (Strydom, 2002c: 71). Die navorser is bewus daarvan dat alvorens 'n navorsingsverslag en artikel ingedien mag word, dit moet voldoen aan die vereistes, soos opgestel deur die Afdeling Akademiese Administrasie van die Universiteit van Pretoria.
- Ontlonting vir proefpersone na die studie, is 'n geleentheid vir proefpersone om deur hulle ervaringe te werk (Strydom, 2002c: 73). Die navorser is steeds beskikbaar indien enige van die respondente weer die terapeutiese sessies wil voortsit of is bereid om die nodige verwysings na ander professionele persone te doen indien nodig.

### **1.12 Probleme ervaar tydens die navorsing**

Die navorser het probleme ervaar met die selektering van die blanke respondente. Alhoewel daar wel blanke dogters tussen 13 en 17jarige ouderdom na PATCH verwys is, het twee dogters nie aan die kriteria vir die keuse van respondente voldoen nie, aangesien die seksuele misbruikvoorvalle langer as vier maande voor die verwysing na PATCH plaasgevind het. Drie ander adolessente het nie belang gestel in langtermyn terapie en om aan die navorsing deel te neem nie en een ander adolessent moes beveilig word en is in



veiligheid buite PATCH se diensarea geplaas. Die navorser is van mening dat onderaanmelding en geheimhouding 'n probleem is met blanke slagoffers van seksuele misbruik. Die gebrek aan geskikte respondente het die navorsing vertraag, aangesien die navorser moes wag totdat blanke dogters wat aan die kriteria voldoen na PATCH verwys word.

Die navorser het ook probleme ervaar met die voltooiing van die spelterapeutiese proses met die Xhosa respondente. Die Xhosa respondente was baie keer nie betyds vir die sessies nie en sou of te vroeg of te laat vir hulle sessies opdaag. Dit het dienslewering bemoeilik aangesien die navorser dan soms nie beskikbaar was nie weens ander verpligtinge of ander afsprake. Volgens PATCH se Xhosa maatskaplike werker, Vuyokazi Ngalwa (2003), ervaar sy dieselfde probleem met haar Xhosa kliente deurdat hulle nie altyd betyds vir hulle sessies opdaag nie. Twee van die Xhosa respondente se ouers het tydens die terapeutiese proses besluit om hulle kinders na uitgebreide familie in die Oos-Kaap te stuur en het dus die voltooiing van die terapeutiese proses telkens onderbreek en voltooiing voorkom. Die navorser moes telkens nuwe respondente selekteer wanneer dit gebeur het en het altesame nege Xhosa respondente oor die verloop van tyd geselekteer. Die navorser was met deursettingsvermoë daartoe in staat om met vier Xhosa respondente die terapeutiese proses te voltooi.

Die vyfde Xhosa respondent het gedurende die terapeutiese proses onthul dat sy toestemming gegee het en nie verkrag is nie. Aangesien die respondent ten tye van die voorval 13 jaar oud was, kan sy volgens die wet nog nie ingeligte toestemming vir seksuele omgang gee nie en was die voorval dus statutêre verkragting en nie verkragting nie. Sy het na die onthulling nie terapie voortgesit nie en het die verkragtingsaak teruggetrek. Die navorser het egter besluit om die betrokke respondent steeds deel te maak van die navorsing aangesien dit ook in praktyk kan gebeur dat 'n adolessent onthul dat sy toestemming gegee het en nie verkrag is nie. Die navorser was soms nie in staat om die respondente weekliks te sien nie weens hulle ander verpligtinge soos sport en gedurende die eksamens. Die navorser het die terapeutiese sessies dus aangepas by elke kind se individuele behoeftes en het soms die respondente elke tweede week gesien

wanneer nodig. Aangesien die navorser 15 respondente vir ongeveer dertig individuele sessies elk gesien het, was dit moeilik om die empiriese gegewens bondig weer te gee en ter selfder tyd 'n waarheidsgetroue beeld te skets. Die navorser het daarom noodgedwonge tegniese aanpassings in hoofstuk ses, sewe, agt en nege gemaak.

### **1.13 Definisie van hoofkonsepte**

#### **1.13.1 Seksuele misbruik**

Winton & Mara (2001:48) definieer seksuele misbruik vanuit die “Third National Incidence Study of Child Abuse and Neglect”, wat drie vorme van seksuele misbruik identifiseer, naamlik:

- Indringing – bewyse van orale, anale of genitale (geslags) penetrasie, of anale of genitale digitale (vinger) of ander penetrasie.
- Seksuele misbruik met geslagskontak – dae waartydens sommige vorme van geslagskontak plaasgevind het, maar waar daar geen spesifieke aanduiding van indringing is nie.
- Ander of onbekende seksuele misbruik – nie-spesifieke dae, wat nie-geslagskontak insluit nie (bv. betasting van die borste of boude, blootstelling) en vir beweerde onaanvaarbare of onvoldoende supervisie van 'n kind se vrywillige seksuele aktiwiteite.

Volgens Gil (1996:12) verwys seksuele misbruik na die betrokkenheid van 'n kind in seksuele aktiwiteite ten einde seksuele bevrediging of finansiële voordeel aan die oortreder te voorsien, insluitende kontak vir seksuele doeleindes, prostitusie, pornografie, blootstelling en ander seksueel uitbuitende aktiwiteite. Volgens Mash & Woolfe (2002:383) sluit seksuele misbruik die betasting van die kind se genitalië, geslagsomgang, bloedskanie, verkragting, sodomie, tentoonstelling en kommersiële blootstelling deur prostitusie of die voortbrenging van pornografiese materiaal in.

Volgens Tower (1996:132) sluit die term seksuele misbruik die volgende in: "...(i) the employment, use persuasion, inducement, enticement or coercion of any child to engage in any sexually explicit conduct (or any stimulation of such contact) for the purpose of producing any visual depiction of such contact, or (ii) the rape, molestation, prostitution, or other form of sexual exploitation of children, or incest with children, under circumstances which indicate the child's health or welfare is harmed or threatened thereby."

Die navorser is bewus daarvan dat die oortreders nie noodwendig volwassenes is nie en dat kinders ook kinders seksueel kan misbruik. Volgens die navorser verwys seksuele misbruik na:

- Die kind se onrype ontwikkeling en onvermoë tot toestemming,
- Die oortreder se misbruik van mag en die slagoffer se gevoel van hulpeloosheid,
- Seksuele aktiwiteite wat ontoepaslik vir die kind se ontwikkelingsouderdom is,
- Verkragting, onsedelike aanranding, bloedskande, betasting, orale seks en digitale (vinger) penetrasie, blootstelling, seksueel uitbuitende aktiwiteite en pornografie.

### **1.13.2 Adolessensie**

Adolessensie is die periode van verandering tussen middelkinderjare en lewe as 'n volwassene; dit dek basies die tienerjare. Biologies word dit gekenmerk deur die begin van puberteit en na puberteit is 'n persoon seksueel volwasse en kan potensieël 'n ma of pa van 'n kind word. Sosiaal word adolessensie gekenmerk deur 'n verhoging van onafhanklikheid van ouers, soos die jong persoon voorberei om die huis te verlaat, om opvoeding te voltooi, om seksuele verhouding te vorm en om 'n soort werk te vind (Smith, Cowie & Blades, 1998:231).

As gevolg van sowel individuele as kultuurverskille wissel die bepaling van die aanvangsfase van adolessensie tussen 11 en 13 jaar, terwyl die einde van adolessensie tussen ouderdomme 17 en 21 jaar val (Thom, Louw, Van Ede & Ferns, 1998:384). Dit is dus beter om die adolessente ontwikkelings stadium in terme van spesifieke

ontwikkelingskenmerke te beskryf as bloot op grond van ouderdom. Volgens Thom (1990:393) kan dus gesê word dat adolessensie tydens puberteit (vinnige liggaams groei, voortplantingsorgane begin funksioneer en geslagsrypheid word bereik) 'n aanvang neem.

Die einde van adolessensie word egter deur minder opvallende eienskappe gekenmerk as die begin. Sosiaal gesien, eindig adolessensie wanneer die individu onafhanklik en selfonderhoudend is en volwasse rolle begin vervul, in die huwelik tree en met 'n gesin begin. Wetlik eindig adolessensie in Suid-Afrika op 21 jarige ouderdom, wanneer die noodsaaklikheid van ouerlike toestemming verval en die persoon verantwoordelik gehou kan word vir kontrakverpligtinge. Psigologies eindig adolessensie wanneer die persoon redelik seker van sy identiteit is, emosioneel onafhanklik van sy of haar ouers is, 'n eie waardestelsel het en in staat is om 'n volwasse liefdesverhouding en vriendskapsverhoudings aan te knoop (Thom, Louw, Van Ede & Ferns, 1998:384). Volgens Gil (1996:5) word adolessensie oor die algemeen gedefinieer as die lewensperiode tussen die ouderdom 10 en 21 jaar, alhoewel daar geringe variasies gerapporteer word. Sewentienjarige kinders word volgens die wet gesien as minderjariges, terwyl agtienjariges wetlik gesien word as volwassenes.

Vir die doel van hierdie studie, word adolessensie gedefinieer as jong persone tussen die ouderdom van 12 en 18 jaar oud. Die navorser is egter van mening dat adolessensie ook in die breër konteks gesien moet word insluitende fisiese, kognitiewe, emosionele, persoonlikheids-, morele, seksuele en geestelike ontwikkeling. Gedurende adolessensie vind daar baie groei en verandering plaas en die adolessent ervaar baie keer ambivalente dryfkrigte, byvoorbeeld biologiese ontwikkeling teenoor morele ontwikkeling.

### **1.13.3 Speltherapie**

Speltherapie word deur West (1996:15) gedefinieer as : "...a holistic approach, using play as a means of 'helping' in a non-invasive way, the physical, spiritual, emotional and cognitive aspects, both conscious and unconscious, taking account of the past, present

and future of the ‘whole child.’” Webb (1999:30) beskryf spelterapie as ‘n hulpvaardige interaksie tussen ‘n opgeleide volwassene en ‘n kind wat poog om die kind se emosionele bekommernisse te verlig deur die simboliese kommunikasie van spel.

In 1997 het die Raad van Direkteure van die Internasionale Vereniging vir Speltherapie die volgende definisie vir speltherapie ontwikkel, naamlik: “Play therapy is the systematic use of a theoretical model to establish an interpersonal process wherein trained play therapists use the therapeutic powers of play to help clients prevent or resolve psychosocial difficulties and achieve optimal growth and development.” (O’Connor, 2000:7). Speltherapie is gebaseer op die feit dat spel ‘n kind se natuurlike metode van self-uitdrukking is (Cattanach, 1992:29). Dit is ‘n geleentheid wat aan die kind gegee word om haar gevoelens en probleme uit te speel.

Speltherapie kan dus volgens die navorser gedefinieer word as die terapeutiese metode en hulpmiddel wat die terapeut benut, om deur middel van verskillende spelvorme en spelmediums, die geleentheid tot kommunikasie met die kind te bewerk, op die nie-bedreigende manier.

#### **1.13.4 Selfpersepsie**

Vanaf ‘n baie jong ouderdom af, begin ‘n kind ‘n beeld of ‘n prent van haarself vorm. Volgens Geldard & Geldard (1999: 164) word daar verwys na hierdie beeld of prent as die kind se selfpersepsie, en is hoofsaaklik gebaseer op die manier waarop die kind deur betekenisvolle persone in haar lewe behandel is. Hierdie mense, deur hul reaksies, gee aan die kind inligting van haarself en oor haar gedrag. As ‘n gevolg, sal die kind beide positiewe en negatiewe houdings teenoor haarself ontwikkel.

Volgens Botha, Van Ede & Piek (1990: 296) is selfpersepsie, die persoon se siening of beeld van homself en sluit dit kognitiewe, emosionele en evaluatiewe aspekte in. Dit beteken dat die persoon nie net “kennis” oor sy eienskappe het nie, maar ook gevoelens oor en evaluasies van haarself en haar eienskappe.

Selfpersepsie kan dus gedefinieer word as die persoon se beeld van haarself, gebaseer op reaksies en boodskappe van betekenisvolle persone in die persoon se lewe, en dit sluit kognitiewe, emosionele en evaluatiewe aspekte in.

### **1.13.5 Trauma dinamika**

Die woord “trauma” verwys na ‘n oorweldigende, onbeheerbare ervaring wat ‘n sielkundige impak op die slagoffer het, deur gevoelens van hulpeloosheid, kwesbaarheid, tekort aan veiligheid en selfbeheersing veroorsaak (Hartman, 1995: 52).

Seksuele misbruik van kinders is egter uniek wanneer ‘n traumatiese ervaring gedefinieer word, aangesien daar sommige kere ‘n subtiele proses betrokke is, wat nie noodwendig gewelddadige oorreding insluit nie. Die oortreder kan van omkoopgeskenke gebruik maak en eers nadat ‘n “vertrouensverhouding” met die kind gebou is, kan die gebeure ‘n meer seksuele aard inneem. Die kind ervaar verwarring oor haar gevoelens van die gebeure en dit is die fondament van die komplekse reaksie tot ‘n traumatiese ervaring (Müller & Hollely, 200: 106).

Volgens die navorser kan trauma as ‘n dinamiese proses gesien word, wat die adolessent wat seksueel misbruik is, se kognitiewe en emosionele oriëntasie tot die wêreld verander en trauma skep deur die kind se konsep van haarself, haar wêreld-siening en vermoë om emosie te toon, te verwing. Hierdie verwinging resulteer baie keer in gedragsprobleme en word algemeen opgemerk by slagoffers van seksuele misbruik.

## **1.14 Indeling van navorsingsverslag**

Die navorser besef dat ander terapeute (maatskaplike werkers en sielkundiges) moontlik vanuit verskillende benaderings werk en wil dit daarom noem dat die navorser vanuit die gestaltbenadering werk. Die navorser het besluit om te begin deur die adolessent se normale ontwikkeling te bespreek (hoofstuk 2) en om daarna te fokus op die impak van

seksuele misbruik op die adolessent (hoofstuk 3), aangesien dit onveranderd bly wat ookal die benadering van die terapeut is. Die navorser het in die hoofstuk wat daarop volg (hoofstuk 4) spesifiek speltherapie vanuit die gestaltbenadering bespreek aangesien dit die grondslag gevorm het vir die ontwikkeling van die speltherapieprogram. Daarna het die navorser gefokus op beginsels en vaardighede (hoofstuk 5) wat toegepas moet word tydens die toepassing van die speltherapieprogram (hoofstuk 6).

Die navorsingsverslag word in tien hoofstukke ingedeel en sien as volg daaruit:

- Hoofstuk 1 is die algemene inleiding tot die ondersoek. Die volgende belangrike aspekte word inleidend aangespreek: 'n algemene inleiding, motivering vir die keuse van die onderwerp, probleemformulering en afbakening, doel van die studie, hipoteseformulering, navorsingsmetodologie, die voorondersoek, omskrywing van universum en definisies van die hoofkonsepte.
- Hoofstuk 2 fokus op adolessensie, kinderontwikkelingsteorieë en die invloed van kulturele aspekte op die adolessent.
- Hoofstuk 3 fokus op die impak van seksuele misbruik op die adolessent wat seksueel misbruik is.
- Hoofstuk 4 beskryf speltherapie vanuit die gestaltbenadering.
- Hoofstuk 5 beskryf terapievaardighede en beginsels om die trauma-dinamika-elemente en selfpersepsie van die adolessent wat seksueel misbruik is, te verbeter.
- Hoofstuk 6 bespreek 'n speltherapieprogram vir adolessente wat seksueel misbruik is.
- Hoofstuk 7 bespreek die empiriese gegewens en navorsingbevindings van die Kleurling respondente.
- Hoofstuk 8 bespreek die empiriese gegewens en navorsingbevindings van die Xhosa respondente.
- Hoofstuk 9 bespreek die empiriese gegewens en navorsingbevindings van die blanke respondente.
- Hoofstuk 10 is die slothoofstuk waarin die ondersoek en verslag saamgevat word. Gevolgtrekkings en aanbevelings word gemaak.

## **Hoofstuk 2: Adolessensie: kinderontwikkelingsteorieë en die invloed van kulturele aspekte op adolessente**

### **2.1 Inleiding**

Alhoewel die ontwikkeling van die individu een voortdurende proses van bevrugting tot die dood is, is dit die gebruik om dit in fases te verdeel (Meyer, 1998:13). Die verdeling van die lewenspan in fases is gebaseer op die feit dat elke fase spesifieke karaktereenskappe het. Die navorser sal in hierdie hoofstuk op adolessensie as lewensfase konsentreer. Die aanvangsouderdome van adolessensie varieer van 11 tot 13 jarige ouderdom en dit eindig tussen 17 en 21 jarige ouderdom. (Vergelyk Thom, Louw, Van Ede & Ferns, 1998:384; Gil, 1996:5.)

‘n Indiepte kennis van ontwikkelingsteorieë is noodsaaklik wanneer dienste aan adolessente gelewer word, aangesien seksuele misbruik voor of tydens hierdie fase, die ontwikkelingsproses kan versteur. Die ontwikkelingsteorieë sluit kennis van die algemene en besondere basiese behoeftes en ontwikkelingsake wat die adolessent moet bemeester, in. Volgens Gil (1996:23) stel Finkelhor dit dat die kind se risiko om ‘n slagoffer van seksuele misbruik te word, kan varieer oor die ontwikkelingspan, gebaseer op die eienskappe van die kind (haar geskiktheid as ‘n teiken en vermoë om haarself te beskerm) en die eienskappe van die kind se omgewing (die teenwoordigheid van oortreders en die teenwoordigheid van bekwame versorgers).

Die impak van die seksuele misbruik kan varieer tydens verskillende fases van ontwikkeling. Dit is die navorser se opinie dat dit belangrik is om te probeer verstaan hoe die adolessent die seksuele misbruik ervaar het en hoe die seksuele misbruik die adolessent affekteer het. Dit is ook uiters belangrik om die kulturele aspekte, omgewingsaspekte en sosio-ekonomiese posisie van die adolessent en die gesin in ag te neem en om nie te veralgemeen vanaf die een na die ander nie. Adolessente word groot in verskillende ekonomiese, sosiaal-historiese en politieke kontekste. Verskille in die adolessente se ervaringe is meer as die gemene. Kruis-kulturele en kruis-nasionale



verskille is goed gevestig, en binne nasies, verskil adolessente in terme van etnisiteit, geslag, ekonomiese voordele en nadele, fisiese en kognitiewe vermoëns, ouderdom, familiestrukture, opvoedingsgeleenthede, seksuele voorkeure, plek van woning (stedelik of plattelands), en blootstelling aan nasionale en internasionale media. Al hierdie faktore beïnvloed die adolessent se lewe, waardes en verwagtinge vir die toekoms (Comunian & Gielen, 2000:403).

In hierdie hoofstuk sal 'n holistiese beeld van adolessensie as lewensfase uitgebeeld word, kinderontwikkelingsteorieë sal geïntegreer word asook sienings van kundiges wat internasionaal erken word. Die navorser sal ook die invloed van kulturele aspekte op die adolessent bespreek, aangesien die respondente uit drie kultuurgroepe geselekteer word.

## **2.2 Adolessensie**

Die ontwikkeling van die konsep “adolessensie”, het politieke en sosiale oorspronge wat ongeveer 100 jaar oud is (Gil, 1996:4). In vorige eeue is daar van individue (nou bekend as adolessente) verwag om te werk sodra hulle fisies sterk genoeg was. Sodoende het die individue bygedra tot hulle families se ekonomiese en sosiale stabiliteit. Huwelike is baie keer deur families gereël, sonder dat adolessente inspraak gehad het.

Die Industriële Revolusie het geresulteer in sosiaal politieke hervorming. Die jeug en volwasse geregsistees was apart, hoërskool is verpligtend gemaak en die kinderarbeidswet het ingetree (Gil, 1996:4). Nuwe industriële beroepe het die arbeidsmark kleiner gemaak en om te voorkom dat die adolessente met volwassenes kompeteer vir werk, is kindskap verleng. Individue het daarom later die arbeidsmag betrek omdat hulle langer op skool was. Hierdie verandering het die gebruik van die konsep “adolessensie” bespoedig.

Soos kinders van die babajare na volwassendheid vorder, gaan hulle deur dinamiese en veranderende tydperke. Wat tydens hierdie proses gebeur, het 'n kritiese effek op die kind se toekomstige funksionering (Karp, Butler & Bergstrom, 1998:1). Die ouderdom

waarop adolessensie 'n aanvang neem, varieer van elf tot dertienjarige ouderdom en eindig tussen 17 en 21jarige ouderdom (Thom, Louw, Van Ede & Ferns, 1998:384). Adolessensie word baie keer beskryf as die “tyd van verandering” vanaf middelkinderjare na volwassenheid. Dit kan 'n uitdagende periode vir die adolessent wees, want hy / sy word nie meer as 'n “kind” gesien nie, maar word ook nie as 'n “volwassene” gesien nie. Dit kan interne konflik veroorsaak as die adolessent daarna streef om van hul ouers te skei en individualiteit vorm (Karp, Butler & Bergstrom, 1998:4).

Adolessensie is 'n groeiproses na volwassenheid, wat in alle kulture as die optimale doelwit van menslike ontwikkeling gesien word (Thom, Louw, Van Ede & Ferns, 1998:384). Dit moet egter in gedagte gehou word dat alhoewel sekere aspekte van ontwikkeling universeel voorkom, ontwikkeling steeds gekarakteriseer word deur kultuur en individuele verskille. Daar is verskeie, normale “probleme” wat adolessente ervaar, byvoorbeeld 'n uitermatige sin van lojaliteit teenoor vriende, wantroue teenoor volwassenes en om uitermatig selfbewus te wees (Gil, 1996:8).

Dit sal daarom moeilik wees om wat 'n persoon “sien” en “hoor” van 'n adolessent te verstaan, indien 'n persoon nie die ontwikkelingsbehoefte van 'n adolessent verstaan nie. Die navorser poog met hierdie hoofstuk om adolessensie as ontwikkelingsfase in 'n breër konteks, insluitende fisiese, kognitiewe, seksuele en sosiale ontwikkeling, te beskryf. Begrip van adolessente se take en fases kan die terapeut help om realistiese doelwitte te stel en om meer empaties en geduldig met die adolessent te wees deur hulle gedrag in die breër konteks te sien.

### **2.3 Die begrip kultuur**

Sosioloë en antropoloë definieer kultuur as die gedeelde produkte van 'n menslike groep of samelewing (Popenoe, Cunningham & Boulton, 1998:25). Hierdie gedeelde produkte sluit nie net waardes, taal en kennis in nie, maar ook materiële voorwerpe. Die mense van so 'n groep of samelewing deel nie-materiële kultuur naamlik abstrakte en gemengde menslike skeppings, byvoorbeeld definisies van reg en verkeerd, kommunikasiemediums

en kennis van die omgewing en maniere waarop dinge gedoen moet word. Hulle deel ook materiële kultuur, naamlik 'n liggaam van fisiese voorwerpe wat die nie-materiële kultuur se betekenis reflekteer. Elemente van materiële kultuur sluit geld, klere en kunswerke in (Popenoe, Cunningham & Boulton, 1998:25).

Kultuur kan gesien word as 'n stel riglyne (eksplisiet en implisiet) wat individue as lede van 'n spesifieke samelewing erf, wat hul inlig hoe om na hulle wêreld te kyk, hoe om dit emosioneel te ervaar en hoe om daarin op te tree in verhouding tot ander mense, bonatuurlike magte of gode en die natuurlike omgewing (Swartz, 2002:6). Kultuur voorsien ook aan mense 'n wyse om hierdie riglyne na die volgende generasie oor te dra – deur die gebruik van simbole, taal, kuns en rituele. Kultuur kan dus gesien word as die proses van wees en wording van 'n sosiale wese, oor die reëls van 'n samelewing en die maniere waarop dit voorgeskryf, ervaar en oorgedra word. Volgens Swartz (2002:7) kan kultuur nie staties wees nie, maar verander soos interpretasies van reëls verander oor tyd met verskillende omstandighede. Dit is die navorser se mening dat Suid-Afrika 'n goeie voorbeeld is van kultuur wat nie staties is nie, as in ag geneem word hoe verwestering en industrialisasie kulture in Suid-Afrika beïnvloed het.

Friedman (1999:1) glo dat mense die reg het om te erken dat die adolessent se gesondheid baie afhanklik is van gedrag en dat gedrag baie afhanklik is van die fase van menslike ontwikkeling wat die jong persoon bereik het. 'n Westerse raamwerk vir menslike ontwikkeling, wat intellektuele en ekonomiese prestasies waardeer, kan nie op alle samelewings gebaseer word nie. As 'n resultaat word die fout begaan om die aanname te maak dat samelewings wat ekonomies suksesvol is en wat akademiese en wetenskaplike prestasies waardeer, kultureel op 'n hoër vlak is en daarom beter in staat is om die adolessent se ontwikkeling en gesondheid te bevorder.

Volgens Friedman (1999:2) is daar twee nadelige gevolge van hierdie aannames. Eerstens, deur klem te plaas op sekere prestasies, kraak mense onbewustelik die kulture in die samelewings af wat klem plaas op ander prestasies. Hierdie risiko verminder die respek wat jong mense vir die primêre bron van hul kulturele erfenis het, naamlik hul

families. Dit kan weer 'n afstand veroorsaak tussen jonger en ouer mense en resulteer in 'n verlies van selfbeelde in beide groepe: die ouer mense, want hul voel onvolwaardig, en die jonger mense, want hul voel dat hul benadeling geërf het.

Dit is dus volgens die navorser belangrik dat sekere aspekte van menslike ontwikkeling, soos besnyding of die begin van menstruasie, wat waardevol is vir spesifieke individue, samelewings en kulture nie geïgnoreer moet word nie. Die navorser het 'n onderhoud met Vuyokazi Ngalwa (2003), Xhosa maatskaplike werker by PATCH, gevoer ten einde meer inligting in te samel oor adolessensie en die Xhosa kultuur. Die navorser sal telkens tydens bespreking van kulturele aspekte verwys na wat Vuyokazi Ngalwa (2003) aan die ondergetekende meegedeel het.

## **2.4 Adolessensie as ontwikkelingsfase**

In hierdie afdeling gaan die navorser poog om die misterie van ontwikkeling van die adolessent te ontrafel. Die navorser sal na verskeie ontwikkelingsteorieë verwys. Volgens Louw, Louw & Schoeman (1993:513) kan 'n ontwikkelingsteorie beskou word as 'n poging om die ontwikkeling van die mens sistematies vanuit 'n bepaalde teoretiese raamwerk te beskryf en te verklaar.

### **2.4.1 Liggaamlike en fisiologiese ontwikkeling**

Dramatiese fisiese veranderinge vind tydens adolessensie plaas. Die adolessent groei vinnig en neem die liggaamsgrootte van 'n volwassene aan (Sigelman, 1999:125). Die adolessent ervaar puberteit, die proses van biologiese veranderinge wat resulteer in seksuele rypheid en die vermoë om voort te plant (Lefrancois, 1999:316). Die fisiese metamorfose van puberteit is van die opvallendste veranderinge van adolessente en kan daarom ook 'n bron van kommer, angs en preokkupasie wees (Gil, 1996:35). Puberteit kan dus volgens die navorser, as die eerste fase van adolessensie beskou word.

### 2.4.1.1 Puberteit

Puberteit is 'n dinamiese periode van ontwikkeling, gekenmerk deur vinnige veranderinge in liggaamsgrootte, vorm en samestelling (Rogol, Roemmich & Clark, 2002:192). Puberteit verwys na vinnige fisiese veranderinge en groei wat plaasvind tydens adolessensie (Louw, 1997:506). Puberteitsveranderinge vind plaas tydens die eerste aantal jare van die adolessente stadium wat gekenmerk word deur uiterlike liggaamlike en inwendige fisiologiese veranderinge. Volgens Louw, Louw & Schoeman (1993:561) kom die volgende puberteitsveranderinge universeel by adolessente voor: vinnige liggaamlike groei, hormoonveranderinge, toenemende seksuele behoeftes en die bereiking van geslagsrypheid. Die verhoogde vlakke van sekere hormone in die adolessent se bloed kan dus die fisiese voorkoms en emosionele toestand van die adolessent beïnvloed.

Geslagsverskille kom voor deurdat meisies oor die algemeen vroeër puberteitsgroei as seuns ervaar (Comunian & Gielen, 2000:404). Ofskoon individuele verskille voorkom, val die puberteitsfase gewoonlik tussen elf en vyftien jaar. Die adolessent se selfvertroue, liggaamsbeeld, psigo-emosionele en sosiale ontwikkeling word geaffekteer deur die individuele verskille van aanvang en spoed van puberteitsontwikkeling, veral as die adolessent anders is van wat as normaal gesien word (Gil, 1996:37). Professionele persone vanuit verskillende professies dui aan dat puberteit huidig reeds op 'n vroeër ouderdom voorkom. Dit kan toegeskryf word aan gesonder diëte, beter mediese dienste, verbeterde sanitasie en minder kindersiektes as gevolg van immunisering (Thom, Louw, Van Ede & Ferns, 1998:390).

**Tabel 2.1: Volgorde van ontwikkeling van primêre en sekondêre geslagskenmerke.**

VROULIK	MANLIK
Vergroting van borste	Vergroting van testes, skrotum en seminale blasies
Verskyning van reguit gepigmenteerde	Verskyning van reguit gepigmenteerde

okselhare	skaamhare
Vinnige liggaams groei	Groei van penis
Verskyning van gekrulde skaamhare	Stem breek
Vergroting en ontwikkeling van vagina, klitoris en uterus	Groei van baard
Menstruasie (aanvanklik onreëlmatig, ovulasie onstabiel)	Groei van gekrulde skaam- en okselhare
Gelokaliseerde vetneerslae	Eerste ejakulasie (saadtelling laag, onvrugbaar)
Toenemende aktiwiteit van sebaceousklier (smeerklier)	Spermatogenese (saadsvorming)
Toenemende rypheid van voortplantingsorgane	Semenale emissies (saadstorting)
Stabiele ovulasie	Verhoging in die produsering van olie, moontlikheid van aknee
Verhoging in die produsering van olie, moontlikheid van aknee	Groei van borshare

(Vergelyk Thom, 1990:401; Lefrancois, 1999:315.)

#### 2.4.1.2 Die implikasies van vroeë en laat liggaamsrypheid

Puberteit by meisies begin wanneer die seksorgane, soos die eierstokke, uterus, vagina en klitoris, begin om te vergroot as gevolg van hormonale werking (Thom, Louw, Van Ede & Ferns, 1998:390). Adollesente is baie bewus van die fisiese veranderinge wat hulle ervaar. Meisies wat vroeg liggaamsrypheid bereik, is meer geneig om 'n swak selfpersepsie te ontwikkel, om depressief te voel en vroeër te begin uitgaan met seuns en om betrokke te raak in onaanvaarbare gedrag, soos om te veel te drink of skoolafwesigheid, en om besorg te wees oor hul gewig. (Vergelyk Gil, 1996:38; Lefrancois, 1999:316.) Vervroegde fisiese ontwikkeling voorsien 'n moontlike verduideliking waarom adollesente sekere dinge doen, byvoorbeeld betrokke raak in seksuele aktiwiteite tydens 'n vroeër ouderdom as hul ouers (Chapin, 2000:799). Adollesente ontwikkel fisies vroeër as wat hulle emosionele rypheid bereik, kognitief

ontwikkel, en norme geassimileer is. Adolescente is dus beïnvloedbaar en kan swig onder portuurgroepdruk.

Volgens Thom, Louw, Van Ede & Ferns (1998:390) is dit nodig om daarop te let dat puberteit op al hoe vroeër ouderdom voorkom, dat adolescente vroeër hul volwasse lengte bereik en langer word as voorheen. Volgens Thom, Louw, Van Ede & Ferns (1998:390) kan die neiging toegeskryf word aan gesonder diëte, beter mediese dienste, verbeterde sanitasie en minder kindersiektes as gevolg van immunisering. Weens die ontstaan van vroeër fisiese ontwikkeling, wil adolescente ook vroeër seksueel en finansiële onafhanklik word, selfs al bly hul langer gedeeltelik finansiële afhanklik van hul ouers. Die begin van die maandstonde blyk vroeër 'n aanvang te neem by stedelike meisies as by plattelandse meisies. Dit blyk dat voeding, liggaamsgewig, en oefening die belangrikste bepalende faktore is van ouderdomvariasies in die aanvang van puberteit (Comunian & Gielen, 2000:404).

Puberteitsveranderinge in meisies is ongemaklik, en het nie 'n gunstige sosiale waarde soos by seuns nie (Thom, Louw, Van Ede & Ferns, 1998:395). Seuns wat vroeg liggaamsrypheid bereik, word as manlik en aantreklik gesien, maar meisies wat vroeg liggaamsrypheid bereik, voel uitgesluit en "anders" as hul portuurgroep. Meisies wat vroeg ryp word, is dikwels aantreklik vir seuns, maar is nie altyd emosioneel ryp vir die intiemer verhoudings wat met haar ryper liggaamlike voorkoms geassosieer word nie. Die meisies kan dus uitgesluit voel van hul portuurgroep se aktiwiteite. Aangesien meisies oor die algemeen twee jaar meer gevorderd in hul liggaamlike rypheid as seuns is, kan die gaping tussen die meisies wat vroeg liggaamsrypheid bereik het en seuns, strek tot omtrent vier jaar, wat nie positief bydra tot die meisies se sosiale lewe nie (Lefrancois, 1999:316). Soos die jeug fisies al hoe vroeër rypwording bereik, word hul gekonfronteer met sterk biologiese dryfkragte sonder die ooreenstemmende kognitiewe vermoëns en sosiale rypheid (Chapin, 2000:801).

Wanneer haar portuurgroep egter begin om liggaamsrypheid te bereik, kan die meisies wat liggaamsrypheid reeds vroeg bereik het, hul ewe skielik in 'n bevoordeelde situasie

bevind, aangesien liggaamsrypheid nou bewonder word. Vroeë liggaamsrypheid by seuns word as voordelig ervaar. Hulle tree selfversekerd op, en het 'n beter liggaamsbeeld as seuns wat later ryp word (Thom, 1990:405). Meisies wat of te vroeg of te laat geslagsrypheid bereik, word nie heeltemal aanvaar deur hul portuurgroep nie en daarom moet hulle noodgedwonge hanteringsvaardighede ontwikkel. Hierdie vaardighede dra by tot hul buigsaamheid, onafhanklikheid, duidelike doelwitte en algemene stabiliteit in latere jare.

### **2.4.1.3 Adolessente groeitempo**

Die fisiese groeitempo (toename van lengte en massa) van die individu, neem vinnig toe tydens adolessensie. Die groeiversnelling by meisies begin by ongeveer tienjarige ouderdom en bereik 'n hoogtepunt op twaalfjarige ouderdom. Seuns is ongeveer twee jaar later as meisies en hul groeitempo neem vinnig toe op dertienjarige ouderdom en bereik 'n hoogtepunt op veertienjarige ouderdom. (Vergelyk Gil, 1996:37 & Sigelman, 1999:125.) Verskillende liggaamsdele groei teen verskillende tempo's. Die adolessent kan lomp en ongekoördineerd voorkom, byvoorbeeld groot voete hê, voordat die ander liggaamsdele opvang. Spiere ontwikkel vinnig in beide geslagte. Seuns ontwikkel gewoonlik meer spiermassa as meisies en meisies kry meer vet, hoofsaaklik by hul borste, heupe en boude (Sigelman, 1999:125). Groei en rypwording word beïnvloed deur verskeie faktore, naamlik voeding, genetiese en hormonale faktore. Voeding, insluitende energie en spesifieke voedingstofinname, is 'n hoof bepalende faktor van groei (Rogol, Roemmich & Clark, 2002:192).

Die groeitempo tydens adolessensie word beïnvloed deur faktore soos die volgende: genetiese faktore, endokriene (afskeiding van groeihormone), omgewingsfaktore (soos sosio-ekonomiese status en opvoeding) en emosionele faktore (ernstige psigiese spanning kan voeding versteur en ook aanleiding gee tot 'n oorproduksie van adrenale steroïede wat die afskeiding van die groeihormoon belemmer). Dit is die navorser se opinie dat adolessente wat seksueel misbruik is, se groeitempo dus beïnvloed kan word, as spanning weens die seksuele misbruik of vrees vir die oortreder of hofsaak, die adolessent se



voeding versteur en ook aanleiding gee tot 'n oorproduksie van adrenale steroïede wat die afskeiding van die groeihormoon belemmer.

Armoede kan die adolessent se toegang tot mediese dienste, verbeterde sanitasie en gesonder diëte beperk en daarom kan die sosio-ekonomiese status die groeitempo van die adolessent beïnvloed. Persone wat in armoede in afgeleë gebiede woon, het nie altyd fondse vir vervoer na die hospitaal nie of het nie altyd water in hul huise nie. Dit is daarom die navorser se opinie dat dit belangrik is om die sosio-ekonomiese status van die adolessent wat seksueel misbruik is, in aanmerking te neem wanneer dienste gelewer word.

Liggaamlike voorkoms en sosiale aanvaarding is vir adolessente 'n bron van kommer, asook vrees vir akademiese mislukking op skool, gesinsake en selfbeeldprobleme. Patrone van kommer is egter verskillend vir adolessente van verskillende sosio-ekonomiese klasse. Vir adolessente wat in armoede leef, is gesinsake byvoorbeeld 'n groter bron van kommer as akademiese mislukking (Lefrancois, 1999:317). Die maatskaplike werker moet dus binne die konteks van die kind dienste lewer, bewus wees van die kind se voorgrondbehoefte, wat belangrik is vir die kind en besef dat daar individuele en kulturele verskille voorkom.

#### **2.4.1.4 Kulturele aspekte ten opsigte van die adolessent se liggaamlike en fisiologiese ontwikkeling**

- **Liggaamlike veranderinge**

Verskille in groei en ontwikkeling varieer as 'n funksie van geslag en etniese oorsprong (Rogol, Roemmich & Clark, 2002: 194). Daar is individuele en kulturele verskille ten opsigte van adolessente se reaksie op die fisiese veranderinge wat hul ondergaan tydens puberteit (Louw, 1997:507). Terwyl sommige meisies die fisiese ontwikkeling verwelkom, kan ander weer skaam daarvoor voel. In sekere Afrika kulture word die aanvang van menstruasie gevier deur spesiale seremonies. Wanneer klem geplaas word

op familieverhoudings en ouer tradisies, kan emosionele, sosiale en spirituele ontwikkeling voorkeur kry bo fisiese en intellektuele ontwikkeling met minder klem op opvoedkundige en ekonomiese verwagtinge (Friedman, 1999:2).

Norme van 'n spesifieke samelewing bepaal wat as aantreklik gesien word. In die meeste kulture word manlike aantreklikheid geassosieer met lengte, breë skouers en 'n gespierde liggaam (Thom, Louw, Van Ede & Ferns, 1998:393). In die Westerse kulture, word aantreklikheid by vroue geassosieer met 'n slanke liggaam. Dit beteken dus dat mans wat vroeg en meisies wat laat geslagsrypheid bereik, sal inpas by hierdie standaarde.

- **Puberteit**

Die ervaring van puberteit en die betekenis vir die individue en kulture varieër, vanaf feesvieringe in sommige kulture tot stilswye en skaamte in ander kulture (Comunian & Gielen, 2000:404). Volgens Ngalwa (2003) was fisiese voorkoms vroeër jare nie so belangrik in die Xhosa-kultuur nie; hedendaags speel kleredrag en 'n slanke voorkoms egter 'n groter rol. Wanneer puberteitsrituele voorkom, is die doel daarvan om die jong persone te help om hul volwasse identiteit te begryp en te aanvaar. Die einde van die adolessensie verskil kultureel. In hedendaagse geïndustrialiseerde samelewings is 'n hoofkriteria vir die einde van adolessensie, deelname aan die werksmag en ekonomiese onafhanklikheid (Comunian & Gielen, 2000:405).

Volgens Ngalwa (2003) kry die Xhosa adolessente hedendaags inligting by hul ouers van menstruasie, seksualiteit en fisiese veranderinge wat hul sal ondergaan, wat vroeër jare nie die geval was nie. Volgens haar gaan die adolessente meisies ook na klinieke ten einde meer inligting te kry ten opsigte van voorbehoedmiddels. Volgens Ngalwa (2003) is daar nie enige spesifieke feesvieringe verbonde aan fisiese veranderinge of menstruasie van Xhosa dogters nie. Wanneer adolessente dogters egter die einde van adolessensie bereik, op 21 jarige ouderdom is die tradisionele manier om dit in te wy “ukuthomba”.

“Ukuthomba” behels dat die 21 jarige Xhosa meisie vir sewe dae saam met haar pa se susters wat haar versorg, in die huis moet bly. Haar pa se susters is die verbinding tussen die dogter en haar ouers. Sy moet slegs rus en ‘n ander meisie kook spesiaal vir haar. Haar gesig word geverf sodat dit ‘n helder kompleksie het, genaamd “imbola”. Geen mans word in die huis toegelaat nie. Aan die einde van die sewe dae is daar ‘n fees, ‘n koei en bok word geslag en daar word gedans en gesing. Mans woon die fees aan die einde by. Volgens Ngalwa (2003) vier nie alle Xhosa gemeenskappe meer “ukuthomba” nie en sal baie Xhosa-gesinne soos in die blanke en Kleurlingkultuur, ‘n een-en-twintigste verjaarsdagpartytjie saam met vriende en familie reël.

In die Xhosa-kultuur word besnyding van die mans hoog aangeskryf (Thom, Louw, Van Ede & Ferns, 1998:298). Hospitale in die Oos-Kaap druk al hoe meer hul kommer uit oor die gevolge van die praktyk op die ingewydes, aangesien die verkeerde prosedures kan lei tot infeksies, oordrag van MIV-infeksies, die amputasie van die penis en selfs die dood. Volgens Thom, Louw, Van Ede & Ferns (1998:399) is daar voorgestel dat mediese praktisyns die prosedure uitvoer, maar dit is teengestaan, aangesien dit teenstrydig is met kulturele gewoontes en dit sal gesien word as ondergeskik aan tradisionele gewoontes. Volgens Ngalwa (2003) mag daar volgens tradisionele gewoontes geen vroue betrokke wees tydens besnyding nie. Baie Xhosa gemeenskappe protesteer dus teen besnyding in hospitale omdat daar moontlik ‘n suster in die hospitaal betrokke kan wees tydens die besnyding. Volgens Ngalwa (2003) verskil die maniere hoe besnyding uitgevoer word in verskillende Xhosa gemeenskappe.

#### **2.4.2 Kognitiewe ontwikkeling**

Kognisie verwys na die innerlike prosesse en produkte van die geheue wat lei na “om te weet”. Dit sluit alle geestelike aktiwiteite in – geheue, simbolisering, kategorisering, probleemoplossing, om te skep, fantaseer en selfs om te droom (Berk, 2000:222). Volgens Meyer & Van Ede (1998:70) verwys kognisie na hoe ‘n persoon inligting verkry, hoe inligting verander en voorgestel word as kennis, en hoe ‘n persoon daardie

kennis stoor, herroep en gebruik om gedrag te rig. Kognisie verwys dus na die prosesse en produkte van die verstand.

#### **2.4.2.1 Piaget se kognitief-ontwikkelingsteorie**

Piaget sien menslike kognisie as 'n netwerk van sielkundige strukture, geskep deur 'n aktiewe organisme wat konstant daarna streef om sin te maak van sy of haar ervarings (Berk, 2000:222). Volgens Meyer & Van Ede (1998:71) sien Piaget kognitiewe ontwikkeling as die resultaat van die individu se interaksie met die omgewing. Piaget het geglo dat kinders deur die volgende fases van ontwikkeling beweeg: senso-motories, pre-operasioneel, konkreet-operasioneel en formeel-operasioneel. Tydens hierdie fases verander die baba se verkennende gedrag en die laerskoolkind se konkrete denke in abstrakte, logiese intelligensie van adolessente en volwassenes. (Vergelyk Gil, 1996:31; Berk, 2000:222.) Alhoewel Piaget van mening was dat die volgorde van die ontwikkeling geneties bepaal word, beklemtoon hy dat baie ander faktore soos oorerflikheid en omgewing die spoed waarmee kinders deur die fases beweeg, affekteer. Piaget sien intellektuele ontwikkeling as 'n aanhoudende proses van assimilasië en akkommodasië (Thomas, 2000:251).

Piaget stel voor dat aangesien adolessente oor meer ingewikkelde probleme kan dink, hul sosiale lewe gekarakteriseer word deur meer denke oor hul toekoms en sosiale inskakeling. Hierdie denke lei na idealistiese denke, insluitende abstrakte beginsels soos liefde en geregtigheid (Gil, 1996:32). Adolessente begin dus om te droom oor hipotetiese situasies en samelewings en die samestelling van 'n perfekte wêreld. 'n Ander tipe egosentrisme as by jonger kinders ontwikkel weens die breë spektrum moontlikhede wat deur die adolessent se denkprosesse geskep word. Indien adolessente se denke nie in realiteit getoets word nie, kan adolessente glo dat hul onbepaalde mag het en dat hulle die wêreld en hul toekoms deur hul denke kan verander. Volgens Gil (1996:32) kan hierdie egosentrisme lei tot risiko-gedrag, aangesien die adolessent glo dat daardie gedrag nie in 'n katastrofe sal ontaard nie.

Piaget glo dat die veranderinge in kognitiewe vermoëns na 'n selfondersoek en identiteitsoektog by adolessente lei. Adolessente kan aan onbepaalde grense dink in terme van wie hulle nou is en wie hulle gaan wees (Gil, 1996:32). Die adolessent se morele besluitneming verander van gevolge tot intensies. Die adolessent neem dus die ander persoon se onderliggende motiewe en intensies in ag ten einde te bepaal of die persoon verkeerd is. Adolessente oorweeg dus meer moontlikhede in probleemoplossing en dink logies en buigbaar.

#### 2.4.2.1.1 Formeel-operasionele fase (11 jaar en ouer)

Volgens Piaget begin die kapasiteit vir abstrakte denke vanaf ongeveer elfjarige ouderdom. Piaget het tussen die volgende kenmerke met betrekking tot formeel-operasionele denke onderskei:

- **Abstrakte denke.** Formele operasies word veral gekenmerk deur die vermoë om abstrak te dink. Met ander woorde, konkrete dinge en gebeure is nie meer 'n vereiste nie, adolessente kan met nuwe en meer algemene logiese reëls na vore kom, deur interne refleksie. (Vergelyk Berk, 2000:222; Lefrancois, 1999: 324.) Volgens Louw (1997:511) stel abstrakte denke adolessente in staat om te dink oor verhoudings tussen abstrakte begrippe (byvoorbeeld liefde en haat), om verwantskappe tussen abstrakte begrippe (byvoorbeeld massa, energie en krag) te verstaan en om simbole deur ander simbole te vervang, om bestaande politieke, sosiale en religieuse stelsels te ondersoek, om verbande tussen gedrag en waardes te bevraagteken en om oor hulself te dink. Wanneer die adolessent die formeel-operasionele fase van kognitiewe ontwikkeling bereik, beteken dit dat die adolessent abstrak en oor moontlikhede kan dink waaroor ander mense moontlik dink (Vartanian, 2000:641).
- **Die werklikheid teenoor die moontlike.** Die adolessent dink oor die “moontlike”, dus nie net oor die “is” of die “hier en nou” nie, maar ook oor die “kan of mag wees” (Meyer & Van Ede, 1998:80).

- **Proposionele denke.** Die adolessent kan op grond van stellings of proposisies redeneer sonder om die werklikheid in ag te neem (Berk, 2000:254).
- **Wetenskaplike denke.** Die adolessent ontwikkel die vermoë om al die faktore in 'n situasie of al die moontlike oplossings vir 'n probleem te oorweeg (Meyer & Van Ede, 1998:81).
- **Hipotetiese-deduktiewe denke.** Die adolessent ondersoek die gegewens en 'n aantal hipoteses oor moontlike oplossings word gestel en sekere afleidings word dan gemaak (Smith & Cowie, 1993:336). Die adolessent is in staat om sowel die logiese verhouding tussen hipoteses as die feitlike verhouding tussen 'n hipotese en 'n empiriese of werklike gegewe te oorweeg.
- **Begrip van proporsionaliteit.** Die adolessent kan die verhouding tussen massa van die gewig en afstand verstaan, en die probleem van balans op 'n abstrakte wyse oplos sonder om noodwendig met 'n werklikheid te eksperimenteer (Berk, 2000:254).
- **Kombinatoriese denke.** Kombinatoriese denke stel die adolessent in staat om aan alle moontlike kombinasies van elemente in 'n versameling te dink (Thom, 1990:421).

#### 2.4.2.2 Kulturele aspekte ten opsigte van kognitiewe ontwikkeling

Baie adolessente en volwassenes is nie ten volle formeel-operasioneel nie. Volgens Berk (2000:256) is die rede daarvoor dat mense geneig is om abstrak te dink in situasies waarin hul uitgebreide ervaring het. Adolessente kan opgelei word tot 'n hoë vlak van prestasie in formeel-operasionele take. Formeel operasionele denke word nie deur almal bemeester nie. Piaget erken dat weens die tekort aan geleentheid om hipotetiese probleme op te los, formele operasies afwesig kan wees in sommige samelewings. Kruiskulturele navorsing het egter vroeër soos die volgende laat ontstaan: "Is die hoogste vlak regtig die gevolg van kinders se onafhanklike pogings om sin te maak van hulle wêreld?"

Of is dit ‘n kultureel oordraagbare manier van denke, wat spesifiek is tot opgeleide samelewings en wat geleer word in skole?’ (Berk, 2000:257).

Kultuur blyk ook ‘n rol te speel in die bereiking van formeel-operasionele denke (Thom, Louw, Van Ede & Ferns, 1998:415). Formeel-operasionele denke word hoog gerespekteer in Westerse kulture en individue word aangemoedig om hierdie tipe van denke te bereik. Ander kulture waardeer ander tipes vaardighede. Mwamwenda (in Thom, Louw, Van Ede & Ferns, 1998:415) noem dat baie persone in die swart gemeenskappe nie so goed presteer as persone van die Westerse kulture wanneer hul formeel-operasionele denke met Piaget se take geassesseer word nie. Tydens besprekings met hierdie samelewings is gevind dat hulle gebruik van metafore en analogie, wanneer probleemoplossing aangedui word, op ‘n hoë vlak van abstraksie is.

Volgens Piaget is die belangrikste bron van kognisie die kind self. Vygotsky (Berk, 2000:269) het ook geglo dat kinders aktiewe soekers van kennis is, maar het hulle nie as alleen agente gesien nie. In sy sosio-kulturele teorie, affekteer sosiale en kulturele konteks hoe die kind se kognitiewe wêreld gestruktureer word. In Vygotsky se teorie, werk die kind en die sosiale omgewing saam om die kognisie te vorm op kultureel aangepaste maniere (Berk, 2000:269).

### **2.4.3 Morele ontwikkeling**

Morele redenering verwys na hoe ‘n persoon redeneer of ‘n aksie reg of verkeerd is; dit is egter anders as morele gedrag. (Vergelyk Louw, 1997:512; Smith & Cowie, 1993:197.) Een van die belangrikste take van die adolessent is om ‘n persoonlike waardestelsel te ontwikkel (Thom, Louw, Van Ede & Ferns, 1998:459). Dit bring mee dat die adolessent sekere waardes bevraagteken en sekere waardes aanvaar ten einde haar of sy eie morele waardestelsel te vorm. Volgens Thom, Louw, Van Ede & Ferns (1998:402) glo die meeste navorsers dat dit belangrik is dat adolessente verantwoordelike waardekeuses moet maak ten opsigte van hul eie seksuele aktiwiteite en moet adolessente die volgende in aanmerking neem wanneer hulle dit doen:

- Die waardes moet van 'n verskeidenheid van beskikbare alternatiewe gekies word,
- Die waardes moet uit vrye keuse gekies word en nie as gevolg van eksterne druk nie,
- Adollesente moet bewus wees van die implikasies van hul keuses,
- Die adollesent moet in staat wees om te identifiseer met en getrou wees aan sy of haar gekose waardesisteem.

#### **2.4.3.1 Kohlberg se teorie van morele ontwikkeling**

Kohlberg het die kognitiewe ontwikkelingsteorie geformuleer wat dominant geword het in die bestudering van morele ontwikkeling. Kohlberg se doel was om te verstaan “hoe” 'n individu dink (Sigelman, 1999:337). Kohlberg het tussen drie vlakke van morele redenering onderskei, asook tussen twee fases binne elke vlak, naamlik die pre-konvensionele vlak, die konvensionele moraliteit en die post-konvensionele moraliteit. Hierdie vlakke van morele ontwikkeling hou verband met die stadia van kognitiewe ontwikkeling wat Piaget onderskei.

Volgens Kohlberg ontwikkel die meeste adollesente en volwassenes nie verder as vlak twee nie, terwyl slegs 'n klein persentasie volwassenes vlak drie bereik (Thom, Louw, Van Ede & Ferns, 1998:460 & Sigelman, 1999:337). Die navorser sal vervolgens die basiese temas en kenmerke van vlak twee en drie verduidelik:

##### **2.4.3.1.1 Vlak twee: Konvensionele moraliteit / Die vlak van konvensionele reëlkonformering**

Wanneer hierdie vlak bereik word, het die individu al baie morele waardes geïnternaliseer. Die persoon streef daarna om die reëls van ander (ouers, onderwysers, portuurgroep, die regering) te gehoorsaam, ten einde hul goedkeuring en erkenning te wen vir goeie gedrag of om sosiale orde te handhaaf. (Vergelyk Thom, Louw, Van Ede & Ferns, 1998:461; Sigelman, 1999:337.) Die perspektiewe van ander persone word duidelik erken en word sterk oorweeg.



- **Fase drie: “Goeie meisie” of “slegte meisie” moraliteit.** Kinders in hierdie fase is meer bewus van die behoeftes van ander (Gil, 1996:34). Die persoon tree op, op maniere wat ander tevrede stel of wat ander help en goedgekeur. Vir die eerste keer word die individu se intensie belangrik (Thomas, 2000:479). “Om goed te wees” is belangrik en dit behels om goeie motiewe te hê, om besorg te wees oor ander en om respek, dankbaarheid en vertrouwe te toon (Smith & Cowie, 1993:203).
- **Fase vier: Die “wet en orde”-oriëntasie.** Tydens die vierde fase is die kind ook in staat om die behoeftes van die samelewing as ‘n geheel te oorweeg ten einde te bepaal waarom sekere reëls en wette nodig is (Gil, 1996:34). Korrekte gedrag word in hierdie stadium geassosieer met pligsvervulling, respek vir outoriteit en handhawing van die bestaande sosiale wet en orde. (Vergelyk Thom, Louw, Van Ede & Ferns, 1998:461; Thomas, 2000:479.)

#### 2.4.3.1.2 Vlak drie: Postkonvensionele vlak

Morele waardes en beginsels wat geldig is en toegepas kan word, word nou, onafhanklik van die gesag van groepe of persone wat hierdie beginsels handhaaf, deur die individu gedefinieer. (Vergelyk Thom, Louw, Van Ede & Ferns, 1998:461; Sigelman, 1999:337.)

- **Fase vyf: Sosiale ooreenkoms-oriëntasie.** Individue is in staat om onderskeid te tref tussen sosiale reëls en wette aan die een kant en basiese menseregte en waardes wat belangriker is as sosiale wette aan die ander kant (Gil, 1996:34). Morele gedrag word gedefinieer in terme van algemene individuele regte en volgens standarde wat krities ondersoek is en waaraan die samelewing goedkeuring gegee het (Thomas, 2000:479). Die individu se persoonlike waardes en menings dien ook as maatstaf vir wat korrek en verkeerd is. As daar egter konflik tussen die individu se standarde en die vasgestelde reëls of wette is, sal laasgenoemde aanvaar word, omdat die siening bestaan dat dit moreel verpligtend is om die samelewing se reëls te handhaaf (Thom, Louw, Van Ede & Ferns, 1998:462).

- **Fase ses: Die oriëntasie volgens universeel-etiese beginsels.** Die individu is bewus van universele beginsels van moraliteit, en is in staat om die relatiewe aard van geregtigheid te verstaan. Die individu oordeel gedrag nie net volgens die bestaande norme nie, maar ook volgens sy/haar gewete of selfverkose geïnternaliseerde abstrakte etiese beginsels. Hierdie beginsels is universele beginsels oor geregtigheid, gelykheid van menseregte en respek vir die waardigheid van die mens as individu. (Vergelyk Thom, Louw, Van Ede & Ferns, 1998: 462; Thomas, 2000: 479; Sigelman, 1999: 338.)

Morele ontwikkeling kan beïnvloed word deur kinders se ervaring van seksuele misbruik, want sake soos geregtigheid, reg en verkeerd, en regverdigheid word duidelik deur die oortreder geskik. Die oortreder kan dus aan die kind vertel en oortuig dat alle vaders hulle dogters se maagdevlies breek. Adolesse wat seksueel misbruik is, leer van teenstrydighede tussen diè wat mag het en diè wat nie mag het nie en hul identifiseer baie keer met die rol van die aggressor, wat gesien kan word as meer belonend (Gil, 1996:33). Kinders se moraliteit is geneig om beïnvloed te word wanneer hul grootword in 'n omgewing wat gekarakteriseer word deur chaos, tekort aan grense, om forseer te word en teenstrydighede.

Kohlberg se vlakke van morele ontwikkeling hou verband met die stadia van kognitiewe ontwikkeling wat Piaget onderskei. Die individu moet die stadium van konkrete operasies bereik voordat die konvensionele vlak van morele oordeel bereik kan word. Formele operasies is weer noodsaaklik vir die bereiking van die postkonvensionele vlak van moraliteit (Sigelman, 1999:338). Volgens Thom (1990:429) verseker die bereiking van 'n sekere stadium van kognitiewe ontwikkeling egter nie dat die individu 'n hoër vlak van morele ontwikkeling sal bereik nie. 'n Persoon kan ook nie 'n sekere vlak oorslaan in sy/haar ontwikkeling nie en die hoogste vlak van morele ontwikkeling word nie deur almal bereik nie. Behalwe vir 'n persoon se vlak van kognitiewe redenering, kan persoonlike en situasiefaktore ook 'n persoon se morele gedrag in dag-tot-dag lewe, beïnvloed (Thom, Louw, Van Ede & Ferns, 1998:466).

### 2.4.3.2 Kulturele aspekte ten opsigte van morele ontwikkeling

Kohlberg se teorie blyk kultureel gebaseer te wees (Thom, Louw, Van Ede & Ferns, 1998:465). Kohlberg glo dat die fases universeel oor kulture toepasbaar is, aangesien, ten spyte van mense se verskillende gelowe, hul onderliggende metodes van redenering dieselfde is. Die pas waarteen individue egter deur die verskillende fases beweeg, kan verskil en morele redenering kan op verskillende fases termineer.

Die sosio-ekonomiese klas en intelligensie beïnvloed die vlak van morele oordeel wat die individu bereik en die ouderdom waarop dit bereik word (Thom, 1990:429). Dit is dus belangrik dat die navorser die adolessent se sosio-ekonomiese status en intelligensie in gedagte moet hou tydens dienslewing aan die adolessent wat seksueel misbruik is. Volgens Berk (2000:481) word morele ontwikkeling gesien as 'n saak van internalisering naamlik die aanneem van samelewingstandaarde om die regte optrede te assimileer. Internalisering is egter nie 'n eenvoudige proses nie; verskeie faktore affekteer gesamentlik die kind se bereidwilligheid om samelewingstandaarde aan te neem, naamlik:

- Die ouers se styl van dissiplinerig, wat varieer ten opsigte van die oortreding,
- Die kind se karaktereienskappe, insluitende ouderdom en humeur,
- Die ouers se karaktereienskappe,
- Die kind se siening van beide die oortreding en die regverdigheid van die ouers se eise.

Dit is dus belangrik dat die navorser ook bogenoemde faktore in ag moet neem, wanneer daar dienste gelewer word aan adolessente van verskillende etniese groepe wat seksueel misbruik is. Die beste morele ontwikkeling kom voor wanneer die kind nie gedwing word om aan te pas nie, maar toegelaat word om sy/haar eie verskille op te los en sy/haar eie opinies te ontwikkel (Gil, 1996:34). Indien die adolessent egter nie gestimuleer word nie, kan hoër fases van redenering moontlik nie bereik word nie. Jong mense wat in etniese minderheidsgroepe in hul samelewing leef, kan vasgevang voel tussen twee

kulture (Friedman, 1999:5). Die waardes van hul families kan anders wees as daardie van die hoofstroom samelewing waarin hulle lewe of werk. Dit kan veral die geval wees wanneer die adolessent van 'n kultuur kom wat meer tradisioneel is en waarde plaas op die respek vir ouer mense en die verskille van geslagsrolle.

#### **2.4.4 Seksualiteitsontwikkeling**

'n Belangrike ontwikkelingstaak van die adolessente is om hulle seksuele behoeftes op 'n sosiaal aanvaarbare wyse uit te leef sodat dit positief bydra tot identiteitsontwikkeling (Thom, Louw, Van Ede & Ferns, 1998:400). Adolessente se seksualiteit moet ook in interpersoonlike verhoudings geïntegreer word. Alhoewel puberteit 'n deel van 'n individu se seksuele en voortplantingsontwikkeling is, is dit nie die begin van seksualiteit nie. Seksualiteit is 'n normale proses dwarsdeur kindskap wat 'n meer sentrale fokus aanneem tydens adolessensie (Gil, 1996:35). Aangesien emosionele, kognitiewe en intellektuele ontwikkeling stadiger is as fisiologiese ontwikkeling, kan adolessente seksueel aktief word voordat hul gereed is om die gevolge te hanteer:

- **Tradisionele seksuele standaarde teenoor seksuele vryheid**

Die tradisionele dubbele seksuele standaard, naamlik: “Seuns sal seuns wees, maar meisies, meisies moet hulle gedra”, het hoofsaaklik verkrummel met tydsverloop (Lefrancios, 1999:354). Die meer tradisionele siening is dat te vroeë seksuele verkeer angs, skuldgevoelens en ongewenste buite-egtelike swangerskappe tot gevolg kan hê. Die siening berus op die aanname dat jong adolessente dikwels nie emosioneel ryp genoeg is om die liggaamlike en psigiese aspekte van geslagsgemeenskap te hanteer nie (Thom, 1990:412). In die 1960's het slegs 40% vroue teenoor 60% mans voorhuwelikse seks gerappoteer, teen die 1980's was persentasies amper gelyk, teen ongeveer 75% - 80%, en teen die 1990's het die vrouens se persentasie gestyg tot ongeveer 80% - 85%. In die afgelope dekade was daar dramatiese veranderinge in houdings teenoor seksualiteit. Dit word ook gereflekteer deur die verhoogde openlikheid oor seksualiteit en 'n wyer aanvaarding van seks voor die huwelik (Lefrancois, 1999:355).

Met die voorstelling van effektiewe voorbehoedmiddels op 'n groot skaal en mediese vordering in die behandeling van seksueel oordraagbare siektes, het die moontlikheid van vrye seksuele eksperimentering sonder ongewenste swangerskap en siektes verhoog. Volgens Thom, Louw, Van Ede & Ferns (1998:401) het hierdie aspek gelei tot die aanmoediging van seksuele ongebondenheid, veral vanaf die 1960's. Veiliger seksuele verkeer het ook gelei tot voorhuwelikse seks en 'n afname in die dubbele standaard ten opsigte van seksuele aktiwiteite tussen twee geslagte. As 'n resultaat was daar dus 'n groot teenstrydigheid tussen die waardes van die tradisionele oplossing van beperking van seksuele gedrag, en die wat seksuele vryheid aanmoedig.

- **Die adolessent se waardes ten opsigte van seksualiteit**

Selfs as die ouers nie vroeë seksuele ervarings goedkeur nie, bepaal die adolessente hulle eie morele waardes oor verantwoordelike gedrag in gegewe situasies (Gil, 1996:39). Adolessente se standaard van hantering van seksuele gedrag kan anders wees as dié van hul ouers, wat konflik kan veroorsaak en besprekings oor voorbehoedmiddels, veilige seks, en die voorkoming van seksueel oordraagbare siektes, verhinder (Gil, 1996:39). In baie gevalle het die dubbele standaard ontwikkel. Volwassenes wat rigiede reëls ten opsigte van beheer en onderdrukking van die adolessent se seksualiteit voorgestaan het, het egter self anders opgetree en betrokke geraak in seksuele aktiwiteite wat nie toegelaat word volgens die norme van hulle eie voorgestelde rigiede reëls nie. Dit het daartoe gelei dat sommige adolessente skuldgevoelens ervaar ten opsigte van hul groeiende seksualiteit en dat hul begeerte om dit te ondersoek, onderdruk word. Ander sal die ondersoek op 'n rebelse manier voortsit wat nie die voordeel of leiding van volwassenes insluit nie (Louw, Van Ede & Louw, 1998:401).

Dit beteken egter nie dat adolessente seks as voor die hand liggend sien nie. Die meerderheid adolessente dink dat dit nie geskik is om geslagsomgang te hê wanneer sy of hy soms saam met verskeie persone uitgaan nie, maar meer as die helfte dink dis geskik wanneer hulle lief is vir die persoon en slegs met die een persoon uitgaan. Die kritiese

faktor vir adolessente is volgens Lefrancois (1999:355) of hulle omgee en 'n getroue verhouding met hul maat deel. Die nuwe standaard is dat seksuele aktiwiteite toelaatbaar is vir beide geslagte solank daar affeksie tussen die paartjie is. Seuns se houding teenoor voorhuwelikse seks is egter steeds meer liberaal as diè van meisies.

Alhoewel meer openlikheid ten opsigte van seksualiteit huidig bestaan, vind adolessente dit steeds moeilik om keuses te maak ten opsigte van seksuele gedrag, weens die teenstrydige boodskappe van die verskeie bronne (Thom, Louw, Van Ede & Ferns, 1998:401). Ouers en gesagsfigure ontkoedig seksuele aktiwiteite tussen adolessente, maar voorsien hulle nie met voldoende inligting en leiding ten opsigte van seksuele houdings en gedrag nie. Adolessente draai daarom na die media en portuurgroep vir inligting wat soms foutiewe inligting en halwe waarhede is.

- **Voorafgaande seksuele gebeure**

Voorafgaande seksuele gebeure sluit die biologiese verandering, veranderinge in hormoonvlakke wat seksuele opwekking direk beïnvloed, veranderinge in sekondêre seksuele karaktereïenskappe, of spesifieke gebeure soos ouers wat skei of middelmisbruik en portuurgroepdruk, in (Lefrancois, 1999:356). Die geneigdheid dat die adolessent seksueel aktief kan word, word nie net beïnvloed deur sy of haar vlak van fisiese rypheid en die vlak van seksuele rypheid van sy of haar portuurgroep nie, maar ook deur hoe seksueel aantreklik die adolessent is (Gil, 1996:40). Die sosiale, fisiese, gedrag en sielkundige aspekte van seksualiteit moet geïntegreer word met vorige ervaringe, verwagtinge en subjektiewe betekenis, emosies en persoonlike motiewe. Adolessente wat seksueel misbruik is, moet ook 'n gesonde respek vir hul eie behoeftes, begeertes, en regte integreer, veral die reg tot aanvaarding of verwerping van ander se seksuele aandag (Gil, 1996:40).

- **Portuurgroepdruk**

Weens sekere houdings en druk van die portuurgroep, kan adolessente onder die indruk wees dat hulle nie “normaal” is as hul nie seksueel aktief is nie. Hulle word dus seksueel aktief om deur die portuurgroep aanvaar te word (Thom, Louw, Van Ede & Ferns, 1998:403). Daar is bewyse dat adolessente seksueel aktief raak op ‘n vroeër ouderdom as voorheen. Daar is geslagsverskille ten opsigte van die belangrikste redes waarom hul seksueel aktief is. Volgens Thom, Louw, Van Ede & Ferns (1998:405) word seuns seksueel aktief om hul normaliteit te toon, weens portuurgroepdruk of weens fisiese plesier. Meisies raak seksueel aktief weens druk van die persoon met wie hul ‘n verhouding het, groepsdruk en omdat hul meegevoer word deur die passie.

- **Die impak van seksuele misbruik op die adolessent se seksualiteit**

Seksuele misbruik het ‘n onbetwisbare impak op die kind se seksualiteitsontwikkeling, alhoewel die mate en tipe van gevolge varieer van kind tot kind. Volgens Gil (1996:36) het verskeie studies gevind dat kinders wat seksueel misbruik is, versteurings in seksuele identiteit en seksuele funksionering en in hul seksuele oriëntasie ervaar. Alhoewel seksualiteit en seksuele ontwikkeling tydens geboorte begin en uitbrei dwarsdeur die lewenspan, het baie mense hul eerste interpersoonlike seksuele ervaring tydens adolessensie en romantiese verhoudings is geneig om te ontwikkel in middel-adolessensie (Gil, 1996:38). Verandering in hoe die adolessent lyk, dink, optree in sosiale konteks, sosiale en wetlike status, en in hul verhoudings met hul familie en portuurgroep, in hul prestasies, gevoel van identiteit en onafhanklikheid karakteriseer adolessente (Gil, 1996:39). Seksuele ontwikkeling het ‘n impak in omtrent al hierdie areas. Seksualiteit is dus nie ‘n fisiese of ‘n gedragfenomeen nie, dit is multi-dimensioneel en is deel van identiteitsvorming.

Ses vereistes om ‘n gesonde sin van seksualiteit te ontwikkel word as volg deur Gil (1996:40) opgesom: leer oor intimiteit by die portuurgroep, verstaan persoonlike rolle en verhoudings in en buite die huis, aanpas van liggaamskema of begrip soos fisiese grootte,

vorm, en vermoëns verander, aanpassing by en inkorporering van erotiese gevoelens en ervaringe, aanleer van sosiale praktyke en standaarde van seksuele uitdrukking en begrip en waardering van die voortplantingsproses. Dit is dus belangrik dat die terapeut moet bepaal of die seksuele misbruik die adolessent se ontwikkeling van 'n gesonde sin van seksualiteit beïnvloed het en of die adolessent probleme ervaar met sy/haar seksuele identiteit en funksionering.

- **Individuele verskille ten opsigte van seksuele houdings en gedrag**

Dit is die navorser se opinie dat adolessente leiding van hul ouers, onderwysers of ander belangrike persone in die adolessent se lewe, benodig om verantwoordelike, ingeligte besluite te neem. Thom, Louw, Van Ede & Ferns (1998:406) noem die volgende redes waarom daar individuele verskille in seksuele houdings en gedrag voorkom:

- **Sosio-demografiese area:** Meeste studies toon aan dat voorhuwelikse seks meer in stedelike as landelike en meer in tegnologies ontwikkelde as tradisionele gemeenskappe voorkom, moontlik weens blootstelling aan portuurgroepdruk en groter seksuele ongebondenheid. In Suid-Afrika is landelike adolessente soms meer seksueel aktief en redes hiervoor kan onvoldoende seksuele opvoeding, tekort aan skoolastiese opvoeding en sportgeleenthede wees.
- **Ouderdom:** Ouer adolessente is meer seksueel aktief, moontlik omdat ouer adolessente meer betrokke is in stabiele en ernstige verhoudings as jonger adolessente.
- **Kultuur:** Aangesien seksuele houdings meestal aangeleer is en gebaseer is op die voorskrif van sekere samelewings, kan kulturele verskille verwag word.
- **Geslagsverskille:** Seuns word in die algemeen op 'n vroeër ouderdom seksueel aktief as meisies, het meer gereeld seksuele omgang, met meer persone en masturbeer meer as meisies.
- **Sosio-ekonomiese klas:** Seksuele aktiwiteit blyk meer voor te kom in die laer sosio-ekonomiese groepe. Sommige meisies verkoop seks aan ouer mans vir geld.



- Familie-faktore: Faktore soos egskeiding, enkel-ouerskap, gesinsdisintegrasië weens middelmisbruik, seksuele misbruik of tekort aan ouerlike betrokkenheid, swak ouer-kind kommunikasie kan die adolessent se houdings en gedrag beïnvloed.
- Opvoedkundige status: Adolessente wat swak op skool presteer, wat beperkte opvoedkundige inspirasies het en skool vroeg verlaat het, neig om meer seksueel aktief te wees.
- Persoonlike faktore: Adolessente met 'n lae selfbeeld en wat ongeskik en geïsoleerd voel, neig om seksueel aktief te word in 'n poging om hul gevoel van selfwaarde te verhoog.

'n Belangrike ontwikkelingstaak tydens adolessensie is die ontwikkeling van outonomie. Ouerlike beheer neig om vinnig te verminder gedurende adolessensie en betrokkenheid by die portuurgroep vermeerder. Dit is dus nie verrassend dat adolessente dus uitreik na ander bronne van inligting as ouers nie (Chapin, 2000:801). Die massamedia voorsien 'n aantreklike alternatief. Ten opsigte van seksuele sosialisering, is die massamedia belangrike voorsiener van seksopvoeding, byvoorbeeld voorbehoedmiddels (Chapin, 2000:801). Adolessensie word gekarakteriseer deur 'n soektoeg na inligting ten opsigte van ontwikkelingstake. Aangesien adolessente streef na groter onafhanklikheid van hul ouers, is die massamedia 'n aantreklike alternatiewe bron van inligting (Chapin, 2000:801). Verskillende adolessente gee aandag aan verskillende mediaboodskappe en interpreteer dit verskillend afhangende van watter ontwikkelingstaak huidig die fokus is, asook die adolessent se vlak van biologiese, kognitiewe, en sosiale rypheid. Alhoewel adolessente kennis dra van VIGS en seksueel oordraagbare siektes, neem adolessente in die algemeen nie die nodige voorbehoedmiddels nie (Chapin, 2000:800).

#### **2.4.4.1 Freud se psigo-seksuele ontwikkelingsteorie**

Volgens Freud se siening, word alle gedrag deur drange en morele reëls in die persoonlikheid bepaal (Meyer & Van Ede, 1998:43). Volgens Freud is menslike gedrag primêr instinktief en hoofsaaklik deur onbewuste prosesse gemotiveer (Hergenhahn &

Olson, 1999:20). Freud se teorie van ontwikkeling sluit twee belangrike elemente in, naamlik die ontwikkeling van struktuur van persoonlikheid en veranderinge in seksuele drange. Corey (1996:97) is van mening dat begrip vir die psigo-analitiese siening van ontwikkeling noodsaaklik is as daar in diepte met kliënte gewerk word. Dit voorsien die terapeut met die konseptuele hulpmiddels om die kern ontwikkelingsstake van verskeie fases, normale en abnormale persoonlike en sosiale funksionering, kritiese behoeftes en frustrasies en die oorspronge van foutiewe persoonlikheidsontwikkeling wat lei na aanpassingsprobleme tydens ontwikkeling, te verstaan.

Volgens die psigoseksuele teorie, verdeel Freud die individu se lewenspan in die orale, anale, latente en genitale fase. Elke fase word gekarakteriseer deur 'n spesifieke vorm van seksuele drange (Meyer & Van Ede, 1998:45).

#### **2.4.4.1.1 Genitale fase (12 tot 18 jaar)**

Die genitale fase is die finale fase van ontwikkeling volgens Freud en begin tydens puberteit (Hergenhahn & Olson, 1999:42). Met die begin van puberteit, word seksuele drange weereens belangrik. Adollesente herbeleef weer die falliese fase in 'n groot mate, maar die verskil is dat adollesente nou 'n goed ontwikkelde ego en superego het (Meyer & Van Ede, 1998:47). Hulle is dus meer in staat tot realistiese denke en het 'n verskeidenheid van sosiale verhoudings gevestig buite die gesin.

Sigmund Freud se psigo-analitiese teorie poog om impulse, fantasieë en gevoelens te verduidelik. Freud stel voor dat sielkundige verandering (en dus ontwikkeling) beheer word deur interne kragte soos biologiese rypheid (Gil, 1996:41). Sosiale faktore is ook belangrik in sy teorie deurdat hy meen dat seksuele en aggressiewe magte veroorsaak deur biologiese rypheid aangepas moet word vir gebruik in die samelewing. Hierdie fase begin met puberteit, ongeveer op elfjarige ouderdom vir meisies en op dertienjarige ouderdom vir seuns. Gedurende hierdie periode, die vyfde en finale genitale fase, ervaar die adollesent volwasse-gelyke seksuele energie en dit bedreig die gevestigde verdedigingsmeganismes van die adollesent.

Ten spyte van samelewingsbeperkings en tabo's, kan adolessente seksuele energie hanteer deur te belê in verskeie aanvaarde sosiale aktiwiteite soos die bou van vriendskappe, deelname aan kuns of sport of deur voor te berei vir 'n beroep (Corey, 1996:101). Adolessente ontwikkel belangstelling in die teenoorgestelde geslag, raak betrokke in sommige seksuele eksperimentasie en begin om volwasse verantwoordelikheid aan te neem. Die oedipus gevoelens probeer nie net om in die bewustheid in te breek nie, maar die adolessent is nou fisies groot genoeg om dit te bevredig. Seksuele belangstelling is op die genitale area gefokus. Freud het die grootste verantwoordelikheid van die adolessent gesien as om vry te word van hul ouers (Gil, 1996:43). Die emosionele skeiding is pynlik en die meeste mense bereik nooit onafhanklikheid ten volle nie.

Volgens Freud se siening is die heteroseksuele verhoudings waarin die individu betrokke raak 'n herhaling van die onbewuste wense van die falliese fase (Meyer & Van Ede, 1998:47). Freud het byvoorbeeld geglo dat wanneer die persoon verlief raak en trou, is dit slegs 'n plaasvervanging vir die ouer van die teenoorgestelde geslag. Freud se primêre belangstelling was hoofsaaklik die impak van die oplossing van seksuele sake gedurende die eerste ses jaar van die lewe. Hy het nie in fyn besonderhede die krisisse beskryf wat adolessente ervaar nie (Meyer & Van Ede, 1998:45). Erikson se sienings oor ontwikkeling het egter voortgebou waar Freud opgehou het, soos later onder "identiteitsvorming" verder bespreek sal word.

#### **2.4.4.2 Kulturele aspekte ten opsigte van seksualiteit**

Alhoewel seksuele aktiwiteite 'n normale gevolg is van fisiese ontwikkeling, speel sosiale faktore 'n belangrike rol in die uitdrukking van seksuele aktiwiteite. Elke kultuur staar die probleem in die gesig van hoe om die seksuele behoeftes te kanaliseer op 'n manier wat gesonde ontwikkeling toelaat, maar nie fisiese probleme (soos seksueel oordraagbare siektes), sielkundige probleme (soos oormatige belangstelling in

seksualiteit) en sosiale probleme (soos seksuele misbruik) skep nie (Thom, Louw, Van Ede & Ferns, 1998:400).

Seksuele houdings en gedrag word aangeleer, daarom sal kulturele verskille voorkom. Aangesien die blanke Suid-Afrikaanse kultuur op tradisionele Westerse waardes gefundeer is, kan gepostuleer word dat die blanke Suid-Afrikaanse adolessent ook in 'n groot mate opgevoed is om sy/haar seksuele gedrag te inhibeer (Thom, Louw, Van Ede & Ferns, 1998:400). Volgens Thom (1990:408) word die tyd waarop die adolessent met verhoudings en afsprake begin, ook in 'n groot mate deur die sosiale of kulturele norme voorgeskryf. Dit is dus nie die adolessent se vlak van seksuele rypheid wat deurslaggewend is nie, maar wel die kulturele norme. Voorhuwelike geslagsgemeenskap kom ook dikwels meer en op 'n vroeër ouderdom voor by die adolessent met beperkte akademiese opleiding as by diè met hoër akademiese opleiding. Voorhuwelike seksuele ervarings kom ook meer voor by stedelike as by plattelandse jeugdige (Thom, 1990:409).

In kontras met die konserwatiewe sienings van adolessente seksualiteit in die Westerse samelewings, word seksuele ondersoek aangemoedig in baie tradisionele Afrika samelewings. Volgens Thom, Louw, Van Ede & Ferns (1998:401) spandeer Xhosa, Zulu en Sotho adolessente baie tyd met hul portuurgroep waartydens seksuele ondersoek 'n normale deel van die lewe is. Die seuns is geleer om seksuele verhoudings met meisies te hê sonder penetrasie en die meisies is geleer om hul bene styf toe te hou om penetrasie te voorkom. Met ander woorde, seksuele intimiteit word uitgeoefen deur interbeen seks (tussen die bobene van die meisie sonder penetrasie), genaamd "ukumetsha" in Xhosa. Meisies is tradisioneel ondersoek om te verseker dat geen ontering plaasgevind het nie. Voorhuwelike seksuele omgang word verbied in die meeste tradisionele swart etniese groepe. Volgens Ngalwa (2003) word voorhuwelike penetrasie verbied in die tradisionele Xhosa kulture. Indien 'n man skuldig bevind word dat hy dit wel gedoen het, sal hy moet betaal in die vorm van koeie wat aan die meisie se ouers gegee word.. Volgens Ngalwa (2003) is baie Xhosa adolessente hedendaags seksueel aktief en gaan na klinieke vir kondome en voorbehoedmiddels.

Daar is egter tradisionele praktyke wat nie ooreenstem met wetgewing in Suid-Afrika nie. Volgens Ngalwa (2003) was daar onlangs 'n koerantberig van 'n Xhosa man wat 'n 14 jarige Xhosa meisie se ouers in die Oos-Kaap genader het en hul toestemming gekry het om met haar te trou. Die man het "lobola" betaal, ter waarde van R10 000. Die man en sy 14 jarige vrou het na Kayelitsha verhuis, waarna die gemeenskap opgemerk het dat die meisie nog te jonk is en dit by die polisie gerapporteer het. Die man is aangekla van statutêre verkragting en ontvoering. Die familie van die meisie verskil egter met die aanklagte en voel dat hulle "lobola" aanvaar het en toestemming gegee het dat hy met die meisie mag trou. Volgens Ngalwa (2003) is die ouers in tradisionele Xhosa gemeenskappe vroeër jare genader ten einde toestemming te kry om met hul dogters te trou; dit is egter nie meer in alle hedendaagse Xhosa gemeenskappe die praktyk nie.

Om demokrasie te laat werk vir almal in Suid-Afrika is 'n uitdaging, veral waar demokratiese waardes gewoontes en tradisies uitdaag. Voorstanders van gewoontes en tradisies fokus op verskillende aspekte. Volgens Mfono (2000:76) is die keuse van 'n eggenoot tradisioneel nie die Xhosa dogter se voorreg nie, maar is 'n strategiese aksie tussen twee families. Die keuse van die eggenoot vir sy dogter, word tradisioneel deur die vader gemaak en reëlins vir die troue word deur die ouers getref. Die dogter het min of geen sê nie. Alhoewel daar aangeneem word dat die "thwala"-gewoonte van bruidontvoering, verdwyn het weens sosiale veranderinge, is dit steeds die praktyk in sommige landelike Xhosa gemeenskappe in die Transkei, en moontlik in ander area's ook.

Sommige jong mans het 'n manier gevind om hulle uit gedwonge huwelike wat deur hul ouers gereël word, te kry, maar vir meisies is die tradisie steeds teenwoordig. Dit beteken dat 'n skoolmeisie ontvoer kan word deur vreemdelinge tussen die huis en skool, en in die bed van 'n vreemdeling kan eindig (Mfono, 2000:76). In teenstelling met verkragting, kom sulke ontvoerings egter met die toelating van die meisie se ouers voor, wat bruidrykdom ontvang as 'n prys vir hierdie soort van verraad. Toeskouers mag nie betrokke raak nie en moet die besluit van die families respekteer.

Mfono (2000:77) beskryf die storie van Funeka wat ontvoer is toe sy 12 jaar oud was en hoe sy haar 16 jarige suster, wat ook ontvoer is en toe weggehardloop het, se plek moes vul. Funeka se familie het haar as plaasvervanger gegee, eerder as om die vier koeie wat betaal was as deel van die “lobola” vir haar suster, terug te gee. Sy het geboorte geskenk aan ‘n seun op 15 jarige ouderdom, ‘n jaar later aan haar tweede kind en twee jaar later aan ‘n derde kind. Funeka het weggehardloop van haar man en sy familie wou die koeie terugeis, wat probleme tussen die families veroorsaak het. Volgens tradisie is Funeka se familie nie geregtig op die kinders indien hulle die koeie terugvat nie. Die konfrontasie tussen kultuur en sosiale verandering wat versterk word deur wetgewing, is verblindend in sommige aspekte in die Suid-Afrikaanse lewe. Dit is ‘n uitdaging om sulke sensitiewe konfrontasies te hanteer (Mfono, 2000:77).

Faktore soos verwestering en verstedeliking, en die afname in ouerlike beheer en supervisie het veroorsaak dat tradisionele Afrika praktyke verdwyn (Thom, Louw, Van Ede & Ferns, 1998:401). Die resultaat is die toename in tienerswangerskappe, wat veral ‘n sosiale probleem in Suid-Afrika is. ‘n Studie wat uitgevoer is in die Oos-Kaap wat alle populasiegroepe (verdeel in Engels en Afrikaans) ingesluit het, het aangedui dat Engelssprekende adolessente meer seksueel aktief is as Afrikaanssprekende adolessente, terwyl ouer adolessente meer seksueel aktief is as jonger adolessente (Thom, Louw, Van Ede & Ferns, 1998:405). Navorsing wat uitgevoer is in die plattelandse gebiede in die Oos-Kaap het aangedui dat 90.1% van Xhosa-sprekende adolessente seuns seksueel aktief is en 76% van die meisies. Ngalwa (2003) is van mening dat portuurgroepdruk ook wel ‘n rol speel wanneer ‘n Xhosa adolessent besluite neem ten opsigte van seksuele gedrag.

#### **2.4.5 Persoonlikheidsontwikkeling**

Hill (in Chapin, 2000:801) identifiseer vyf lewenstake wat van spesifieke belang tydens adolessensie is, naamlik:

- Identiteit: die ontdekking en begrip van die self as ‘n individu,
- Intimiteit: vorming van nabye verhoudings met ander,
- Outonomieit: vestiging van ‘n gesonde sin van onafhanklikheid,
- Seksualiteit: Om vrede te maak met puberteit en uitdrukking van seksuele gevoelens,
- Prestasie: Om ‘n suksesvolle en ‘n bevoegde lid van die samelewing te word.

Alhoewel hierdie take nie uniek is tot adolessensie nie, neem dit ‘n betekenisvolle belang in weens die uitgebreide biologiese, sielkundige en sosiale veranderinge tydens adolessensie (Chapin, 2000:801). In hierdie afdeling sal daar gefokus word op identiteitsvorming, selfpersepsie, selfbeeld, vorming van ‘n gevoel van identiteit, faktore wat identiteitsvorming beïnvloed, beroepskeuse en kulturele aspekte ten opsigte van identiteitsvorming.

#### **2.4.5.1 Identiteitsvorming en die “self”**

Identiteit verwys na die individu se bewustheid van haarself as ‘n onafhanklike, unieke persoon met ‘n spesifieke plek in die samelewing (Thom, Louw, Van Ede & Ferns, 1998:425). Alhoewel identiteitsontwikkeling tydens die babajare begin en voortduur gedurende die lewenspan, gebeur die hoogste graad van identiteitsontwikkeling gedurende adolessensie weens die baie fisiese, seksuele, kognitiewe, sosiale en morele veranderinge. Hierdie ontwikkelinge veroorsaak verandering wat die adolescent se gevoel van ongeskondenheid en sekuriteit van wie sy is, bedreig. Die integrasie van hierdie ontwikkelinge is daarom ‘n belangrike ontwikkelingstaak van adolessente ten einde hul identiteit te ontwikkel.

Die vader van sielkunde, William James, beskryf die “self” as ‘n bewustheid van jou karaktereenskappe (Lefrancois, 1999:340). Idees van die self sluit ook verskeie evaluerende aspekte in, naamlik gevoelens van selfwaarde (selfbeeld). Die term identiteit word baie keer as ‘n sinoniem vir die woord “self” gebruik. Die term “identiteit” is meer verwant aan Erikson se werk, wat diè konsep as ‘n deel van die geheel sien, wat begin tydens kindskap en die grootste waarde tydens adolessensie bereik. Die menslike

kapasiteit vir refleksiwiteit (om bewus te wees van jou as objek) vorm die basis vir die idee van die self (Lefrancois, 1999:341). Volgens Foster (1993:793) is daar twee aspekte verbonde aan refleksiwiteit, naamlik: om bewus te wees van die self en om bewus te wees daarvan dat ander mense bewus is van die self. Dit is deur sulke refleksies dat die volgende deur 'n persoon gekonstrueer word, naamlik: idees, beelde en oortuigings (kognisies); gevoelens en emosies soos eiewaarde (affekte) en bedoelens en begeertes.

#### **2.4.5.2 Selfpersepsie**

Die adolessent se identiteitsontwikkeling beïnvloed sy/haar siening van hom/haarself. Soos 'n identiteit ontwikkel, sal die siening van die self verander (Thom, Louw, Van Ede & Ferns, 1998:433). Selfbeskrywings van kinders word meer sielkundig en minder fisies soos kinders ouer word. Die adolessent se selfportret word minder konkreet en meer abstrak. (Vergelyk Siegelman, 1999:278; Comunian & Gielen, 2000:410.) Adolessente reflekteer ook meer oor hoe hulle is en is meer selfbewus. Hulle nuwe vermoë om te dink oor hul eie en ander se denke en gevoelens kan hul selfbewus maak.

Die aanname het ontstaan dat adolessente glo dat ander altyd na hulle kyk en hulle evalueer en dat hulle spesiaal en uniek is, genaamd die verbeeldingstoeskouers en persoonlike feëverhaal (Vartanian, 2000:639). Hierdie twee aannames word gebruik vir verduidelikings van selfbewustheid en die neem van risiko's. Die persoonlike feëverhaal reflekteer die geloof dat die persoon se gevoelens en ervarings uniek en anders is as die van ander (Vartanian, 2000:641). Die adolessent kan daarom glo dat “ander nie kan verstaan waardeur hul gaan nie”, “dat dit nie met my sal gebeur nie” of “ek kan alles hanteer”.

Die kind se “sosiale-self”, wat aanvaarding van die portuurgroep reflekteer, verdeel in spesifieke aspekte soos aanvaarding deur die groter portuurgroep, aanvaarding deur nabye vriende, en aanvaarding in romantiese verhoudings. Ouer adolessente blyk in staat te wees om hul verdeelde selfpersepsies in 'n meer geïntegreerde, koherende selfportret te kombineer. In plaas daarvan om net hul eienskappe te lys, organiseer hulle hul



selfpersepsies, insluitende wat kontrasterend is, in 'n geïntegreerde prent (Sigelman, 1999:279). Selfbegrip word dus meer sielkundig, abstrak, gedifferensieerd en geïntegreerd, en selfbewustheid verhoog van kindskap tot adolessensie. Adolessente ondergaan baie fisiese, kognitiewe en sosio-emosionele veranderinge (Vartanian, 2000:641). Dit is te verstane dat sulke veranderinge die middelpunt van die persoonlike denke inneem. Daar word voorgestel dat adolessente glo dat hul voorkoms en gedrag net so belangrik is vir ander soos vir hulself en ook dat ander se evaluasies van hulle ooreenstem met hul self-evaluasies.

Volgens Comunian & Gielen (2000:411) het Watkins in sy studie gedemonstreer dat adolessente van spesifieke kulturele groepe baie verskillende “self”-gebiede kan hê as daardie wat gerapporteer word in die literatuur. Watkins het adolessente van plattelandse en ekonomies gedepriveerde gebiede gevra om te beskryf wat die belangrikste areas in hulle lewens is en om aan te dui of daardie dinge hulle gewoonlik goed of sleg laat voel. Agt gebiede van die self het na vore gekom, naamlik kos, geld, skool, vriende, familie, klere, godsdiens en ontspanning. Drie van hierdie gebiede, naamlik kos, geld en klere, word baie min kere aangespreek in selfbeeldnavorsing. Volgens Maslow se motiveringsteorie skuif 'n bevredigende behoefte wat aanvanklik op die voorgrond was, na die agtergrond en 'n nuwe onbevredigende behoefte verskyn op die voorgrond (Möller, 1993:226). Maslow verdeel basiese en metabehoeftes in vyf groepe en volgens die mate van dringendheid vir die bevrediging daarvan, naamlik fisiologiese, veiligheids-, affiliasie- en liefdes-, selfagtings- en waarderings-, en selfaktualiseringsbehoeftes. Adolessente se “self” kan as veelvoudig gesien word, wat apart oorweeg en geëvalueer kan word, naamlik:

- Sielkundige self. Reflekteer die adolessent se emosies, konsepte van hul liggame en vermoë om impulse te beheer.
- Sosiale self. Bestaan uit die adolessent se persepsies van hul verhoudings met ander, as ook hul waardes en doelwitte.
- Seksuele self. Reflekteer houdings en gevoelens oor seksuele ervaringe en gedrag.

- Familie self. Bestaan uit die adolessent se gevoelens en houdings teenoor ouers en ander familieledede.
- Hantering self. Reflekteer sielkundige aanpassing en hoe effektief die adolessent funksioneer in die buitewêreld.

### 2.4.5.3 Selfbeeld

Om die laerskool te verlaat as die oudste studente na wie die meeste verwys word en om die groter wêreld van die hoërskool binne te gaan as die jongste en ongeletterde, beskuldig soms die kind se selfbeeld tydelik (Sigelman, 1999:279). Dit affekteer egter nie almal nie. Meisies wat bogenoemde en puberteitsveranderinge in die gesig staar, se selfbeelde kan meer geneig wees om beïnvloed te word. Die meeste adolessente se selfbeelde is op dieselfde vlak tydens aanvang van die ontwikkelingsfase as teen die einde. Volgens Thom, Louw, Van Ede & Ferns (1998:433) ervaar sommige adolessente soms 'n tydelike afname in hul selfbeeld wanneer puberteitsveranderinge en kognitiewe en sosiale veranderinge voorkom en hulle moet aanpas in die hoërskool-omgewing. Wanneer hul egter aangepas is by hul fisiese, kognitiewe en sosiale veranderinge, herstel hul gevoel van selfwaarde weer.

Gedurende adolessensie verander die selfbeeld van die adolessent verder aangesien nuwe dimensies soos veranderende fisiese voorkoms, seksualiteit, veranderinge in hul sosiale verhoudings, romantiese verhoudings en die keuse van beroep, voorkom (Thom, Louw, Van Ede & Ferns, 1998:433). Volgens Lefrancois (1999:340) word die evaluasie van die self meer kognitief tydens adolessensie. Dit is meer gebaseer op 'n objektiewe (eerder as emosionele) begrip van wie en wat die self is. Jong adolessente neig om sienings oor hulself te organiseer rondom selfaanvaarding en sosiale verhoudings. Tydens latere adolessensie word persoonlike waardes, beginsels en gelowe belangrike organiserende invloede vir die adolessent se ontwikkelende sienings van die self. Maak nie saak hoe die adolessent die sienings organiseer nie, sienings van selfbeeld bly van kritieke belang (Lefrancois, 1999:341).

Lae selfbeelde word geassosieer met depressie, middelmisbruik, selfmoord en swakke prestasies op skool. Alhoewel selfbeeld relatief stabiel is vir baie adolessente, kan dit verander by ander. Vir daardie adolessente wie se selfbeeld versterk is, is die risiko vir negatiewe ontwikkelingsgevolge minder as vir daardie persone wie se selfbeelde verswak (Lefrancois, 1999:342).

#### **2.4.5.4 Vorming van ‘n gevoel van identiteit**

‘n Belangrike ontwikkelingstaak van die adolessent volgens Erik Erikson is die vestiging van ‘n unieke individuele identiteit (Comunian & Gielen, 2000:407). Erik Erikson het geglo dat adolessensie ‘n tyd van dramatiese verandering in die self is. Erikson het adolessensie gekarakteriseer as ‘n kritiese periode in die lewenslange proses van die persoon se identiteitsvorming en hy het voorgestel dat adolessente die psigososiale konflikte van identiteit teenoor rolverwarring ervaar (Sigelman, 1999:280). Die konsep van die self verwys na ‘n ferm en koherende definisie van wie die individu is, waarheen die individu gaan en waar die individu in die samelewing inpas. Volgens Mdikana (2000:1) kan die onvermoë om die ontwikkeling van ‘n identiteit te hanteer, die psigososiale funksionering van die individu in die samelewing beïnvloed. Effektiewe persoonlike ontwikkeling is baie afhanklik van die ontwikkeling van ‘n persoonlike identiteit.

Adolessensie is ‘n tyd van verandering tussen kindskap en volwassendheid. ‘n Tyd om grense te toets, afhanklike bande te breek en ‘n nuwe identiteit te vorm. Groot konflikte word dikwels ervaar soos die adolessent selfidentiteit, lewensdoelwitte en lewensbetekenis uitklaar. Mislukking om ‘n gevoel van identiteit te bereik, resulteer in rolverwarring (Corey, 1996:101).

##### **2.4.5.4.1 Erik Erikson se teorie oor adolessensie: Identiteit teenoor rolverwarring**

Erikson se hooffokus in menslike ontwikkeling was die periode van adolessensie en jong volwassendheid (Mdikana, 2000:22). Dit kan daarom geargumenteer word dat Erikson

veral klem op die adolessensieperiode van menslike ontwikkeling geplaas het en dat sy teorie geskik is om 'n persoon se begrip van die adolessent se identiteitsontwikkeling te verhoog. Vir Erikson is die belangrikste fase van menslike ontwikkeling adolessensie en hy verwys daarna as die “omkeerpunt” (Mdikana, 2000:23). Erikson se siening van ontwikkeling het voortgebou op Freud se idees. Erikson het sy teorie uitgebrei deur die belang van die psigososiale aspekte van ontwikkeling nà vroeë kinderjare te beklemtoon. Sy teorie stel voor dat psigoseksuele en psigososiale groei saam voorkom, en dat 'n persoon in elke fase van die lewe die taak in die gesig staar om 'n balans tussen die self en die sosiale wêreld te vestig (Corey, 1996:97).

Erikson beskryf ontwikkeling in terme van die hele lewenspan, opgedeel in spesifieke krisisse wat opgelos moet word. Erikson het die lewenspan in agt fases verdeel wat geneties bepaal word en onveranderd is. (Vergelyk Hergenhahn & Olson, 1999:164; Meyer & Van Ede, 1998:51.) Elke krisis word veroorsaak deur 'n spesifieke manier van interaksie tussen die individu en die samelewing. Die individu se ego word gedefinieer deur verhoudings met familieledede, portuurgroepe, betekenisvolle ander persone en deur interaksie met die groter samelewing (Comunian & Gielen, 2000: 449). Volgens Erikson is die hoofontwikkelingskonflik van die adolessentjare verwant aan die vorming van 'n persoonlikheidsidentiteit. (Vergelyk Hergenhahn & Olson, 1999:172; Meyer & Van Ede, 1998:53; Corey, 1996:105.) Die taak om 'n gevoel van identiteit te ontwikkel, bestaan volgens Meyer & Van Ede (1998:53) uit drie komponente, naamlik:

- Die individu se sekerheid van sy of haar eie karaktereienskappe: “Wie is ek?”
- Sekerheid oor sy of haar sosiale identiteit: “Aan watter groep behoort ek?”
- Sekerheid oor sy of haar eie waardes en idees: “Wat hoop ek om te bereik?”

Volgens Erikson is die primêre ontwikkelingskrisis vir adolessente die konflik tussen aanvaarding en keuse of ontdekking van 'n identiteit en die verwarring van die adolessent se energie wat resulteer in konflik en onsekerheid met betrekking tot 'n keuse van 'n identiteit (Lefrancois, 1999:344). Adolessente sukkel om te definieer wie hulle is, waarheen hulle op pad is en hoe hulle daar gaan kom. As die adolessent misluk om 'n

gevoel van identiteit te bereik, is rolverwarring die resultaat. Aangesien hul druk ervaar – deur ouers, vriende, samelewing en portuurgroep – vind adolessente dit baie keer moeilik om ‘n duidelike gevoel van identiteit te ontwikkel. Identiteitsontwikkeling impliseer dus dat die adolessent moet definieer wie hy/sy is, wat belangrik vir hom/haar is, en watter rigting hy/sy in die lewe wil neem. Erikson verwys na hierdie identiteitsontwikkeling as ‘n identiteitskrisis – ‘n tydelike periode van verwarring, waartydens die adolessent ondersoek instel, bestaande waardes bevraagteken en eksperimenteer met alternatiewe ten einde ‘n eie stel van waardes en doelwitte te ontwikkel (Thom, Louw, Van Ede & Ferns, 1998:426).

Adolessente het die taak om ‘n sisteem van waardes wat aan hulle lewe rigting sal gee, te integreer. In die vorming van ‘n persoonlike filosofie van die lewe, moet hul kernbesluite neem ten opsigte van godsdien, geloof, seksuele etiek en waardes. In die soeke na identiteit is rolmodelle veral belangrik (Corey, 1996:105). Om ‘n gevoel van identiteit te vorm, moet die adolessent die aparte persepsies wat deel is van die selfkonsep, integreer in ‘n koherende sin van die self en moet sy voel dat hy/sy dieselfde persoon gister, vandag en môre, by die huis, skool en werk, is (Sigelman, 1999:280).

Adolessente kan ‘n ongemaklike gevoel ervaar as hulle nie ‘n gevoel van wie hulle is, kan uitwerk nie. Volgens Erikson ervaar baie adolessente ‘n identiteitskrisis wat deur verskeie redes veroorsaak word, naamlik liggaamsveranderinge, kognitiewe groei en sosiale eise (Sigelman, 1999:280). Identiteitsverwarring kom dus voor wanneer die adolessente besluiteloos is oor hulleself en hulle rolle (Thom, Louw, Van Ede & Ferns, 1998:427). Die samelewing ondersteun adolessente deur hul toe te laat om tydens hul hoërskool- en kollegejare redelik vry te wees van verantwoordelikheid en deur geleentheid vir eksperimentering met verskillende rolle, tyd gegun word om hulself te vind. Dit maak egter ook die vestiging van identiteit moeiliker as in ander kulture, aangesien daar baie opsies aan die adolessent gegee word en aan hulle ‘n keuse gelaat word om enige iets te wees wat hulle wil wees.

Erikson se teorie oor adolessente-identiteitsontwikkeling is van Westerse oorsprong, en dit is toegepas in verskillende kulturele opsette en samelewings (Mdikana, 2000:5). Daar is geen twyfel nie dat Erikson se teoretiese werk 'n rykdom van insig oor die onderwerp identiteitsontwikkeling voorsien het en dat dit baie navorsing oor die jare gestimuleer het.

#### **2.4.5.5 Faktore wat identiteitsvorming beïnvloed**

Identiteit is die storie wat mense vertel van hulself (Ungar, 2000:168). Die adolessent se vordering ten einde identiteit te bereik, is 'n produk van ten minste vier faktore, naamlik kognitiewe groei, verhoudings met ouers, ervaringe buite die huis en die breër kulturele konteks. (Vergelyk Thom, Louw, Van Ede & Ferns, 1998:430; Sigelman, 1999:282.)

Kognitiewe ontwikkeling blyk die adolessent in staat te stel om die moontlike toekomstige identiteite te verbeeld en te oorweeg. Wanneer Piaget se beskrywing van die kenmerke van formeel-operasionele denke in oënskou geneem word, is dit moontlik om die verband tussen hierdie kenmerke en die proses van identiteitsontwikkeling soos volg aan te dui: die vermoë om abstrak te dink oor sekere hipotetiese situasies of alternatiewe stel die adolessent in staat om verskillende beroepe te oorweeg en 'n beroepskeuse te maak, om te dink oor verskillende idees, waardes en ideologieë en daaruit 'n persoonlike waardestelsel op te bou en om oor sy of haar kenmerke te dink. Die adolessent kan dus haar identiteit formuleer en haar rol in die samelewing bepaal.

Identiteitsvorming word tydens adolessensie bevorder deur belonende en versorgende optredes van die ouers wanneer die ouers van dieselfde geslag 'n persoonlike en sosiaal effektiewe rolmodel is en wanneer ouers van die teenoorgestelde geslag 'n effektiewe ouermodel is en die rolmodel van dieselfde geslag ouer goedkeur (Thom, 1990:466). Adolessente wat te geheg aan hul ouers is, wie se ouers oorbeskermend is en hulle kinders beheer, het min geleenthede om hul eie besluite te neem en mag nooit ouerlike gesag bevraagteken nie of die behoefte ontwikkel om 'n aparte identiteit te ontwikkel nie. Adolessente moet tydens gesinsgesprekke 'n gevoel van wederkerige respek en nabyheid ervaar asook vry voel om te verskil van hul ouers.

Ervaringe buite die huis, byvoorbeeld op kollege, stel die adolessent bloot aan 'n verskeidenheid idees en bemoedig hul om onafhanklik oor sake te dink. Vorming van identiteit word laastens beïnvloed deur die breër kultuur waarin dit voorkom – 'n punt wat Erikson sterk beklemtoon. Die aanname dat adolessente 'n persoonlike identiteit moet kies nadat alle opsies versigtig ondersoek is, kan wel waar wees vir Westerse samelewings van die twintigste eeu. Dit is egter ook waar dat baie adolessente in tradisionele samelewings vandag volwasse rolle aanneem wat van hul verwag word. In sommige kulture is vroeë moederskap algemeen en hierdie adolessent het minder opsies. Adolessente betree dus te vinnig die volgende lewensfase voordat ontwikkelingstake van adolessensie voltooi kon word.

Om 'n identiteit te vorm, word geassosieer met 'n goeie selfbeeld, komplekse denke oor morele en ander sake asook 'n bereidwilligheid om saam met ander mense te werk en hulle te aanvaar (Sigelman, 1999:284). In teenstelling kan die adolessente wat misluk om 'n gevoel van identiteit te ontwikkel, 'n lae selfbeeld ontwikkel en doelloos rondswerf. Die adolessent is dus vasgevang in die identiteitverspreidingstatus. Erikson sien adolessensie as die kerntydperk waartydens die adolessent moet definieer wie hy of sy is (Sigelman, 1999:284).

'n Deel van die proses van identiteitsvorming is om die self te aanvaar as manlik of vroulik. Indien die geslagsidentiteit gevorm is, dra dit by tot die oplossing van die identiteitskrisis en stel dit die adolessent in staat om intieme verhoudings aan te knoop (Thom, 1990:464).

#### **2.4.5.6 Beroepskeuse**

Beroepskeuse en die voorbereiding vir 'n beroep is een van die belangrikste take van die adolessent (Thom, Louw, Van Ede & Ferns, 1998:435). Hierdie taak dra by tot die definiëring van 'n identiteit en die eerste stap tot die vervulling van 'n volwasse rol. Volgens Ackerman & Botha (1997a:180) sien Erikson die ontwikkeling van 'n

beroepsidentiteit as 'n groot uitdaging in die identiteitsonwikkelingsproses gedurende adolessensie. Om 'n beroepkeuse te maak is egter 'n moeilike taak vir die meeste adolessente en volgens Thom, Louw, Van Ede & Ferns (1998:435) moet verskeie faktore in aanmerking geneem word, naamlik:

- Die individu se vermoëns, belangstellings, waardes en persoonlike eienskappe,
- Inligting van verskeie beroepe en die nodige kwalifikasies moet ingesamel word,
- Die karaktereienskappe van die beroep moet ooreenstem met diè van die individu,
- Ten spyte van die beroep wat gekies word, moet ander ook oorweeg word.

#### **2.4.5.7 Kulturele aspekte ten opsigte van persoonlikheidsontwikkeling**

Volgens Ackerman & Botha (1997a:180) word beroepsontwikkeling van adolessente van verskillende kulture en etniese groepe beïnvloed deur verskillende faktore. Adolessente van verskillende kulturele agtergronde verskil in hulle verwagtinge, motivering en waardes in die beroepsontwikkelingsproses. As 'n resultaat staar hulle probleme en struikelblokke in die gesig wat hulle moet oplos en hulle houdings ten opsigte van die beroepsontwikkelingsproses verskil. Die keuse van 'n beroep het 'n komplekse taak vir swart Suid-Afrikaanse adolessente geword as gevolg van veranderende sosio-politiese situasies in Suid-Afrika asook die ekonomiese behoeftes van die land wat swart adolessente meer loopbaangeleenthede bied (Ackerman & Botha, 1997b:72).

Volgens Ackerman & Botha (1997a:180) is 'n groot struikelblok van ekonomies benadeelde adolessente die tekort aan blootstelling van kennis oor beroepe en beroepskeuses. Die afwesigheid van beroepsriglyne in skole kan bydra tot beroepsonsekerheid. Laer opvoedkundige standaarde en 'n tekort aan opvoedkundige fasiliteite sal daarom beroepsontwikkeling beïnvloed. Volgens Mdikana (2000:2) is swart skole in die verlede nie aangemoedig om beroepe en kulturele identiteit te verbeter nie. Die gevolg was dus die afwesigheid van riglyne en beroepsvoorligting in swart skole. Die apartheidsopvoedkundige sisteem het nie positiewe kulturele identiteit aangemoedig nie, maar het in teenstelling negatiewe teenoor die swart kultuur



aangemoedig. Swartmense is nie aangemoedig om hul eie kultuur te waardeer nie, maar is wel aangemoedig om die Westerse kultuur te waardeer (Mdikana, 2000:2). Hierdie situasie kan gesien word as 'n psigo-sosiale krisis wat 'n direkte invloed op persoonlikheidsontwikkeling mag hê.

Navorsingsresultate van Ackerman & Botha (1997a:184) beklemtoon dat daar 'n dringende behoefte is aan 'n baie breër ontwikkelingsbenadering tot beroepsriglyne en berading, wat moet fokus op aspekte soos selfkennis, effektiewe besluitnemingsvaardighede, die vermoë om relevante inligting te integreer en om dit in die besluitnemingsprosesse en beroepsbeplanningsvaardighede toe te pas. Dit is veral belangrik vir Xhosa adolessente indien die tekort aan effektiewe voorligting en berading van die verlede in ag geneem word (Mdikana, 2000:3).

Volgens Ackerman & Botha (1997b:75) is die klem baie keer te veel op die voorsiening van inligting oor beroepe, gevolg deur 'n keuse wat gebaseer is op hierdie inligting, terwyl die proses van beroepsondersoek, insameling en prosessering van inligting en besluitneming, min aandag geniet. Effektiewe beroepsvoorligting moet dus nie die student ondersteun om dadelik 'n spesifieke beroepskeuse te maak nie, maar moet eerder die adolessent se selfkennis verhoog, wat as 'n fondament vir toekomstige beroepsontwikkelingstake kan dien (Ackerman & Botha, 1997b:75). In die lig van die veranderende sosio-politiese situasie is hierdie prosesse veral belangrik vir daardie (hoofsaaklik swart) adolessente wat beperkte blootstelling aan die beroepswêreld in 'n breër konteks in die verlede gehad het.

'n Studie uitgevoer deur Boulter in 1995 het aangetoon dat die drastiese veranderinge wat in die skoolsisteme in Suid-Afrika geïmplimenter word, asook gesins-, sosiale- en persoonlike veranderinge, adolessente aan grootskaalse aanpassings blootstel (Thom, Louw, Van Ede & Ferns, 1998:387). Boulter bevind met sy navorsing dat Suid-Afrika se adolessente sukkel met sake soos selfvertroue, selfbeeld, emosionele stabiliteit, gesondheid, gesinsinvloede, persoonlike vryheid, groepsosialisering en morele sin. Dit is die navorser se opinie dat dit erken moet word dat die uitgebreide fisiese, kognitiewe,

persoonlikheid en sosiale ontwikkeling wat voorkom tydens adolessensie, die adolessent aan baie aanpassings blootstel.

Die vorming van 'n identiteit blyk 'n universele vereiste tydens adolessensie te wees, alhoewel die spesifieke maniere waarop 'n identiteit gevestig word, van kultuur tot kultuur sal verskil (Thom, Louw, Van Ede & Ferns, 1998:425). Volgens Comunian & Gielen (2000:407) is empiries kruis-kultureel getoetste studies verrassend skaars. Navorsing het bevind dat response op die vraag: "Wie is ek?", in kategorieë val soos fisies of beskrywend; sosiale status of groep; persoonlike styl en hoedanighede en algemene stellings. Volgens Louw, Louw & Schoeman (1993:567) kan verhoudings in hierdie onderskeie kategorieë met verloop van tyd verander of tussen sosiale groeperings wissel. Daar is byvoorbeeld aanduidings dat swart Suid-Afrikaners in 'n groter mate gebruik maak van sosiale etikette as blanke Suid-Afrikaners wat oorwegend reageer op grond van persoonlike hoedanighede. Volgens Comunian & Gielen (2000:419) is dit belangrik om aandag te gee aan adolessente se eie persepsies van belangrike sake in hulle lewens.

Volgens Lefrancois (1999:343) word daar geargumenteer dat daar 'n "storm en drang" periode vir die meeste adolessente in alle kulture is, aangesien die gemoedsveranderinge, die geïrriteerdheid en die konflik van dië periode direk verwant is aan 'n dramatiese styging in seksuele hormone. Buchanan, Eccles en Becker het egter tydens hulle navorsing gevind dat die belangrikste bepalende faktore wat die adolessent se gemoedsveranderinge en gedrag beïnvloed, nie hormone is nie, maar wel nie-biologiese, konteksuele faktore (Lefrancois, 1999:343).

'n Gevoel van identiteit word bevorder deur konsekwente optrede van die ouers teenoor die adolessent. Hierbenewens blyk dit ook uit navorsing met swart en blanke Suid-Afrikaanse adolessente dat identiteitsontwikkeling bevorder word deur demokratiese ouerbeheer en wanneer die kwaliteit van die ouer-adolessentverhouding gekenmerk word deur wedersydse begrip, 'n gevoel van nabyheid, kommunikasie en die neerlê van riglyne vir gedrag (Thom, Louw, Van Ede & Ferns, 1998:431). Hierdie bevindings bevestig ook

Erikson se teorie dat interaksie tussen die ouer en kind asook dat wedersydse erkenning belangrik vir identiteitsontwikkeling is.

Navorsers in Suid-Afrika kon geen verskil in die identiteitsontwikkeling van stedelike swart en wit adolessente vind nie (Thom, Louw, Van Ede & Ferns, 1998:432). Dit beteken dat beide swart en wit adolessente deur 'n periode van verandering in hulle selfbeelde gaan, wat later stabiel en geïntegreerd word. Adolessente in die oorgangskultuur vorm 'n identiteit teen die agtergrond van 'n sintese tussen twee kulture. Volgens Thom (1990:465) bied tradisionele kultuur gewoonlik groter duidelikheid ten opsigte van gedragsriglyne waarby die adolessent baat. Met betrekking tot die swart kultuur in Suid-Afrika, kan dit dan ook die geval wees en belemmer die oorgangskultuur dan nie adolessente se identiteitsontwikkeling in so 'n mate dat dit van die blanke adolessente verskil nie.

Sosio-ekonomiese faktore affekteer identiteitsontwikkeling in 'n groot mate (Mdikana, 2000:3). Die meerderheid van die Suid-Afrikaanse populasie leef steeds in armoede, alhoewel dit geleidelik verander. Die implikasies vir swart adolessente is dat armoede hulle dwing om gou beroepsbesluite te neem, wat dus oningelig gedoen kan word. Die adolessent bind homself of haarself sonder om effektief ondersoek in te stel of om alternatiewe te oorweeg. Adolessente van die middel en hoër ekonomiese klasse aan die ander kant, is meer in staat om geleenthede te ondersoek en alternatiewe te oorweeg en om ingeligte besluite te neem (Mdikana, 2000:3). Dit kan dus wees omdat daar minder sosio-ekonomiese faktore is wat druk op hulle uitoefen.

Hauser het ook gevind dat die patroon van identiteitsvorming van swart en blanke Suid-Afrikaanse adolessente uit 'n laer sosio-ekonomiese klas verskil (Thom, 1990:466). Die swart adolessente se selfsienings het opvallend dieselfde gebly vanaf die begin tot aan die einde van hul hoërskooljare. Die blanke adolessente se patroon van identiteitsvorming is hierteenoor gekenmerk deur veranderinge in die selfsiening wat dan later toenemend gestabiliseer het en geïntegreer is tot 'n geheelbeeld.

Die invloed van kultuur op die identiteitsontwikkeling van Suid-Afrikaanse adolessente blyk uit die volgende bevindinge van Thom (in Thom, Louw, Van Ede & Ferns, 1998:432): Afrikaanssprekende adolessente tussen 15 en 17 jaar is in 'n groter mate as Engelssprekende adolessente seker van hul identiteit. Kulturele kenmerke wat moontlik vir hierdie verskil verantwoordelik is, kan eerstens die groter mate wees waarin Afrikaanse kinders gesosialiseer word om met die tradisionele waardes en norme te konformeer. Dit kan daartoe bydra dat adolessente dan vroeër 'n identiteit vorm wat vooruit beslis word. Die adolessent vorm in hierdie geval dus sy/haar identiteit volgens oerlike en kulturele verwagtings (Thom, Louw, Van Ede & Ferns, 1998:432).

Die verskil kan tweedens toegeskryf word daaraan dat Engelse adolessente moontlik meer in ooreenstemming met die Westerse waardes wat nie konformering nie, maar individuele vryheid en selfaktualisering beklemtoon, opgevoed word. Dit kan daartoe bydra dat hul identiteitsvorming langer neem. Engelse adolessente verkeer dus langer in die identiteitsmoratoriumstatus waartydens selfondersoek en eksperimentering plaasvind ten einde 'n individuele identiteit te vorm.

Wanneer die blanke kultuurgroep (Afrikaanse en Engelssprekende adolessente) met adolessente in die swart kultuurgroep met betrekking tot hul identiteitsontwikkeling vergelyk word, blyk dit dat albei groepe in dieselfde mate reeds 'n identiteit gevorm het (Thom, 1990:465). Dit kan daaraan toegeskryf word dat die blanke en swart kulture moontlik ooreenkom in die opsigte dat albei kulture as veranderingsgeoriënteerde kulture gesien kan word. Die blanke kultuur as gevolg van die invloed van vinnige tegnologiese en sosiale veranderinge en die swart kultuur omdat die kultuur in 'n oorgangstadium tussen die tradisionele en Westerse kulture verkeer. Suid-Afrika is 'n multi-kulturele land. Suid Afrika was in die verlede verdeel volgens ras, etnisiteit en geslagslyne en beroepsgeleentehede vir swartmense was beperk (Mdikana, 2000:2). Dit moet egter ook in aanmerking geneem word dat die identiteitsontwikkeling van wit adolessente ook geaffekteer is, aangesien hulle nie toegelaat is om met swart adolessente te sosialiseer nie.

Die tradisionele Afrika kulture neig om nie individuele besluitneming aan te moedig nie, en besluite word gewoonlik kollektief geneem en die vader, as hoof van die gesin, dui gewoonlik die rigting van die besluitnemingsproses aan (Mdikana, 2000:4). Dit kan swart adolessente dwing om verantwoordelikhede aan te gaan sonder voldoende ondersoek en oorweging van alternatiewe. Dit verander egter geleidelik weens verstedeliking en industrialisasie, waartydens mense nuwe norme en waardes aanneem. Die Westerse kultuur, aan die ander kant, moedig egter individuele besluitnemingsprosesse aan, wat die ondersoek en oorweging van alternatiewe en geleenthede toelaat.

Mdikana (2000:97) het in sy navorsing gevind dat bestaande literatuur nie 'n duidelike aanduiding van verskille en ooreenkomste in die identiteitsvormingsprosesse van adolessente van verskillende kulturele kontekse aandui nie. Die meerderheid van literatuur neig om swart adolessente te lokaliseer in òf die identiteitsverwarring òf uitsluitingstatus selfs al verander hierdie patrone geleidelik en kom dit voor asof meer onlangse studies dui op minder verskille ten opsigte van identiteitsonwikkeling tussen verskillende kulture.

#### **2.4.6 Sosiale ontwikkeling**

Dit is belangrik om in gedagte te hou dat alle aspekte van adolessente ontwikkeling, naamlik fisiese, kognitiewe, seksuele, persoonlikheids-, sosiale en morele ontwikkeling, binne 'n sosiale konteks plaasvind wat of die ontwikkeling kan bevorder of strem (Thom, Louw, Van Ede & Ferns, 1998:444). Sosialisering verwys na die totale stel van ervarings waarin die adolessente deelneem en wat hul toelaat om produktiewe lede van hul kultuur te word (Comunian & Gielen, 2000: 271). Sosialisering is die proses van interaksie en leer, dit is noodsaaklik vir oorlewing en ontwikkeling van die individu asook vir die oorlewing en effektiewe werking van die samelewing (Popenoe, Cunningham & Boulton, 1998:80). Sosialisering hou dus verband met die adolessent se verhoudings en rolle binne al die sisteme waarvan hy/sy deel is.

Die sosialisingsproses word ondersteun deur individue soos ouers, grootouers, familielede, onderwysers en godsdiensteleiers. Verskeie faktore dra by tot die komplekse verhoudings tussen familie, kultuur en sosialisering, insluitende kulturele konteks, sosiale gelowe, familiestrukture, en ouerskapstyle (Comunian & Gielen, 2000:271). Kruiskulturele navorsing dui daarop dat kultuur 'n belangrike rol speel in sosialisering op alle vlakke, van geboorte tot die finale jare van die lewenspan. Wat konstant blyk te wees, is dat adolessensie 'n periode van verandering is, van die sosiale rolle van die kind tot die kompleksere en sosiaal geïntegreerde rolle van 'n volwassene.

Elke kultuur stel die adolessent bloot aan 'n verskillende stel van gelowe wat gevorm word deur ekologiese omstandighede, 'n algehele wêreldsiening, die skoolsisteem, familie en portuurgroep (Gomunian & Gielen, 2000:401). Adolessente kyk na ouers, ander belangrike volwassenes en hul portuurgroep as moontlike rolmodelle vir volwasse rolle en gedrag. Dit blyk egter dat adolessente van verskillende kulture hul sosiale netwerke anders waarneem.

Die sosialisering van die adolessent word hoofsaaklik beïnvloed deur ander faktore as die familie en portuurgroep in die groter kulturele konteks. Die groter kulturele invloede sluit die skool, gemeenskap, media, groter sosiale sisteme en algehele kulturele gelowe in (Gomunian & Gielen, 2000:401). Dit kom voor asof adolessente van tradisionele kulture meer klem plaas op sake verwant aan die familie, waar daardie wat in meer moderne en industriële kulture lewe meer bekommerd is oor hoër kwalifikasies en beroepskeuses. Jong mense vanuit verskillende kulture deel egter algemene bekommernisse oor hulle lewens, wêreld en hulle toekoms.

Ten einde as individue te ontwikkel en om 'n bydrae te maak tot die samelewing, moet adolessente in staat wees om bevredigende verhoudings met ander te ontwikkel, te skuif van 'n egosentriese tot 'n sosiosentriese oriëntasie (Gil, 1996:46). Oor die laaste twee dekades het die hoeveelheid kinders wat verwaarloos of gemolesteer is, geleidelik verhoog (Terrell, Terrell & Von Drashek, 2000:611). In respons hierop, het baie ouers, onderwysers en ander volwassenes begin om kinders te leer om nie vreemdelinge te

vertrou nie. Deur egter aan kinders te leer om nie vreemdelinge te vertrou nie, het hulle die fondament weggespoel vir goeie toekomstige interpersoonlike verhoudings. Erikson het onder andere geargumenteer dat die ontwikkeling van 'n sin van vertroue vroeg in die lewe noodsaaklik is vir gesonde sielkundige funksionering (Terrell, Terrell & Von Drashek, 2000:611).

Volgens Erikson sal kinders wat misluk om 'n basiese sin van vertroue te ontwikkel later in hulle lewens, die wêreld as vyandig beskou en mense as onbetroubaar. Kinders wat dus geleer word om nie vreemdelinge te vertrou nie, kan later probleme ervaar met die vestiging van intieme verhoudings en kan gevoelens van eensaamheid in latere jare beleef. 'n Moontlike alternatief vir die opleiding van kinders om nie vreemdelinge te vertrou nie, is om hulle te leer om slegte gedrag in ander te erken (Terrell, Terrell & Von Drashek, 2000:611). Dit kan veral bruikbaar wees, aangesien vorige verslae aandui dat die meerderheid kinders seksueel misbruik word deur familieledede of iemand wat hulle ken. Die navorser vind in praktyk dat baie adolessente meisies seksueel misbruik word deur ouer, bekende manspersone (20-25 jaar oud) wat meer ervaar is en misbruik maak van die jonger meisies se onskuld. Daardie adolessente meisies ervaar daarna probleme met vertroue en veral om weer mans te vertrou. Die navorser is dus van mening dat ook adolessente kan baat by opleiding in selfgeldende gedrag en hoe om slegte gedrag in ander te erken.

#### **2.4.6.1 Ouers-adolessent verhouding**

Die belangrikste agente van sosialisering was nog altyd die gesin (Popenoe, Cunningham & Boulton, 1998:92). Sosialisering begin by die huis, waar kinders leer wie hulle is, wat hulle kan en moet verwag van die samelewing en wat die samelewing van hulle verwag. Die adolessent se verhouding met sy/haar ouers bly belangrik tydens adolessensie. Kinders se suksesvolle aanpassing en moontlik hul oorlewing, hang van verhoudings af. 'n Hegte verhouding of binding met 'n ouer of ander versorger is noodsaaklik vir normale kinderontwikkeling (Mash & Woolfe, 2002:23). Indien die verhouding met die

bindingsfigure konstant en betroubaar is, sal adolessente beter in staat wees om hul emosies te reguleer en om stres meer effektief te hanteer.

Adolessente benodig steeds daardie sekuriteit wat voorsien word deur ondersteunende ouers ten einde meer onafhanklik en outonome individue te word (Sigelman, 1999:383). Baie jeugdiges wat byvoorbeeld kollege toe gaan, kan 'n potensiële stresvolle toets van hulle vermoë om 'n vreemde situasie te hanteer, ervaar. Vir 'n adolessent om skeidingsangs te beleef in hierdie situasies is heeltemal normaal en aanvaarbaar. Preokkupasie met ouers verminder gewoonlik tydens die eerste kwartaal. Adolessente wat 'n hegte binding met hulle ouers geniet, blyk sterker selfbeelde en sterker identiteite te vorm en kan beter emosioneel aangepas wees as ander adolessente wat nie 'n sterk binding met hul ouers het nie (Sigelman, 1999:383). Binding met ouers voorsien adolessente met 'n sekuriteitsbasis vanwaar hulle ondersoek kan instel na hulle wêreld en die verhoogde sosiale eise kan bemeester (Thom, Louw, Van Ede & Ferns, 1998:447).

Die term generasiegaping verwys na sekere generasieverskille wat tussen adolessente en volwassenes bestaan (Thom, 1990:435). Die aard van die generasiegaping word deur die omvang van die verskille in opinies, waardes, houding en belangstellings en die ouderdomsverskil wat tussen die adolessent en volwassene bestaan, sosiale veranderinge en kultuur bepaal. Wanneer die fisiese en kognitiewe veranderinge plaasvind en die adolessent streef na onafhanklikheid, kan konflik tussen die ouer en die adolessent ontstaan (Louw, 1997:517). Konflik kan ook veral voorkom wanneer adolessente voel dat hulle nie oor voldoende vryheid beskik om hul eie besluite ten opsigte van hulle kleredrag, haarstyle en vriende te neem nie. Konflik ontstaan ook wanneer adolessente teen die ouers se gesag rebelleer, wanneer hulle òf die ouers se belangstelling en aandag wil verseker òf wanneer hulle voel dat hulle te veel gekritiseer en tereggewys word (Thom, 1990:437). 'n Mate van konflik tussen ouer en adolessent impliseer nie noodwendig vervreemding nie, maar vorm deel van die ontwikkelingsproses. Adolessente neig om grense te toets wanneer hulle hul portuurgroep aan hulle gesin voorstel en begin om meer tyd buite hulle gesin te spandeer (Gil, 1996:46).



Volgens Thom, Louw, Van Ede & Ferns (1998:444) dui studies aan dat die ouer-adolesent baie betekenisvolle veranderinge en herorganisering ondergaan tydens vroeë adolessensie. Hierdie veranderinge in die ouer-adolesent-verhouding word primêr gekarakteriseer deur die bevraagtekening van die waardes, reëls en regulasies wat deur die ouers gestel word en die adolesent wat meer betrokke raak by vriende. Ouers voel baie keer ontsteld deur hierdie veranderinge en reageer deur meer beheer te neem, wat in meer konflik resulteer. Konflik blyk meer tussen die adolesent en hulle moeders voor te kom. Dit kan daaraan toegeskryf word dat die moeders as primêre versorgers, meer betrokke is in die dag-tot-dag aktiwiteite van die adolesent.

Volgens Lefrancois (1999:347) kan die sosialisering van die adolesent in terme van drie fases beskryf word, gebaseer op die veranderende rolle van ouers en portuurgroepe. Die eerste voor-adolessensiefase word gekenmerk deur die kind se hoë sosiale, emosionele en fisiese afhanklikheid van ouers asook lae konflik. Die tweede vroeë adolessensiefase, betrek verhoogde onafhanklikheid, verhoogde emosionele afstand, en soms verhoogde konflik. Die derde latere adolessensiefase word gekenmerk deur 'n afname in konflik en die bereiking van relatiewe onafhanklikheid (Lefrancois, 1999:347).

Die uitdrukking “emosionele afstand” is 'n bruikbare beskrywing van die adolesent-ouer verhouding, as 'n aanduiding van adolessente se emosionele afhanklikheid van ouers relatief tot die karaktereienskappe van die voor-adolesent. Adolessente en ouers bly tipies emosioneel naby verbind. Hierdie verbinding help as 'n buffer vir adolessente en help om hulle te beskerm teen die stressors en angs van grootword en aanpassing in 'n komplekse wêreld. Aanhoudende sterk binding met ouers word ook verbind met die ontwikkeling van positiewe selfbeelde (Lefrancois, 1999:347).

#### **2.4.6.1.1 Kulturele aspekte ten opsigte van die adolesent-ouer verhouding**

Die swart bevolkingroepe in Suid-Afrika is nog net gedeeltelik by die verstedeliking-, industrialiserings- en moderniseringsproses van die Suid-Afrikaanse samelewing betrokke en die multigenerasiesgesin word nog hier aangetref (Thom, 1990:433). Die

navorsers vind dat in die Wes-Kaap baie Kleurlingkinders in die Strand-area en Xhosakinders in die Lwandle-Nonzamo area deur hul grootouers grootgemaak word of dat 'n multigenerasiegesinstruktuur aangetref word. Die kerngesin kom oorwegend by die hoër sosio-ekonomiese klas (blank, Kleurling en Xhosa) voor. Die ouers in die kerngesin is dikwels geografies geïsoleer van hul familie weens verstedeliking. As gevolg van sosiale veranderinge kan die ouer ook nie haar eie adolessentjare as voorbeeld neem nie en die adolessent moet dus haar ontwikkelingstake sonder 'n duidelike verwysingsraamwerk van haar ouers bemeester (Thom, 1990:434).

Volgens Ngalwa (2003) verhoog die konflik tussen moeders en dogters ook tydens adolessensie in die Xhosa kultuur. Vroeër jare, in die tradisionele gemeenskappe is kinders voorgesê, maar in baie hedendaagse Xhosa gemeenskappe word kinders opgelei in kinderregte en is hulle bewus dat hulle ook op 'n eie mening geregtig is.

Mdikana (2000:98) het in sy navorsing oor identiteitsverwante besluitneming tussen Xhosaspreekende adolessente bevind dat ouers steeds 'n belangrike invloed in die adolessent se lewe het, maar wanneer dit kom by meer spesifieke besluitneming, blyk dit dat die rol van die ouer afneem. Daar is bewyse dat kollektiwiteit minder belangrik word wanneer besluite oor belangrike sake soos die huwelik geneem moet word, en 'n meer individualistiese oriëntasie blyk te ontwikkel.

#### **2.4.6.2 Die adolessente portuurgroep**

Portuurgroep verwys na 'n groep mense wat naastenby gelyke status het en wat gewoonlik van ooreenstemmende ouderdomme is (Popenoe, Cunningham & Boulte, 1998:93). Adolessente se sosiale gedrag word gekarakteriseer deur 'n verhoogde belangstelling in en betrokkenheid by hulle portuurgroep (Louw, 1997:518). Adolessente het 'n behoefte om "te behoort aan". Die portuurgroep kan gesien word as 'n groep met waardes en norme (Gil, 1996:46).

Die portuurgroep dien ook as 'n hoofbron van die adolessent in die hantering van sy of haar ontwikkelingstake en speel gewoonlik 'n baie belangrike rol in die proses van identiteitsformasie (Mdikana, 2000:25). Twee gevare van identifikasie met die portuurgroep kan egter voorkom. Eerstens kan die adolessent 'n negatiewe identiteit vorm wat in konflik met die samelewing se waardes en norme is, indien die portuurgroep 'n negatiewe invloed op die adolessent uitoefen. Die ander gevaar is dat ooridentifikasie met die gedrag, norme en waardes van die portuurgroep, die soeke na 'n individuele identiteit kan beperk.

Wanneer kinders adolessensie bereik, begin hulle meer tyd saam met hulle vriende spandeer sonder volwasse supervisie (Van Beest & Baerveldt, 1999:194). Tydens vroeë adolessensie heg die adolessent al hoe meer waarde aan aanvaarding deur sy of haar portuurgroep en sal al hoe meer na hulle vriende draai vir advies en ondersteuning. Adolessente distansieer hulself soms van hulle ouers en fokus meer op hul portuurgroep. Volgens Lefrancois (1999:348) bevredig die portuurgroep en vriende nie net emosionele behoeftes nie, maar is hulle ook 'n belangrike bron van inligting en geleentheid vir sosialisering. Die adolessente portuurgroep is op baie maniere soos 'n aparte kultuur wat verandering vanaf kindskap tot volwassendheid vergemaklik. Alhoewel volwassenes blyk om die hoofbron van ondersteuning vir kinders te wees, is dit al gedemonstreer dat kinders ondersteuning en hulp kan voorsien om stres teen te staan (Van Beest & Baerveldt, 1999:194).

Portuurgroepe beïnvloed sosialisering al hoe meer soos 'n kind ouer word. Portuurgroepe is veral beïnvloedbaar tydens adolessensie, aangesien portuurgroepe adolessente help om hulle plek te vind in 'n samelewing van gelykes (Popenoe, Cunningham & Boulton, 1998:93). Adolessente portuurgroepe is ook baie belangrik om jong mense te help om hulle afhanklikheid van volwassenes te verminder. Sommige adolessente word as gevolg van sekere karaktereenskappe meer aanvaar deur hul portuurgroep as ander. Hierdie karaktereenskappe sluit simpatie, geduld, opgewektheid, buigbaarheid, energiekheid, entoesiasme, aantreklikheid, intelligensie, 'n sin vir humor, selfvertroue en prososiale gedrag in (Thom, Louw, Van Ede & Ferns, 1998:451).

Daarteenoor word adolessente wat skaam, teruggetrokke, onsensitief en 'n swak selfbeeld het, soms nie aanvaar nie.

Adolessente portuurgroepe kan verkil in grootte, belangstellings, sosiale strukture en sosiale agtergronde. Baie adolessente kan aan verskeie groepe terselfdertyd behoort (Lefrancois, 1999:348). Portuurgroepe kan onder andere geëtiketteer word as “die populêre groep”, “die uitgeworpe groep”, “die druggies” of die “nerds”. Ouers speel 'n baie belangrike rol in die keuse wat hulle kinders maak ten opsigte van portuurgroepe. Ouers is instrumente in die vorming van die kind se sosiale vaardighede en waardes en hulle beïnvloed die kind se keuse van vriende of portuurgroep deur hul keuse van 'n buurt waar hul woon asook hul keuse van skool, sport en ontspanningsoefeninge waaraan die kind deelneem. (Vergelyk Berk, 2000:602; Lefrancois, 1999:350.)

Vir die adolessent om te identifiseer met haar portuurgroep is sentraal tot die ontwikkeling van die adolessent se selfbeeld en sosiale vaardighede (Gil, 1996:46). Waar vriendskappe tydens vroeë kinderjare sentreer om algemene aktiwiteite en tydens latere kinderjare om gemeenskaplike lojaliteit, verhoog adolessente se hunkering na intimiteit en self-onthulling (Sigelman, 1999:383). Adolessente neig om vriendskappe te vorm met hul portuur wat dieselfde as hulle is en gevoelens van lojaliteit teenoor hulle vriende uitdruk. Adolessente blyk vriende te kies wie se sielkundige kwaliteite – belangstellings, waardes, houdings en persoonlikhede – by hul eie pas. Alhoewel dieselfde geslag vriendskappe belangrik bly dwarsdeur adolessensie, word adolessente al hoe meer betrokke by naby heteroseksuele verhoudings (Sigelman, 1999:384).

Adolessente se vriendskappe word al hoe meer op emosionele gebondenheid, vertrouwe, begrip en opregte belangstelling in mekaar gebaseer, terwyl hulle ook hul gevoelens en denke met mekaar deel (Thom, Louw, Van Ede & Ferns, 1998:454). Adolessente sal byvoorbeeld veel eerder fisiese toenadering en seksualiteit met hul vriende bespreek as met hul ouers. Nabye vriendskappe hou die voordeel in dat dit die adolessent help om stres te hanteer, eensaamheid aan te spreek terwyl kommunikasie tussen vriende die geleentheid om mekaar beter te leer ken, voorsien.

Konformiteit as gevolg van portuurgroepdruk kom meer voor gedurende adolessensie as tydens vroeë kinderjare, wat nie verrassend is as daar in ag geneem word hoe baie tyd adolessente saam spandeer nie (Blerk, 2000:612). Portuurgroepdruk is nie altyd negatief nie en kan ook negatiewe anti-sosiale gedrag teëstaan. Adolessente is egter meer geneig as jonger kinders of volwassenes om in te gee onder portuurgroepdruk, weens hul groot kommer oor wat vriende van hul dink. Thom (1990:441) stel die volgende negatiewe invloede wat lidmaatskap van 'n groep op die adolessent kan hê, naamlik:

- Wanneer die adolessent gespot of verwerp word, kan sy angs toon in soortgelyke situasies, byvoorbeeld in die aanknoop van 'n heteroseksuele verhouding,
- Onder groepsdruk kan die adolessent betrokke raak in antisosiale gedrag,
- Snobisme teenoor ander wat nie aan die groep behoort nie,
- Konflik met ouers oor die portuurgroep of vriende,
- Die portuurgroep kan waardes beklemtoon wat nie vir die volwasse lewe geld nie.

Interaksie en konformering met die portuurgroep kan volgens Thom (1990:440) ook die volgende positiewe invloede hê, naamlik:

- Die adolessent kry binne die portuurgroep geleentheid om nuwe rolle aan te leer en daarmee te eksperimenteer,
- Geleentheid vir hegte vriendskappe en kommunikasie met beide geslagte,
- Bron van seksvoorligting,
- Ontwikkel groepsidentiteit,
- Dra by tot die adolessent se formulering van haar identiteit.

Portuurgroepe speel dus 'n baie belangrike rol ten opsigte van sosialisering en is 'n bron van inligting vir die adolessent. Baie ouers druk egter ook hulle kommer uit indien die adolessent die “verkeerde” vriende het volgens hulle, want die adolessent is beïnvloedbaar deur die portuurgroep. Volgens Oregon Judicial Department (2003) het adolessente behoefte aan redelike, regverdig en ferm riglyne asook dat hulle ouers

begrip moet toon en buigbaar moet wees ten opsigte van tyd wat hulle saam met hulle vriende spandeer.

#### **2.4.6.3 Kulturele aspekte ten opsigte van adolessente se konflikoplossingstrategieë**

Navorsingsresultate van De Kock (1995:28) het bevind dat verskillende taalgroepe verskillend klem plaas op verskeie konflikoplossingstrategieë. Xhosa-sprekende adolessente se voorkeur was “vermyding”, “integrasie”, “samerwerking” en “skikking”. Engelse adolessente het ‘n voorkeur vir “vermyding” en “welwillendheid” getoon, waar Afrikaanssprekende adolessente ‘n voorkeur vir “integrasie” en “welwillendheid” getoon het. ‘n Moontlike verklaring hiervoor kan die verskille in opvoedingspraktyke van die drie groepe wees of die invloed van verskillende lewensomstandighede of sosio-ekonomiese status.

Volgens De Kock (1995:29) dui die navorsingsbevindinge daarop dat die wit Afrikaanse en wit Engelse adolessente se voorkeur vir konflikoplossing redelik ooreenstem. Die Kleurling adolessent se voorkeur kan volgens De Kock (1995:29) by die laasgenoemde twee inpas, maar die Xhosa groep blyk ‘n meer unieke benadering tot konflikhantering te hê. Dit is volgens die navorser belangrik dat hierdie kulturele diversiteit ten opsigte van konflikhantering in gedagte gehou moet word wanneer ‘n spelterapeutiese program vir die adolessent wat seksueel misbruik is, ontwikkel word.

Sommige konflikstrategieë kan meer bruikbaar wees as ander, afhangende van die sosiale en lewensomstandighede en hanteringsopsies. Die Xhosa-adolessent kom potensieel van ‘n gevaarlike of hoë risiko omgewing. ‘n Bekende Xhosa gesegde is: “Die een wat bang is, se familie lag; die een wat braaf is, se familie huil”, kan dus meer toepasbaar wees in so ‘n area ten opsigte van die keuse van ‘n konflikoplossingstrategie (De Kock, 1995:29). Die Xhosa-woord vir “vrede” beteken letterlik “om stil te bly”. Dit werp dus lig op die Xhosa-adolessent se voorkeur vir die “vermydingstrategie”.

## 2.5 Ontwikkelingstake van die adolessent

Die ontwikkelingstake van adolessente is veeleisend genoeg op hul eie; plaas dus die eise van 'n komplekse samelewing by, en dis geen wonder waarom dit oorweldigend raak vir adolessente nie (Carrell, 2000:7). Ontwikkelingstake van die adolessent kan as volg opgesom word, naamlik:

- Aanvaarding van 'n veranderde fisiese voorkoms. Aanvaarding en gebruik van die eie liggaam insluitende begrip vir puberteitsveranderinge, versorging van die liggaam en aanvaarding van fisiese voorkoms,
- Die ontwikkeling van kognitiewe vaardighede en die insameling van kennis,
- Identiteitsvorming en ontwikkeling van 'n lewensfilosofie.
- Die verwerkliking van nuwe en meer volwasse verhoudinge met persone van beide geslagte, en vervullings van 'n manlike of vroulike sosiale rol,
- Die aanvaarding en aanpassing by sekere groepe,
- Aanleer van sosiale vaardighede, byvoorbeeld om 'n aanvaarbare lid van 'n groep te word, aanknoop en handhawing van vriendskappe, hantering van sosiale situasies, ervaring van liefdesverhoudinge, besluitneming en konflikhantering,
- Vestiging van emosionele onafhanklikheid van ouers en ander volwassenes,
- Ontwikkeling van 'n sterk emosionele band met 'n ander persoon, voorbereiding vir huweliks- en gesinslewe asook vir 'n loopbaan en finansiële selfstandigheid,
- Strewe na en verwerkliking van sosiaal verantwoordelike gedrag,
- Die ontwikkeling van morele konsepte en waardes wat kan dien as riglyne vir gedrag,
- Ontwikkeling van 'n waardesistiem gebaseer op 'n realistiese en wetenskaplike wêreldsiening,

(Vergelyk Louw, Louw & Schoeman, 1993:568; Gil, 1996:29-47.)

## 2.6 Samevatting

Ontwikkeling kan gedefinieer word as die sistematiese veranderinge en deurlopendheid in die individu wat voorkom tussen geboorte en die dood. Die ouderdom waarop

adolessensie 'n aanvang neem varieer van 11 tot 13 jarige ouderdom en eindig tussen 17 en 21 jarige ouderdom. Die navorser het in hierdie hoofstuk ontwikkelingsteorieë bespreek en het spesifiek verwys na die adolessent se liggaamlike en fisiologiese ontwikkeling, seksuele ontwikkeling, morele ontwikkeling, kognitiewe ontwikkeling, sosiale ontwikkeling en identiteitsvorming. 'n In diepte kennis van ontwikkelingsteorieë is noodsaaklik vir daardie persone wat dienste aan adolessente lewer.

Puberteitsveranderinge vind plaas tydens die eerste aantal jare van die adolessente stadium wat gekenmerk word deur uiterlike en liggaamlike veranderinge en inwendige fisiologiese veranderinge. Veranderinge in die adolessent se kognitiewe vermoëns lei na selfondersoek en 'n identiteitsoektog by die adolessent. Adolessente oorweeg meer moontlikhede in probleemoplossing as jonger kinders en dink logies en buigbaar. 'n Belangrike ontwikkelingstaak van adolessente is om hul seksuele behoeftes op 'n sosiaal aanvaarbare manier uit te leef sodat dit positief bydra tot hul identiteitsontwikkeling. Alhoewel meer openlikheid ten opsigte van seksualiteit huidig bestaan, vind adolessente dit steeds moeilik om keuses te maak ten opsigte van seksuele gedrag, weens die teenstrydige boodskappe van die verskeie bronne. Morele ontwikkeling word in gevaar gestel deur kinders se ervaring van seksuele misbruik, want sake soos geregtigheid, reg en verkeerd, en regverdigheid word duidelik geskik.

Die hoogste graad van identiteitsontwikkeling kom voor tydens adolessensie, weens die baie fisiese, kognitiewe, seksuele, sosiale en morele veranderinge. Sosialisering van die adolessent word hoofsaaklik beïnvloed deur die familie, portuurgroep, skool, gemeenskap, media, groter sosiale sisteme en kulturele gelowe. Vir die adolessent om te identifiseer met die portuurgroep, is sentraal tot die ontwikkeling van die adolessent se selfbeeld en sosiale vaardighede.

Adolessente van verskillende kulture kan verskille toon in terme van etnisiteit, geslag, ekonomiese voordele en nadele, fisiese en kognitiewe vermoëns, ouderdom, familiestrukture, opvoedingsgeleentheid, seksuele voorkeure, plek van woning (stedelik of plattelands), en blootstelling aan internasionale media. Al hierdie faktore beïnvloed



die adolessent se lewe, waardes en verwagtinge vir die toekoms. Nasionale demografieë, die preporsie van die populasie wat adolessente uitmaak en die publieke beleid kan ook die lewe van adolessente affekteer. Kulturele veranderinge soos industrialisasie en modernisering het ook belangrike gevolge vir adolessente, beide omdat die adolessent die eerste kan wees wat die verandering in die gesig staar en omdat hul suksesvolle intrede in volwassenheid vereis dat hul aanpas by veranderende kondisies.

Kultuur verskil ten opsigte van wat adolessente die meeste waardeer van die vinnige veranderinge wat plaasvind tydens adolessensie. Formeel-operasionele denke word hoog waardeer in Westerse kulture en individue word aangemoedig om hierdie tipe denke te bereik. Baie persone in die swart gemeenskappe se gebruik van metafore en analogie, wanneer probleemoplossing aangedui word, is op 'n hoë vlak van abstraksie, al presteer hul nie so goed in formeel-operasionele denke nie. Seksuele houdings en gedrag word aangeleer, daarom sal kulturele verskille voorkom. Faktore soos verwestering en verstedeliking, en die afname in ouerlike beheer en supervisie het veroorsaak dat tradisionele Afrika praktyke verdwyn. Tradisionele praktyke in sommige Xhosa gemeenskappe verdwyn en verwestering kom voor.

Die sosio-ekonomiese klas en intelligensie beïnvloed die vlak van morele oordeel wat die individu bereik en die ouderdom waarop sy dit bereik. Die vorming van 'n identiteit blyk 'n universele vereiste van adolessensie te wees, alhoewel die spesifieke maniere waarop 'n identiteit gevestig word, van kultuur tot kultuur sal verskil. Konflikoplossingstrategieë van adolessente van verskillende kulturele agtergronde verskil en moet in ag geneem word tydens die ontwikkeling van 'n speltherapieprogram vir die adolessent wat seksueel misbruik is.

Noudat normale adolessente-ontwikkeling bespreek is, sal daar in hoofstuk drie gefokus word op die impak van seksuele misbruik op die adolessent se kognitiewe, emosionele, fisiese, sosiale, perseptuele en seksuele ontwikkeling.